

**REGULASIES 2004****Nr. R.****2004**

(Engelse teks deur die Minister geteken.)

**WET OP BEHEER VAN VUURWAPENS, 2000****Regulasies vir die Beheer van Vuurwapens**

Die Minister van Veiligheid en Sekuriteit het kragtens artikel 145 van die Wet op Beheer van Vuurwapens, 2000 (Wet No. 60 van 2000) gelees met die bepalings van artikel 14 van die Interpretasiewet, 1957 (Wet No. 33 van 1957), die regulasies in die Bylae gemaak.

**BYLAE****Regulasies vir die Beheer van Vuurwapens, 2004****Rangskikking van die regulasies**

**Hoofstuk 1**  
**Inleidende bepalings**

1. Definisies

**Hoofstuk 2**  
**Akkreditasie**

2. Algemene voorwaardes wat verband hou met akkreditasie
3. Akkreditasie van 'n openbare versamelaar of museum
4. Akkreditasie van jagvereniging of sportskietorganisasie
5. Akkreditasie van versamelaarsvereniging
6. Akkreditasie van skietbane
7. Akkreditasie om opleiding te voorsien vir die gebruik van vuurwapens
8. Akkreditasie om vuurwapens te voorsien vir gebruik in teater-, film of televisieproduksies
9. Akkreditasie van 'n wildboer
10. Akkreditasie om besigheid met betrekking tot jag te bedryf
11. Akkreditasie vir ander besigheidsdoeleindes soos bepaal deur die Registrateur
12. Akkreditering as Amptelike Instelling

**Hoofstuk 3**

**Algemene bepalings met betrekking tot 'n aansoek om bevoegdheidsertifikaat, verdere bevoegdheidsertifikaat, lisensie, permit, tydelike magtiging, duplikaat en hernuwing**

13. Algemene voorwaardes met betrekking tot aansoeke wat vereis word kragtens die Wet
14. Spesifieke voorwaardes met betrekking het op bevoegdheidsertifikate

## **Hoofstuk 4**

### **Lisensie om 'n vuurwapen te besit**

15. Verbode vuurwapens en toestelle wat gelisensieer kan word in 'n privaatversameling
16. Veiligheidsmaatreëls vir die vertoon van vuurwapens in 'n privaatversameling
17. Voorwaardes vir die besit van ammunisie in 'n privaatversameling
18. Veiligheidsmaatreëls vir die vertoon van ammunisie in 'n privaatversameling
19. Verbode vuurwapens en toestelle wat gelisensieer kan word in 'n openbare versameling
20. Veiligheidsmaatreëls vir die vertoon van vuurwapens in 'n openbare versameling
21. Voorwaardes vir die verskaffing van 'n vuurwapen vir gebruik deur 'n ander persoon ten aansien van 'n lisensie om 'n vuurwapen te besit vir besigheidsdoeleindes
22. Registers vir die houer van 'n lisensie vir besigheidsdoeleindes
23. Aansoek om 'n tydelike magtiging om 'n vuurwapen te besit
24. Voorwaardes van toepassing op 'n tydelike magtiging om 'n vuurwapen te besit
25. Rekords ten opsigte van tydelike magtiging om 'n vuurwapen te besit
26. Jaarlikse verslag wat by die Minister ingedien moet word
27. Voorwaardes vir die gebruik van 'n vuurwapen wat besit word kragtens artikel 21 van die Wet
28. Uitkenningstekens op vuurwapens
29. Die sentrale vuurwapendatabasis

## **Hoofstuk 5**

### **Lisensies wat uitgereik word aan besondere kategorieë persone**

#### **Deel 1**

#### **Algemene voorwaardes**

30. Addisionele besonderhede wat verskaf moet word met 'n aansoek om 'n lisensie vir 'n handelaar, vervaardigers- en wapensmid

#### **Deel 2**

#### **Handelaars**

31. Voorwaardes ten opsigte van 'n handelaarslisensie
32. Inligting op 'n handelaarslisensie
33. Aansoek om tydelike magtiging om handel te dryf in vuurwapens en ammunisie op persele buiten daardie persele wat gespesifiseer word in 'n handelaar se lisensie
34. Voorwaardes van toepassing op tydelike magtiging om handel te dryf in vuurwapens en ammunisie op persele buiten die persele wat gespesifiseer word in 'n handelaar se lisensie
35. Rekord van voorgeskrewe inligting ten opsigte van tydelike magtiging wat verband hou met handelaars
36. Aansoek van 'n handelaar om van perseel te verander
37. Registers ten opsigte van 'n handelaar
38. Wyse waarop 'n werkstasie ingestel, in stand gehou en gekoppel moet word aan die sentrale handelaarsdatabasis
39. Weeklikse opgawes
40. Vestiging van 'n gesentraliseerde handelaarsdatabasis

#### **Deel 3**

#### **Vervaardigers**

41. Voorwaardes van toepassing op 'n vervaardigerslisensie
42. Inligting op 'n vervaardigerslisensie
43. Aansoeke ten opsigte van tydelike magtiging om vuurwapens en ammunisie te veretoon op 'n perseel buiten die perseel wat gespesifiseer word in die vervaardiger se lisensie

44. Voorwaardes van toepassing op tydelike magtiging om vuurwapens en ammunisie te vertoon op 'n perseel buiten die perseel wat gespesifiseer word in die vervaardiger se lisensie
45. Rekord van voorgeskrewe inligting ten opsigte van tydelike magtiging wat verband jou met 'n vervaardiger se lisensie
46. Aansoek van 'n vervaardiger om van perseel te verander
47. Registers ten opsigte van 'n vervaardiger
48. Wyse waarop 'n werkstasie ingestel, in stand gehou en gekoppel moet word aan die sentrale vervaardigersdatabasis
49. Vestiging van 'n gesentraliseerde vervaardigersdatabasis

#### **Deel 4 Wapensmede**

50. Ander werk wat gedoen mag word deur 'n wapensmid
51. Voorwaardes met betrekking tot die uitreik van 'n wapensmidlisensie
52. Inligting oor die wapensmidlisensie
53. Aansoeke met betrekking tot tydelike magtiging om besigheid te bedryf as 'n wapensmid op 'n perseel buiten die perseel wat aangedui word in die wapensmid se lisensie
54. Voorwaardes met betrekking tot tydelike magtiging om besigheid te bedryf as 'n wapensmid op 'n perseel buiten die perseel wat aangedui word in die wapensmid se lisensie
55. Rekord van voorgeskrewe inligting met betrekking tot tydelike magtiging ten opsigte van 'n wapensmid
56. Aansoeke om verandering van perseel
57. Register ten opsigte van wapensmede
58. Wyse waarop 'n werkstasie ingestel, in stand gehou gekoppel moet word aan die sentrale wapensmiddatabasis
59. Weeklikse opgawes
60. Vestiging van gesentraliseerde wapensmiddatabasis

#### **Hoofstuk 6 Invoer, uitvoer en vervoer in-transito van vuurwapens en ammunisie**

61. Aansoeke met betrekking tot 'n deurgangsperrmit
62. Voorwaardes met betrekking tot 'n aansoek om 'n invoer- of uitvoerpermit
63. Voorwaardes met betrekking tot deurgangsperrmitte
64. Inligting ten opsigte van invoer-, uitvoer- en deurgangsperrmitte
65. Vestiging van sentrale invoerders- en uitvoerdersdatabasis
66. Uitbreiding, hernuwing en vervanging van invoer-, uitvoer of deurgangsperrmitte

#### **Hoofstuk 7 Berging, vervoer en dra van vuurwapens en ammunisie**

##### **Deel 1 Berging**

67. Berging van vuurwapens en ammunisie

##### **Deel 2 Vuurwapenkarweierspermit**

68. Verpakking van vuurwapens en ammunisie tydens vervoer
69. Aansoek vir 'n vuurwapenkarweierspermit
70. Voorwaardes vir 'n vuurwapenkarweierspermit
71. Duplikaat vuurwapenkarweierspermit
72. Kansellasie van 'n vuurwapenkarweierspermit
73. Rekord van voorgeskrewe inligting met betrekking tot vuurwapenkarweierspermit

## **Hoofstuk 8 Beheer van ammunisie en vuurwapenonderdele**

- 74. Aansoek om magtiging vir besit van meer as 2 400 slagdoppe en besit van meer as 200 patrone
- 75. Register van vuurwapenonderdele

## **Hoofstuk 9 Amptelike Instellings**

- 76. Voorwaardes vir die verkryging, gebruik, veilige bewaring en beskikking van vuurwapens deur 'n geakkrediteerde Amptelike Instelling
- 77. Inligting wat die permit uitgereik kragtens artikel 98 van die Wet moet bevat
- 78. Dra van handwapen in pistoolsak deur werknemer van Amptelike Instelling
- 79. Voorgeskrewe opleiding en toets van werknemer van Amptelike Instelling
- 80. Voorsiening van vuurwapenopleiding deur Amptelike Instellings
- 81. Registers wat deur die Amptelike Instelling gehou moet word
- 82. Besonderhede wat in die register opgeneem moet word
- 83. Uitkenningstekens vir vuurwapens onder beheer van Amptelike Instelling
- 84. Instelling van sentrale Amptelike Instellingsdatabasis vir vuurwapens
- 85. Instel en instandhouding van 'n Amptelike Instelling se werkstasie

## **Hoofstuk 10 Veilige bewaring van vuurwapens en ammunisie**

- 86. Kluipe en veilige bewaring

## **Hoofstuk 11 Organisatoriese strukture**

### **Deel 1 Die Sentrale Vuurwapenregister**

- 87. Inligting wat opgeneem moet wees in die sentrale databasis
- 88. Ander dokumente en inligting wat vervat moet wees in die sentrale databasis

### **Deel 2 Administratiewe geregtigheid en appèl**

- 89. Administratiewe geregtigheid
- 90. Appèlraad
- 91. Appèlprosedure

## **Hoofstuk 12 Algemene voorwaardes**

- 92. Aansoek om vergoeding
- 93. Beskikking van vuurwapens of ammunisie wat oorhandig is in ooreenstemming met amnestie
- 94. Oorhandiging van vuurwapens en ammunisie
- 95. Voorlegging en afvuur van vuurwapens of ammunisie vir identifikasiedoeleindes
- 96. Betaling van bedrae wat gehef word
- 97. Betaling van administratiewe boetes
- 98. Afgee en beskikking van bevoegdheidsertifikaat, lisensie, permit of magtiging
- 99. Uitstel van lisensie, permit of magtigings in geval van diefstal of verlies van vuurwapen
- 100. Verandering van adres
- 101. Toerusting en materiaal wat ontwerp is vir die laai van ammunisie
- 102. Beskikking van vuurwapens in geval van staking van bedryf van besigheid
- 103. Beskikking van vuurwapens in insolvente of bestorwe boedel

- 104. Vernietiging van vuurwapens
- 105. Deaktivering van vuurwapens
- 106. Beveiliging van vuurwapens
- 107. Verandering van omstandighede
- 108. Regstel van inligting
- 109. Vuurwapenvrysones
- 110. Oortredings en boetes
- 111. Kwitansies
- 112. Amptelike adres
- 113. Herroep van regulasies
- 114. Titel en aanvang

## **Hoofstuk 1 Inleidende bepalings**

### **Definisies**

1. In die regulasies het enige woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis toegeskryf is in die Wet daardie betekenis en tensy die konteks anders aandui het die volgende woorde en uitdrukkings die betekenis wat hieronder daaraan toegeskryf word -
  - (i) **"aansoeker"** sluit in 'n natuurlike persoon of regspersoon wat deur middel van sy verantwoordelike persoon optree;
  - (ii) **"betrokke Aangewese Vuurwapenbeampte"** beteken die Aangewese Vuurwapenbeampte verantwoordelik vir die gebied waar die aansoeker gewoonlik woon en indien 'n aansoek kragtens die regulasies verband hou met 'n besigheid van die aansoeker, die Aangewese Vuurwapenbeampte verantwoordelik vir die gebied waar die onderneming geleë is of geleë sal wees, na gelang van die geval;
  - (iii) **"geakkrediteerde skietbaan"** beteken 'n skietbaan of tunnel wat voldoen aan die toepaslike spesifikasie gestel kragtens die Wet op Standaarde, 1993 (Wet No. 29 van 1993);
  - (iv) **"hoof vuurwapenkomponent"** beteken die loop, raam, romp, glystuk, knip of sluitstuk van 'n vuurwapen;
  - (v) **"in-transito"** beteken die vervoer deur die Republiek van Suid-Afrika na 'n ander land van vuurwapens of ammunisie wat ingevoer is;
  - (vi) **"invoer"** met betrekking tot vuurwapens of ammunisie beteken om dit van buite die Republiek van Suid-Afrika na die Republiek van Suid-Afrika te bring of te laat bring en ook die inbring daarvan in die Republiek van Suid-Afrika by 'n hawe of lughawe of ander plek aan boord van 'n vaartuig of vliegtuig of ander voermiddel, ongeag of al dan nie die vuurwapens en ammunisie vir vervoer deur die Republiek van Suid-Afrika na 'n plek buite die Republiek van Suid-Afrika of vir 'n ander doel van die vaartuig of vliegtuig of ander vervoermiddel afgelaai is of bestem is om aldus afgelaai te word; en het **"invoer"**, wanneer dit as werkwoord gebruik word, 'n ooreenstemmende betekenis;
  - (vii) **"jagondernemer"** beteken 'n persoon wat die jag van wild teen vergoeding aanbied of organiseer en wat as sodanig gelisensieer is kragtens toepaslike provinsiale wetgewing;
  - (viii) **"nie gelaai nie"** beteken dat geen dryfmiddel, projektiel of patroon wat uit die vuurwapen gevuur kan word vervat is in die sluitstuk of vuurkamer van die vuurwapen nie, ook nie in die magasyn of silinder wat aan die vuurwapen geheg of ingeskuif is nie;

- (ix) **“om besigheid met betrekking tot jag te bedryf”** beteken ’n gelisensieerde professionele jagter wat ’n kliënt teen vergoeding vergesel om die kliënt in staat te stel om wilde diere te jag, of ’n gelisensieerde jagondernemer wat vir kliënte die jag van wilde diere aanbied of organiseer;
- (x) **“onmiddellik”** beteken teen die einde van die volgende gewone besigheidsdag;
- (xi) **“openbare versameling”** beteken ’n versameling vuurwapens of ammunisie wat bedoel is vir publieke uitstalling;
- (xii) **“persoon van goeie naam”** beteken ’n persoon wat -
  - (a) aanvaarbaar is of bly vir ’n geakkrediteerde jagvereniging, sportskiet organisasie of versamelaarsvereniging as ’n toegewyde lid of versamelaar, na gelang van die geval;
  - (b) daadwerklik voldoen aan die bedoeling van die Wet ten opsigte van sy of haar status as toegewyde jagter of toegewyde sportpersoon, of versamelaar, na gelang van die geval; en
  - (c) nie onbevoeg is om ’n vuurwapen te besit kragtens die bepalings van die Wet nie;
- (xiii) **“polisiestasie”** sluit in die kantore van ’n Aangewese Vuurwapenbeampte en ’n regeringskantoor wat aangewys is deur die Registrateur, waar ’n funksie kragtens die Wet, soos gespesifiseer deur die Registrateur, uitgeoefen kan word;
- (xiv) **“professionele jagter”** beteken ’n persoon wat aanbied of instem om enige ander persoon teen vergoeding te vergesel om wild te jag en wat as sodanig gelisensieer is kragtens toepaslike provinsiale wetgewing;
- (xv) **“rekord”** beteken inligting wat aangeteken is ongeag die vorm of medium;
- (xvi) **“SABS”** beteken die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde bedoel in artikel 2(1) van die Wet op Standaarde, 1993 (Wet No. 29 van 1993);
- (xvii) **“Staat”** beteken ’n staatsorgaan soos dit omskryf word in artikel 239 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996);
- (xviii) **“toegewyde prosedure”** beteken optrede of prosedure wat gerig is daarop om voldoening aan die Wet te bewerkstellig;
- (xix) **“veelvuldige in- en uitvoerpermit”** beteken ’n invoer- en uitvoerpermit wat die veelvuldige invoer- en uitvoer van ’n spesifieke vuurwapen of ammunisie vir ’n spesifieke tydperk goedkeur;
- (xx) **“veilige sluittoestel”** beteken ’n toestel wat net geopen of ontsluit kan word deur middel van ’n elektroniese, magnetiese of meganiese sleutel, of deur die stel van die toestel in ooreenstemming met ’n alfabetiese of numeriese kombinasie, wat wanneer dit aan ’n vuurwapen gekoppel word, verhoed dat die vuurwapen van ’n vaste struktuur verwyder kan word;
- (xxi) **“vuurwapenkarweier”** beteken ’n persoon wat bedoel word in artikel 86 van die Wet;
- (xxii) **“die Wet”** beteken die Wet op Beheer van Vuurwapens, 2000 (Wet No. 60 van 2000);

- (xxiii) **“wildboerdery”** beteken grootskaalse boerderybedrywighede wat die teel van wild en bedryf van wild behels op ’n wildplaas vir die doel om die wild teen betaling van ’n bedrag te jag of te oes vir vleis, karkasse, velle of as trofeë; en
- (xxiv) **“wildplaas”** beteken ’n omvangryke plaas wat op sodanige wyse omhein is -
- (a) dat wild op grond buite die omheining nie geredelik toegang kan kry tot die grond wat omhein is nie;
  - (b) dat wild nie geredelik kan ontsnap van die omheinde grond nie; en
  - (c) dat kuddes wild gehou of geteel word vir die doel van wildboerdery.

## **Hoofstuk 2 Akkreditasie**

### **Algemene voorwaardes wat verband hou met akkreditasie**

2. (1) ’n Aansoeker wat akkreditasie nodig het vir ’n doel wat voorsien word in die Wet, moet by die Registrateur aansoek doen om sodanige akkreditering.
- (2) ’n Aansoeker waarna verwys word in subregulasie (1) moet die behoorlik ingevulde betrokke aansoekvorm wat voorgeskryf word in Aanhangsel “A” by die betrokke Aangewese Vuurwapenbeamppte indien, tesame met enige ondersteunende dokumente wat vereis word.
- (3) Die aansoeker moet die aansoekvorm persoonlik invul met ’n pen met swart ink, of in geval van ’n regspersoon, moet die vorm met swart ink ingevul word deur die persoon wat bedoel word in artikel 7(1) van die Wet en sodanige persoon moet skriftelik genomineer word deur die regspersoon om namens die regspersoon op te tree.
- (4) Indien die aansoeker ’n regspersoon is, kan die Registrateur van die aansoeker vereis om inligting te verskaf oor enige aspek wat op die vorm voorgeskryf word ook ten opsigte van enige persoon in beheer van die regspersoon of persoon verantwoordelik vir die bestuur daarvan.
- (5) Die inligting wat die Registrateur kan aanvra kragtens subregulasie (4), moet persoonlik verskaf word deur die betrokke persoon, op die vorm wat die Registrateur vereis.
- (6) Waar die Registrateur dit vereis, moet ’n aansoeker waarna verwys word in subregulasie (1) as dit ’n natuurlike persoon is ’n stel vingerafdrukke en gesertifiseerde afskrif van die aansoeker se identiteitsdokument indien, of in geval van ’n regspersoon, van die verantwoordelike persoon en enige persoon in beheer daarvan of verantwoordelik vir die bestuur daarvan.
- (7) Wanneer besluit word of ’n aansoeker in aanmerking kom vir akkreditasie kragtens die Wet, moet die Registrateur enige relevante faktor wat betrekking het op die aansoeker in ag neem waar die aansoeker ’n natuurlike persoon is en in geval van ’n regspersoon, die verantwoordelike persoon en elke persoon in beheer van of verantwoordelik vir die bestuur van die regspersoon met betrekking tot -
  - (a) betroubaarheid en integriteit;
  - (b) geskiktheid om die toepaslike werksaamhede ingevolge die Wet uit te voer;

- (c) bekwaamheid om die doel van die akkreditering te dien;
  - (d) bekwaamheid om die doelstellings van die Wet te bevorder, soos daarna verwys word in artikel 2 van die Wet; en
  - (e) 'n skriftelike verslag wat voorberei is deur die betrokke Aangewese Vuurwapenbeampte, asook enige skriftelike voorleggings van die aansoeker op die verslag.
- (8) Wanneer besluit word of 'n aansoeker voldoen aan die kriteria wat genoem word in subregulasie (7), kan die Registrateur waar van toepassing, die volgende in ag neem -
- (a) die aansoeker se infrastruktuur;
  - (b) enige betrokke kwalifikasies van die aansoeker of sy of haar werknemers;
  - (c) hoe lank die aansoeker bestaan of funksioneer;
  - (d) die aansoeker se belangrikste doel, asook die aansoeker se belang en ervaring in die toepaslike veld waarvoor akkreditasie aansoek gedoen word;
  - (e) die aansoeker se gedragskode of etiese kode en enige dissiplinêre kode of maatreëls wat van toepassing is op die aansoeker se lede of werknemers;
  - (f) die aansoeker se grondwet;
  - (g) die getal opbetaalde lede en die aansoeker se vereistes vir lidmaatskap, volgehoue lidmaatskap of hoe lidmaatskap verbeur kan word;
  - (h) enige organisatoriese affiliasie van die aansoeker;
  - (i) die aansoeker se intensie om te voldoen aan die doel van die akkreditasie;
  - (j) enige belang of botsing van belange wat die aansoeker ongeskik sou maak vir akkreditasie;
  - (k) die aansoeker se bedoeling om die doelwitte van die Wet, waarna verwys word in artikel 2 van die Wet, te bevorder;
  - (l) die streek wat gedek word deur die aansoeker se bedrywighede of funksies;
  - (m) enige ander feit wat na die Registrateur se mening verband hou met die bepaling van die aansoeker se geskiktheid vir akkreditasie;
  - (n) skriftelike voorleggings van enige ander persoon om die aansoek te steun.
- (9) Die Registrateur kan 'n aansoek om akkreditasie afkeur indien inligting tot sy of haar beskikking toon dat die aansoeker nie kwalifiseer vir akkreditasie nie, of waar die verantwoordelike persoon of die persoon waarna verwys word in subregulasie (4) wat die organisasie beheer of bestuur gediskwalifiseer kan word om 'n bevoegdheidsertifikaat te ontvang kragtens artikel 9(2)(a), (c) tot (p) van die Wet.



- (10) Die Registrateur moet die inligting wat vereis word op die vorms wat voorgeskryf word in Aanhangel "A" aanteken in die Sentrale Vuurwapenregister waarna verwys word in artikel 125(1)(g) van die Wet.
- (11) Die Registrateur kan net 'n akkreditasie kanselleer kragtens artikel 8(3) van die Wet as die Registrateur die prosedure, wat gelees moet word in samehang met die nodige veranderinge daartoe, wat uiteengesit word in artikel 102(2) tot (4) van die Wet, volg.
- (12) (a) 'n Aansoeker wat geakkrediteer is kragtens die Wet, moet jaarliks, voor 31 Desember van daardie jaar en jaarliks daarna 'n skriftelike verslag indien by die Registrateur oor elke persoon wat -
- (i) 'n bevoegdheidsertifikaat, lisensie, permit of magtiging wat kragtens die Wet uitgereik is hou;
  - (ii) 'n lid is van of in diens is van die onderneming van die geakkrediteerde persoon of regspersoon, na gelang van die geval; en
  - (iii) onderhewig was aan dissiplinêre stappe wat verband hou met 'n oortreding van of versuim om te voldoen aan 'n bepaling van die Wet of enige ander voorwaarde wat gespesifiseer word op die lisensie wat uitgereik is aan die aansoeker kragtens die Wet, of gedrag wat bedoel word in artikel 102(1), artikel 103(1) van 103(2) van die Wet.
- (b) Die verslag moet die volle name en identiteitsnommer van die betrokke persoon, besonderhede van die bevoegdheidsertifikaat, lisensie, permit of magtiging, asook van die dissiplinêre oortreding en die uitslag van die dissiplinêre optrede vermeld.
- (13) (a) 'n Regspersoon wat geakkrediteer word vir die doel wat beoog word in die Wet, moet die Registrateur skriftelik binne 30 dae in kennis stel indien daar enige verandering plaasvind van enige persoon in beheer van of verantwoordelik vir die bestuur van die regspersoon.
- (b) Die Registrateur kan met ontvangs van die kennisgewing waarna verwys word in paragraaf (a) versoek dat enige besonderhede waarna verwys word in subregulasie (4) met betrekking tot 'n persoon wat beheer oorneem of verantwoordelik is vir die bestuur van die regspersoon, soos verwys word in paragraaf (a) ingedien moet word.
- (c) Niks in die regulasie mag beskou word asof dit die Registrateur die mag of gesag van enige aard gee om die bestuur of beheer van sodanige regspersoon deur enige spesifieke persoon te bepaal nie: Maar, indien die regspersoon 'n persoon aanstel in beheer van of verantwoordelik vir die bestuur daarvan en die aanstelling sou tot gevolg hê dat daar nie meer voldoen word aan die kriteria wat genoem word in subregulasie (7) nie, kan die Registrateur die prosedures wat voorgeskryf word in regulasie 2(11) instel.

### **Akkreditasie van 'n openbare versamelaar of museum**

3. (1) 'n Persoon wat aansoek doen om akkreditasie as openbare versamelaar of museum moet, bo en behalwe die betrokke inligting wat vereis word in regulasie 2, die volgende indien -
- (a) 'n beskrywing van die uitstallingsmeganismes wat gebruik sal word om die vuurwapens te vertoon;

- (b) aanvaarbare dokumentêre bewys dat die uitstalling in 'n geakkrediteerde museum sal wees;
  - (c) 'n beskrywing en spesifikasies van die sekuriteitsmaatreëls wat verband hou met die bewaring, vervoer en veilige bewaring van die vuurwapens wat vertoon sal word;
  - (d) 'n beskrywing van die toegangsbeheer tot die museum waar die vuurwapens vertoon sal word;
  - (e) 'n sertifikaat wat bevestig dat die museum oop is vir die publiek; en
  - (f) skriftelike bevestiging dat -
    - (i) geen vuurwapen of ammunisie verskaf of oorgedra sal word aan enige persoon wat nie 'n tydelike magtiging het kragtens artikel 21 van die Wet waarin besit van 'n vuurwapen toegelaat word, of 'n permit om die ammunisie te besit nie, na gelang van die geval;
    - (ii) die vuurwapen en ammunisie vertoon of bewaar sal word onder beheer van die aangestelde kurator van die museum of 'n persoon wat skriftelik deur die kurator daartoe gemagtig is;
    - (iii) die kurator van die museum of 'n persoon wat skriftelik deur die kurator daartoe gemagtig is sal verseker dat die fisiese toegang tot die vuurwapens en ammunisie, buiten dit waarvoor voorsiening gemaak word in subparagraaf (i) onder sy of haar persoonlike beheer sal wees en dat alle nodige stappe gedoen sal word om die verlies van vuurwapens en ammunisie te verhoed; en
    - (iv) die vuurwapen en ammunisie net gebruik sal word vir die uitstalling en/of bewaring deur die museum op die geregistreerde perseel van die museum.
- (2) 'n Openbare versamelaar of museum, insluitend 'n privaatmuseum wat aansoek doen om akkreditasie moet skriftelike bevestiging indien dat dit ondersoek en geakkrediteer is deur 'n nasionale of provinsiale museumraad in ooreenstemming met die toepaslike wetgewing en dat dit -
- (a) geadministreer word vir doelwitte wat insluit versameling, bewaring, navorsing, interpretasie, samestelling en vertoon aan die publiek om die publiek te onderrig en te laat deel in die genot van die voorwerpe en voorbeelde van opvoedkundige en kulturele waarde, met inbegrip van artistieke, wetenskaplike, historiese en tegnologiese materiaal;
  - (b) oop is vir die publiek of dat dit gereeld demonstrasies of uitstallings aanbied vir die publiek;
  - (c) 'n kurator het, wat 'n lid met 'n goeie naam is by 'n nasionale of provinsiale museumvereniging;
  - (d) voldoen aan provinsiale en munisipale of plaaslike regerings se vereistes ten opsigte van die gebruik van grond en soneringsregulasies; en
  - (e) veiligheidsreëls en veiligheidsregulasies nakom met betrekking tot die veilige bewaring en vertoon van vuurwapens wat voldoen aan die voorgeskrewe standaarde.

- (3) Die kurator moet 'n bygewerkte rekord hou van alle vuurwapens en ammunisie wat op die geregistreerde perseel van die museum gehou word.
- (4) Geen doelbewuste verandering in die omstandighede wat verband hou met die vertoon of bewaring van die betrokke vuurwapens kan plaasvind nie, tensy die vooraftoestemming van die Registrateur verkry is.

#### **Akkreditasie van jagvereniging of sportskietorganisasie**

4. (1) 'n Jagvereniging of sportskietorganisasie wat aansoek doen om akkreditering moet, bo en behalwe die betrokke inligting wat vereis word kragtens regulasie 2, tot bevrediging van die Registrateur bewys lewer dat –
- (a) ten opsigte van geregistreerde lede, sy stigtingsdokumente voorsiening maak vir 'n kategorie van toegewyde lede wat aansoek doen om 'n lisensie soos bedoel word in artikel 16 van die Wet;
  - (b) (i) in geval van 'n jagvereniging, die jagvereniging 'n gepaste opleidingskursus aanbied ten opsigte van toegewyde jagters wat voldoen aan die voorwaardes van die Wet op die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid, 1995 (Wet No. 58 van 1995) wat in samehang met die "Skills Development Act", 1998 (Wet No. 97 van 1998) gelees moet word en waarvan dit 'n voorvereiste is dat 'n lid van die jagvereniging dit suksesvol moet afhandel voordat die lid geregistreer kan word as toegewyde lid en toegewyde jagter van die jagvereniging; of
    - (ii) in geval van 'n sportskietorganisasie, die sportskietorganisasie net 'n persoon registreer as toegewyde lid en toegewyde sportpersoon van die sportskietorganisasie indien sodanige persoon 'n gepaste opleidingskursus, wat voldoen aan die voorwaardes van die Wet op die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid, 1995 (Wet No. 58 van 1995) wat in samehang met die "Skills Development Act", 1998 (Wet No. 97 van 1998) gelees moet word, suksesvol afgelê het;
  - (c) dit 'n toegewyde prosedure ingestel het om gereeld toegewyde lede te evalueer op grond van hul -
    - (i) opregtheid om 'n toegewyde jagter of sportpersoon te wees of bly, na gelang van die geval; en
    - (ii) toegewyde deelname aan hul toepaslike jag- of sportskietaktiwiteite, na gelang van die geval;
  - (d) dit rekord hou van die besonderhede van deelname van 'n toegewyde lid aan sy of haar jag- of sportskietaktiwiteite as toegewyde jagter of toegewyde sportpersoon, na gelang van die geval;
  - (e) dit ten opsigte van geregistreerde lede net toegewyde lidmaatskap van die vereniging of organisasie toelaat mits -
    - (i) die toegewyde lid 'n persoon van goeie naam is as toegewyde lid van die vereniging of organisasie, na gelang van die geval; en
    - (ii) 'n persoon in geval van 'n toegewyde jagter, nie geregistreer word as lid van die organisasie terwyl die lid besigheid met betrekking tot jag bedryf op grond van 'n toegewyde

jagterslisensie wat uitgereik is kragtens artikel 16 van die Wet nie.

- (f) dokumentêre bewys van lidmaatskap van die jagvereniging of sportsorganisasie tot 'n nasionale of internasionale vereniging of organisasie waaraan, tot die bevrediging van die Registrateur, dit as primêre bona fide oogmerk het die bevordering van verantwoordelike jag of sportskiet, na gelang van die geval.
- (2) (a) 'n Register wat bedoel word in artikel 16(4)(a) van die Wet moet die volgende inligting bevat -
- (i) die volle name, identiteitsnommer en woonadres van alle persone wat aansoek gedoen het om toegewyde lidmaatskap;
  - (ii) die motivering vir die aansoek deur die persoon wat aansoek doen om toegewyde lidmaatskap;
  - (iii) of toegewyde lidmaatskap toegestaan of geweier is en indien dit geweier is, die rede daarvoor; en
  - (iv) die toegewyde lidnommer en vervaldatum van die lidmaatskap.
- (b) 'n Geakkrediteerde organisasie of vereniging wat bedoel word in artikel 16(2) van die Wet moet bo en behalwe regulasie 2(12)(a) en (b) jaarliks voor die organisasie of vereniging se amptelike jaareinde, na gelang van die geval, 'n skriftelike verslag indien by die Registrateur, welke verslag besonderhede moet bevat van -
- (i) alle toegewyde lede wie se geregistreerde toegewyde lidmaatskap van sodanige geakkrediteerde organisasie of vereniging beëindig is; en
  - (ii) die redes vir die beëindiging van sodanige toegewyde lidmaatskap.

### **Akkreditasie van versamelaarsvereniging**

5. (1) 'n Versamelaarsvereniging wat aansoek doen om akkreditasie moet, bo en behalwe die inligting wat vereis word in regulasie 2, tot bevrediging van die Registrateur bewys lewer dat die vereniging -
- (a) 'n toegewyde prosedure in plek het om lede se opregtheid om 'n privaatversamelaars te wees na te gaan in 'n bepaalde kategorie met betrekking tot hulle belangstelling in en kennis van die historiese, tegnologiese, wetenskaplike, erfenis, opvoedkundige, kulturele en artistieke waarde of enige ander aspek wat na mening van die vereniging gepas sou wees volgens 'n bepaalde tema of belangstellingsveld en dat die betrokke dokumente wat betrekking het op sodanige evaluering op rekord gehou word deur die vereniging;
  - (b) net lidmaatskap van 'n persoon tot die vereniging toelaat solank die persoon van goeie naam is by die vereniging;
  - (c) 'n lid is van 'n nasionale of internasionale vereniging of organisasie waarvan die primêre, bona fide-doel is om die verantwoordelike versameling van vuurwapens of ammunisie, of albei, te bevorder;

- (d) in sy stigtingsdokumente voorsiening gemaak het vir 'n toegewyde prosedure waarvolgens lede geklassifiseer word in die volgende versamelaarskategorieë:
  - (i) Kategorie A - 'n kategorie waar die versamelaarsvereniging enige klas vuurwapens vir versamelingsdoeleindes goedkeur, soos voorsien in artikel 17(1)(a) van die Wet;
  - (ii) Kategorie B - 'n kategorie waar die versamelaarsvereniging net vuurwapens goedkeur vir versamelingsdoeleindes soos voorsien in artikel 17(1)(a) van die Wet, wat verbode vuurwapens waarna verwys word in artikel 4(1) van die Wet uitsluit;
  - (iii) Kategorie C - 'n kategorie waar die versamelaarsvereniging net vuurwapens goedkeur vir versamelingsdoeleindes soos voorsien word in artikel 17(1)(a) van die Wet, wat verbode vuurwapens waarna verwys word in artikel 4(1) en beperkte vuurwapens waarna verwys word in artikel 14(1) van die Wet uitsluit;
- (e) nie kragtens die toegewyde prosedures wat vereis word in subparagraaf (d) 'n privaatversamelaar indeel in 'n kategorie hoër as Kategorie C nie, tensy die privaatversamelaar kragtens die vorige Wet magtiging verkry het vir beperkte of verbode vuurwapens as deel van sy of haar versameling: Met dien verstande dat 'n privaatversamelaar wat voorheen sodanige magtiging verkry het in sodanige hoër kategorie ingedeel mag word as wat gepas mag wees kragtens die regulasie naamlik kategorie B indien die versamelaar beperkte vuurwapens het as deel van sy of haar versamelaar en Kategorie A indien die versamelaar verbode vuurwapens hou as deel van sy of haar versameling; en
- (f) net 'n privaatversamelaar in 'n hoër kategorie sal indeel volgens die streng vereistes van die toegewyde prosedure wat vereis word in paragraaf (d).
- (2) (a) 'n Geakkrediteerde versamelaarsvereniging wat bedoel word in artikel 17(2) van die Wet moet bo en behalwe regulasie 2(12)(a) en (b) jaarliks, voor die amptelike finansiële jaareinde van die vereniging 'n skriftelike verslag indien by die Registrateur, welke verslag besonderhede moet bevat van –
  - (i) alle toegewyde lede wie se geregistreerde lidmaatskap van sodanige geakkrediteerde versamelaarsvereniging beëindig is; en
  - (ii) die redes vir die beëindiging van sodanige toegewyde lidmaatskap.

### **Akkreditasie van skietbane**

- 6. (1) 'n Aansoek moet ingedien word kragtens regulasie 2 vir die akkreditasie van 'n skietbaan wat gebruik gaan word vir die doel van regulasie 7 en artikels 19(5) en 91(2)(b) van die Wet.
- (2) Praktiese opleiding en toetse met betrekking tot die veilige en doeltreffende hantering van 'n vuurwapen waartydens ammunisie gevuur word met die doel om 'n bevoegdheidsertifikaat te bekom, kan net onderneem word by 'n skietbaan wat voldoen aan die toepaslike verpligte spesifikasie wat gestel word kragtens die Wet op Standaarde, 1993 (Wet No. 29 van 1993).

- (3) Die Registrateur kan net 'n skietbaan wat bedoel word in artikel 19(5) en 91(2)(b) van die Wet en vir die doel van regulasie 7 indien die aansoeker bewys lewer dat die skietbaan voldoen aan die toepaslike verpligte spesifikasie wat gestel word in die Wet op Standaarde, 1993 (Wet No. 29 van 1993).

### **Akkreditasie om opleiding te voorsien vir die gebruik van vuurwapens**

7. (1) 'n Aansoeker wat aansoek doen om akkreditasie om opleiding te verskaf in die gebruik van vuurwapens vir die doel van artikel 20(2)(b) van die Wet, moet bo en behalwe die betrokke inligting wat vereis word kragtens regulasie 2, die volgende indien -
- (a) 'n skriftelike onderneming dat net 'n gepaste opleidingskursus ten opsigte van toetse en opleiding om vuurwapens te hanteer en te gebruik wat voldoen aan die vereistes van die Wet op die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid, 1995 (Wet No. 58 van 1995) wat in samehang met die "Skills Development Act", 1998 (Wet No. 97 van 1998) gelees moet word aangebied sal word om mense op te lei;
  - (b) 'n beskrywing van die veiligheidsmaatreëls vir die bewaring, vervoer en veilige berging van vuurwapens wat gebruik sal word vir opleiding;
  - (c) 'n skriftelike onderneming dat enige praktiese opleiding of toetse wat die vuur van 'n vuurwapen sal behels, net gedoen sal word by 'n geakkrediteerde skietbaan; en
  - (d) dokumentêre bewys dat die aansoeker geregistreer is kragtens die Wet op die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid, 1995 (Wet No. 58 van 1995) wat in samehang met die "Skills Development Act", 1998 (Wet No. 97 van 1998) gelees moet word, met Poslec-Seta as diensverskaffer om die opleiding te voorsien wat beoog word in artikel 9(2)(q) en (r) en (s) van die Wet.
- (2) 'n Persoon wat geakkrediteer is kragtens subregulasie (1) moet 'n register hou waarin die volgende besonderhede opgeneem moet word van elke persoon wat suksesvol opgelei is deur sodanige geakkrediteerde persoon -
- (a) die identiteitsnommer en volle name van die persoon wat opgelei is;
  - (b) die datum en plek van opleiding;
  - (c) die soort voorgeskrewe opleiding;
  - (d) die soort vuurwapen wat gebruik is vir praktiese opleiding en toetse, naamlik 'n handwapen, geweer of haelgeweer, met inbegrip van die aksie van die vuurwapen waarvoor opleiding en toetse voorsien is, asook die resultate van die toets; en
  - (e) 'n sertifikaat wat onderteken is deur die opleier en die betrokke persoon om die besonderhede in subregulasie 2(a) tot (d) te bevestig.
- (3) Die register wat bedoel word in subregulasie (2) moet beskikbaar wees by die geakkrediteerde persoon se plek van besigheid en moet vir 'n tydperk van ses jaar gehou word.

### **Akkreditasie om vuurwapens te voorsien vir gebruik in teater-, film of televisieproduksies**

- 8.** 'n Persoon wat aansoek doen om vuurwapens te voorsien vir gebruik in teater-, film- of televisieproduksies moet bo en behalwe die inligting wat vereis word in subregulasie 2, die volgende indien –
- (a) 'n sertifikaat wat bevestig dat enige modifikasie aan vuurwapens waarvoor die aansoeker 'n lisensie het, net deur 'n wapensmid aangebring sal word;
  - (b) bewys, tot bevrediging van die Registrateur, dat die aansoeker werklik betrokke is by 'n onderneming wat vuurwapens voorsien vir teater-, film- of televisieproduksies; en
  - (c) 'n omvattende verslag wat die volgende inligting voorsien -
    - (i) 'n beskrywing van die fasiliteite vir veilige bewaring en veiligheidsbeheerprosedures met betrekking tot die beveiliging van vuurwapens wat gebruik gaan word deur die aansoeker;
    - (ii) besonderhede van die rekords wat gebruik gaan word om die vuurwapens te beheer;
    - (iii) die voorletters, van, identiteitsnommer en twee proefhandtekening van die persoon wat verantwoordelik gaan wees vir die beheer, veilige bewaring en die uitreik van vuurwapens;
    - (iv) bevestiging dat waar dit nodig is dat persone aan wie vuurwapens uitgereik word lewendige ammunisie gaan afvuur, sodanige persoon basiese opleiding ontvang het in die veilige gebruik van 'n vuurwapen voordat die vuurwapen deur so 'n persoon gebruik word;
    - (v) besonderhede van die soort vuurwapens en die hoeveelheid ammunisie wat die aansoeker beplan om te verkry;
    - (vi) besonderhede van die plek waar rekords oor die uitreik van elke vuurwapen gehou sal word vir inspeksie deur 'n polisiebeampte; en
    - (vii) motivering met betrekking tot die aansoeker se beoefte om die vuurwapens te besit.

### **Akkreditasie van 'n wildboer**

- 9.** 'n Persoon wat aansoek doen om akkreditasie as 'n wildboer soos bedoel in artikel 20(2)(d) van die Wet, moet, bo en behalwe die betrokke inligting wat vereis word in regulasie 2, die volgende indien –
- (a) bewys van -
    - (i) wettige eienaarskap van 'n wildplaas of, ander uitsluitlike wettige okkupasie of toegang tot 'n wildplaas vir die doel van wildboerdery en waar daar met wild geboer word en welke plaas dien as die wildplaas waarop die akkreditasie betrekking sal hê;
    - (ii) werklike persoonlike betrokkenheid in die wildboerdery aktiwiteite wat op die toepaslike wildplaas bedryf word;
    - (iii) registrasie kragtens toepaslike provinsiale natuurbewaringswetgewing wat aandui dat die wildplaas waar die wildboerdery bedryf word uitgesluit is van die voorwaardes wat verband hou met jag in daardie

provinsie of dat die wildplaas voldoende omhein is vir die doel van jag soos voorsiening gemaak daarvoor in provinsiale natuurbewaringswetgewing wat van toepassing is op die plaas, na gelang van die geval; en

- (iv) die werklike behoefte om geakkrediteer te word as wildboer;
- (b) 'n beskrywing van die veiligheidsmaatreëls wat betrekking het op die veilige hantering, bewaring en vervoer van vuurwapens wat gebruik sal word in die bedryf van sodanige onderneming; en
- (c) bewys van lidmaatskap van 'n wildboervereniging of wildboerorganisasie wat tot die bevrediging van die Registrateur, die primêre bona fide doel het om verantwoordelike wildboerdery te bevorder.

### **Akkreditasie om besigheid met betrekking tot jag te bedryf**

**10.** 'n Persoon wat aansoek doen om akkreditasie om 'n besigheid met betrekking tot jag te bedryf moet bo en behalwe die betrokke inligting wat vereis word in regulasie 2, die volgende indien –

- (a) 'n gesertifiseerde afskrif van sy of haar professionele jagterslisensie of jagondernemerslisensie of permit wat uitgereik is deur 'n betrokke natuurbewaringsowerheid van die provinsie waar hy of sy die onderneming gaan bedryf;
- (b) 'n beskrywing van die veiligheidsmaatreëls wat verband hou met die veilige hantering, bewaring en vervoer van vuurwapens wat gebruik sal word in die bedryf van sodanige onderneming;
- (c) dokumentêre bewys, wat die Registrateur tevrede stel, van werklike persoonlike bedryf van 'n besigheid met betrekking tot jag as erkende professionele jagter of jagondernemer, na gelang van die geval;
- (d) dokumentêre bewys van lidmaatskap van 'n nasionale assosiasie of organisasie wat tot die bevrediging van die Registrateur die primêre bona fide doel het om verantwoordelike jag te bevorder.

### **Akkreditasie vir ander besigheidsdoeleindes soos bepaal deur die Registrateur**

**11.** (1) 'n Persoon wat aansoek doen om akkreditasie vir gebruik van vuurwapens vir 'n besigheidsdoeleinde wat bepaal is deur die Registrateur soos beoog word in artikel 20(2)(f) van die Wet moet, bo en behalwe die inligting wat vereis word in regulasie 2, die volgende indien –

- (a) volledige besonderhede oor die omvang van die besigheid;
- (b) volle motivering vir die gebruik van vuurwapens;
- (c) 'n volledige beskrywing van die vuurwapens wat gebruik sal word asook 'n omvattende motivering vir die gebruik van daardie vuurwapens;
- (d) 'n beskrywing van die veiligheidsmaatreëls wat verband hou met die veilige hantering, bewaring en vervoer van die vuurwapens wat gebruik gaan word vir die bedryf van die onderneming;
- (e) die totale getal persone wat uitgereik sal word met vuurwapens; en
- (f) 'n beskrywing van die perseel van waar die besigheid bedryf sal word.



- (2) Indien die aansoek om akkreditasie betrekking het op 'n verskaffer van sekuriteitsdienste vir eie besigheid, moet die aansoeker, bo en behalwe die vereistes wat uiteengesit is in subregulasie (1), 'n volledige beskrywing indien van die omvang van die besigheid wat beskerm moet word.

### **Akkreditasie as Amptelike Instelling**

- 12.** 'n Regeringsinstelling soos beoog in artikel 95(a)(vi) van die Wet, wat aansoek doen om akkreditasie, moet bo en behalwe die betrokke inligting wat vereis word in regulasie 2, die volgende indien –
- (1) amptelike dokumentêre bewys dat die aansoeker 'n regeringsinstelling is; and
  - (2) 'n omvattende verslag wat die volgende inligting bevat en onderteken is deur die hoof van die regeringsinstelling -
    - (a) die doel waarvoor die vuurwapens nodig sal wees;
    - (b) 'n beskrywing van die fasiliteite vir veilige bewaring en veiligheidsbeheerprosedures met betrekking tot die beveiliging van vuurwapens wat gebruik gaan word deur die aansoeker;
    - (c) besonderhede van die rekords wat gebruik sal word om die vuurwapens te beheer;
    - (d) die voorletters, van, identiteitsnommer en twee proefhandtekeninge van 'n aangewese persoon wat verantwoordelik sal wees vir die beheer, veilige bewaring en uitreik van vuurwapens in besit van die regeringsinstelling;
    - (e) bevestiging dat persone aan wie vuurwapens uitgereik word minstens twee keer per jaar deelneem aan 'n skietoefening met die betrokke vuurwapens;
    - (f) besonderhede van die soort vuurwapens en hoeveelheid ammunisie wat die regeringsinstelling beplan om in stand te hou;
    - (g) besonderhede van die plek waar rekords gehou sal word vir die uitreik van elke vuurwapen vir inspeksie deur 'n polisiebeampte;
    - (h) 'n volledige motivering oor die regeringsinstelling se behoefte om die vuurwapens te besit; en
    - (i) bevestiging dat 'n permit bedoel in artikel 98 van die Wet net uitgereik sal word aan 'n werknemer van die regeringsinstelling wat met 'n geldige bevoegdheidsertifikaat uitgereik is.

### **Hoofstuk 3**

#### **Algemene voorwaardes met betrekking tot 'n aansoek om bevoegdheidsertifikaat, verdere bevoegdheidsertifikaat, lisensie, permit, tydelike magtiging, duplikaat en hernuwing**

#### **Algemene voorwaardes met betrekking tot aansoeke wat vereis word kragtens die Wet**

- 13.** (1) 'n Persoon wat 'n bevoegdheidsertifikaat, lisensie, permit, magtiging, asook 'n duplikaat, of hernuwing daarvan wil laat uitreik vir die doel wat beoog word in die Wet, moet aansoek doen by die Registrateur vir sodanige bevoegdheidsertifikaat, lisensie, permit, magtiging, duplikaat of hernuwing.

- (2) 'n Aansoeker waarna verwys word in subregulasie (1) moet die behoorlik ingevulde betrokke aansoekvorm wat voorgeskryf word in Aanhangsel "A" en die vereiste inligting met enige vereiste ondersteuningsdokumente indien.
- (3) Die aansoeker moet die aansoekvorm persoonlik met 'n pen met swart ink invul, of in geval van 'n regspersoon moet dit so ingevul word deur die verantwoordelike persoon wat beoog word in artikel 7 van die Wet.
- (4) (a) 'n Aansoek moet, tensy dit spesifiek anders gestel word, persoonlik deur die aansoeker ingedien word by die betrokke Aangewese Vuurwapenbeampte.
- (b) Wanneer 'n aansoeker 'n aansoek indien volgens subparagraaf (a), moet die aansoeker 'n gesertifiseerde afskrif van die bladsy waarop sy of haar foto en besonderhede in sy of haar amptelike identiteitsdokument of paspoort verskyn, voorsien.
- (5) Indien die aansoeker 'n regspersoon is -
- (a) kan die Registrateur addisionele inligting, bo en behalwe die inligting wat in die aansoekvorm versoek word, aanvra ten opsigte van enige persoon wat in beheer is van die regspersoon of wat verantwoordelik is vir die bestuur van die regspersoon;
- (b) moet die aansoek vergesel word van bewys van die regspersoon se registrasie of inlywing, na gelang van die geval, volgens die wette van die Republiek van Suid-Afrika;
- (c) moet die aansoek vergesel word van 'n gesertifiseerde afskrif van die regspersoon se resoluëie of besluit om die verantwoordelike persoon namens die regspersoon te nomineer; en
- (d) moet die aansoek, waar 'n sekuriteitsdiens gelewer word soos omskryf word in artikel 1 van die Wet op die Regulering van die Private Sekuriteitsbedryf, 2001 (Wet No. 56 van 2001), vergesel word van dokumentêre bewys van registrasie by die Reguleringsliggaam vir die Privaatsekuriteitsbedryf, soos beoog in die Wet op die Regulering van die Private Sekuriteitsbedryf, 2001 (Wet No. 56 van 2001).
- (6) Waar 'n voorgeskrewe bedrag betaal is by enige polisiestasie kragtens regulasie 96, moet dokumentêre bewys van betaling aan die betrokke aansoek geheg word.
- (7) Enige persoon wat 'n aanbeveling maak betreffende die karakter van 'n aansoeker ter ondersteuning van 'n aansoek wat ingedien word vir 'n doel wat beoog word in die Wet, moet ook 'n verklaring aflê om aan te dui dat die aansoeker na die beste van die persoon se wete en kennis -
- (a) 'n geskikte en behoorlike persoon is vir die uitreik van die bevoegdheidsertifikaat, lisensie, permit of magtiging waarvoor aansoek gedoen word;
- (b) in 'n stabiele geestestoestand verkeer en nie tot geweld geneig is nie; en
- (c) nie afhanklik is van 'n stof wat 'n bedwelgende of narkotiese uitwerking het nie.
- (8) (a) 'n Persoon wat 'n aanbeveling maak soos voorsien in subregulasie (7), kan deur 'n betrokke Aangewese Vuurwapenbeampte, of 'n persoon

wat optree met die skriftelike magtiging van die Aangewese Vuurwapenbeampte, versoek word om verdere inligting te voorsien met betrekking tot die aanbeveling.

- (b) Indien die persoon sou weier of versuim om sodanige redelike inligting wat aangevra is deur 'n betrokke Aangewese Vuurwapenbeampte te voorsien, kan dit daartoe lei dat die aanbeveling sonder uitwerking beskou mag word.
  - (c) Geen persoon is verplig om verdere inligting te voorsien met betrekking tot 'n aanbeveling nie.
- (9)
- (a) 'n Volledige stel vingerafdrukke van 'n aansoeker, soos vereis in artikel 6(1)(a) van die Wet moet geneem word deur die betrokke Aangewese Vuurwapenbeampte of aangewese personeel by 'n polisiestasie en die amptelike voorgeskrewe vorm wat gebruik word deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens moet vir die doel gebruik word.
  - (b) Vir die doel van 'n invoer-, uitvoer- of deurgangsperrmit wat beoog word in Hoofstuk 8 van die Wet, kan die Registrateur, in geval van 'n nie-burger wat nie in die Republiek van Suid-Afrika woon nie, sodanige stel vingerafdrukke aanvaar as wat gerieflik sal wees onder die omstandighede.
- (10) Erkenning van ontvangs van 'n aansoek moet net uitgereik word aan die aansoeker as die aansoek, na bevrediging van die Registrateur, behoorlik ingevul is en vergesel word van al die vereiste inligting en dokumente, en nadat die identiteit van die aansoeker op die vereiste stel vingerafdrukke wat van die aansoeker geneem is bevestig is deur die betrokke Aangewese Vuurwapenbeampte.
- (11) Indien 'n verantwoordelike persoon vervang word in ooreenstemming met artikel 7(4) van die Wet, moet die nominasie wat dit bevestig gedoen word en dit moet saam met die vereiste dokumente en inligting soos voorgeskryf in Aanhangsel "A" ingedien word.
- (12) Die Registrateur kan net 'n lisensie, permit, magtiging of hernuwing uitreik aan 'n persoon wat voldoen aan die vereistes wat voorgeskryf word in die regulasies vir die veilige bewaring van vuurwapens en ammunisie.
- (13) Erkenning van ontvangs soos dit beoog word in subregulasie 10 wat uitgereik word vir 'n aansoek om hernuwing is voldoende bewys in 'n hof dat voldoen is aan die vereiste van artikel 24 van die Wet.
- (14) 'n Privaat- of openbare versamelaar wat aansoek doen om 'n lisensie om 'n verbode of beperkte vuurwapen te besit, moet bo en behalwe die vereistes van regulasie 14 die volgende addisionele inligting indien -
- (a) 'n omvattende skriftelike motivering om die aansoek te steun, wat deur die geakkrediteerde versamelaarsvereniging waarvan die aansoeker lid is geverifieer moet word as korrekte inligting; en
  - (b) in geval van 'n projektiel of vuurpyl wat beoog word in artikel 4(1)(d) van die Wet, 'n verslag van die plaaslike plofstofbeampte wat aangestel is kragtens die Wet op Ontplofbare Stowwe, 1956 (Wet No. 26 van 1956).
- (15) Die houer van 'n vervaardigerslisensie wat wil aansoek doen om 'n soort vuurwapen of kaliber ammunisie wat nie gespesifiseer word op die vervaardigerslisensie nie te vervaardig, moet met elke sodanige aansoek, bo

en behalwe die vereistes van regulasie 13, die volgende addisionele inligting indien -

- (a) die tegniese spesifikasies wat betrekking het op die vuurwapen en ammunisie;
  - (b) die tegniese tekeninge wat betrekking het op die vuurwapen en ammunisie;
  - (c) 'n ballistiese evalueringsverslag van die Suid-Afrikaanse Polisie; en
  - (d) insoverre dit toepaslik is, 'n permit of magtiging wat uitgereik is kragtens die Wet op Ontploffbare Stowwe, 1956 (Wet No. 26 van 1956) en die Wet op Nasionale Beheer oor Konvensionele Krygstug, 2002 (Wet No. 41 van 2002).
- (16) (a) Die Registrateur kan, vir die doel van identifikasie van 'n houder van 'n lisensie, permit of magtiging, 'n foto en vingerafdruk van die houder aan die betrokke lisensie, permit of magtiging heg.
- (b) Die aansoeker moet 'n foto op versoek van die Registrateur verskaf.
- (c) 'n Foto wat beoog word in paragraaf (a) en (b) moet -
- (i) onlangs geneem wees;
  - (ii) 'n kleurfoto wees;
  - (iii) 'n volle, onbelemmerde vooraansig van die aansoeker se kop, gesig en skouers vertoon teen 'n neutrale agtergrond; en
  - (iv) moet 32 mm (breed) x 40 mm (lank) wees.
- (17) Die Registrateur kan van 'n aansoeker vereis om enige sodanige verdere inligting te voorsien as wat die Registrateur mag nodig hê om 'n diskresie uit te oefen om sy of haar funksies volgens die Wet te verrig.

#### **Spesifieke voorwaardes wat betrekking het op bevoegdheidsertifikate**

- 14.** (1) Die Registrateur kan, bo en behalwe enige ander relevante aspek, die bestaan van enige van die volgende omstandighede in ag neem waar dit van toepassing is op 'n aansoeker wat aansoek doen om 'n bevoegdheidsertifikaat wat kan dien as aanwysers om 'n ondersoek soos beoog in artikel 124(3) van die Wet van stapel te stuur om vas te stel of die aansoeker om die bevoegdheidsertifikaat 'n geskikte en gepaste persoon is soos beoog word in artikel 9(2)(c) van die Wet, of die persoon in 'n stabiele geestestoestand verkeer en nie tot geweld geneig is soos voorsien word in artikel 9(2)(d) van die Wet nie en nie afhanklik is van 'n stof wat 'n bedwelmende of narkotiese uitwerking het soos voorsien word in artikel 9(2)(e) van die Wet nie, na gelang van die geval -
- (a) of 'n beskermingsbevel kragtens die Wet op Gesinsgeweld, 1998 (Wet No. 116 van 1998) op die aansoeker beteken is in die afgelope vyf jaar en of die persoon in die afgelope vyf jaar besoek ontvang het van 'n polisiebeampte welke besoek betrekking gehad het op bewerings van geweld in die aansoeker se huis;

- (b) of die aansoeker se aansoek om 'n lisensie, permit of magtiging met betrekking tot 'n vuurwapen in die afgelope vyf jaar afgekeur is en die rede waarom die aansoek afgekeur is;
  - (c) of die aansoeker in die afgelope vyf jaar gedreig het om selfmoord te pleeg of probeer het om selfmoord te pleeg, of aan ernstige depressie of emosionele probleme gely het, of betrokke was by die misbruik van bedwelmende of narkotiese stowwe;
  - (d) of die aansoeker in die afgelope vyf jaar gediagnoseer is met of behandel is deur 'n mediese praktisyn vir depressie, die misbruik van dwelmmiddels, bedwelmende of narkotiese stowwe, gedragsprobleme of emosionele probleme;
  - (e) of die aansoeker in die afgelope vyf jaar by die polisie of maatskaplike dienste aangemeld is vir beweerde dreigemente of poging tot geweld, of ander konflik in die aansoeker se huis of elders;
  - (f) of die aansoeker in die afgelope twee jaar betrokke was by 'n egskeiding of vervreemding van 'n intieme maat met wie die aansoeker saamgewoon het, met skriftelike bewerings van geweld; of
  - (g) die aansoeker in die afgelope twee jaar gedwonge werkverlies moes meemaak.
- (2) Om te bepaal of 'n aansoeker 'n geskikte en gepaste persoon is soos beoog in artikel 9(2)(c) van die Wet vir die doel van 'n bevoegdheidsertifikaat -
- (a) om 'n besigheid te bedryf as wapensmid, kan die Registrateur in ag neem of die aansoeker 'n toepaslike, erkende nasionale of internasionale ambagstoets wat in wese voldoen aan die vereistes van die "Skills Development Act", 1998 (Wet No. 97 van 1998) geslaag het; en
  - (b) in geval van die vervaardiging van ammunisie wat behels dat ammunisie gelaai word buiten dit wat beoog word in artikel 93(1) van die Wet, of die aansoeker bewys kan lewer van geskikte en toepaslike vorige ervaring of 'n kwalifikasie wat goedgekeur word deur die Registrateur op die gebied van die laai van ammunisie, tesame met 'n omvattende evalueringsverslag van die Hoof van die Ballistiese Eenheid van die Suid-Afrikaanse Polisie se Laboratorium vir Forensiese Wetenskappe met betrekking tot die aansoeker se toepaslike ervaring en kennis.
- (3) Wanneer die Registrateur 'n funksie verrig soos beoog in artikel 124(3) van die Wet om 'n besluit te neem soos beoog word in subregulasie (1), kan die Registrateur van die persoon wat aansoek doen om 'n bevoegdheidsertifikaat, vereis om die volgende te voorsien -
- (a) 'n sertifikaat wat uitgereik word deur 'n mediese dokter, oor die aansoeker se afhanklikheid van enige stof wat 'n bedwelmende of narkotiese uitwerking het; of
  - (b) 'n verslag van 'n sielkundige of psigiater, of albei, oor die aansoeker se stabiele geestestoestand en geneigdheid tot geweld; of

- (c) beide sodanige sertifikaat en verslag.
- (4)
- (a) Die Registrateur moet nadat bepaal is of 'n persoon geskik en gepas is soos beoog in artikel 9(2)(c) van die Wet en kragtens die Wet kwalifiseer vir 'n bevoegdheidsertifikaat om 'n vuurwapen te besit as privaatversamelaar, in die bevoegdheidsertifikaat spesifiseer in watter kategorie die geakkrediteerde versamelaarsvereniging 'n lid geklassifiseer het as privaatversamelaar.
  - (b) Indien bewys gelewer word, tot bevrediging van die Registrateur, dat die betrokke privaatversamelaar in 'n hoër kategorie ingedeel is deur die versamelaarsvereniging waarvan die privaatversamelaar lid is, kan die Registrateur die bevoegdheidsertifikaat ooreenkomstig verander.
  - (c) Die Registrateur kan net 'n vuurwapenlisensie uitreik aan 'n privaatversamelaar in ooreenstemming met die kategorie wat aangedui word in die bevoegdheidsertifikaat wat uitgereik is kragtens die regulasie.
- (5) Die Registrateur kan by wyse van 'n skriftelike kennisgewing wat beteken word op die houer van 'n bevoegdheidsertifikaat wat beoog word in subregulasie (4) en na 'n prosedure soortgelyk aan die prosedure waarna verwys word in artikel 28(2) en (3) van die Wet, 'n bevoegdheidsertifikaat onttrek as die persoon en in geval van 'n regs persoon, enige persoon in beheer van of verantwoordelik vir die bestuur van die regs persoon -
- (a) nie meer in die Republiek van Suid-Afrika woon of gewoonlik woon nie; of
  - (b) buite die Republiek van Suid-Afrika vir enige oortreding tot tronkstraf gevonnissen word sonder die opsie van 'n boete.
- (6) Die toets ten opsigte van kennis van die Wet, soos beoog in artikel 9(2)(q), moet voldoen aan die vereistes van die Wet op die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid, 1995 (Wet No. 58 van 1995) wat in samehang met die "Skills Development Act", 1998 (Wet No. 97 van 1998) gelees moet word.
- (7) Die opleiding en praktiese toetse met betrekking tot die veilige en doeltreffende hantering van 'n vuurwapen soos beoog in artikel 9(2)(r) van die Wet, moet voldoen aan die vereistes van die Wet op die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid, 1995 (Wet No. 58 van 1995) wat in samehang met die "Skills Development Act", 1998 (Wet No. 97 van 1998) gelees moet word.
- (8) Die opleiding en praktiese toetse vir handelaars, vervaardigers, wapensmede, sekuriteitsbeamptes of ander persone wat vuurwapens gebruik in die bedryf van hulle ondernemings, soos beoog in artikel 9(2)(s) van die Wet moet voldoen aan die vereistes van die Wet op die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid, 1995 (Wet No. 58 van 1995) wat in samehang met die "Skills Development Act", 1998 (Wet No. 97 van 1998) gelees moet word.
- (9) 'n Persoon wat voorheen 'n bevoegdheidsertifikaat verkry het en aansoek doen om 'n verdere bevoegdheidsertifikaat moet bo en behalwe die vereistes van regulasie 14 bewys lewer dat die toepaslike voorgeskrewe opleiding en toetse voorheen suksesvol afgelê is, in welke geval die aansoeker nie weer die opleiding hoef te ontvang of die praktiese toets hoef af te lê nie.

## Hoofstuk 4 Lisensie om 'n vuurwapen te besit

### Verbode vuurwapens en toestelle wat gelisensieer kan word in 'n privaatversameling

- 15.** Die volgende verbode vuurwapens en toestelle kan gelisensieer word kragtens artikel 17 van die Wet:
- (a) 'n Verbode vuurwapen en toestel wat bedoel word in artikel 4 van die Wet, wat besit mag word kragtens die oorgangsvoorwaardes in Bylae 1 tot die Wet;
  - (b) 'n Verbode vuurwapen en toestel wat beoog word in artikel 4 van die Wet wat nie binne die bestek van paragraaf (a) val nie, wat nie minder as 50 jaar oud moet wees van die vervaardigingsdatum af nie, tesame met 'n versamelbaarheidskenmerk ten opsigte van historiese, tegnologiese, wetenskaplike, erfenis, opvoedkundige, kulturele en artistieke waarde, of enige ander aspek wat van toepassing geag mag word: Met die voorbehoud dat indien die vuurwapen of toestel nie geredelik aanpas by die gestelde kombinasie van oudheid en eienskap van versamelbaarheidskenmerk nie, sal die volgende oorwegings geld
    - (i) waar produksie minstens 10 jaar lank gestaak is met die ware moontlikheid dat dit 'n versamelaarsbelang sal bekom vanuit 'n historiese, tegnologiese, wetenskaplike, erfenis, opvoedkundige, kulturele of artistieke perspektief;
    - (ii) waar dit deel is van 'n herdenkingsuitreiking of beperkte uitgereikte getal;
    - (iii) waar dit sal inpas as deel van 'n bewysbare tema van toekomstige waarde en waar 'n goeie waarskynlikheid van sodanige toekomstige waarde beduidend aangedui of gemotiveer kan word;
    - (iv) waar daar 'n bewese of algemeen aanvaarde verband is met beroemde of bekende mense of gebeure;
    - (v) waar dit intyds nasionaal of internasionaal skaars of raar is op grond van 'n aanvaarbare rede;
    - (vi) waar 'n ongewone of unieke ontwerp, materiaal, of wyse waarop dit vervaardig is van historiese belang ter sprake is;
    - (vii) waar dit pasgemaak of eenmalig gemaak is deur 'n bekende wapenvervaardiger of wapensmid en dit 'n aansienlike waarde het;
    - (viii) waar dit 'n prototipe is of deel vorm van 'n beperkte produksielopie;
    - (ix) waar dit 'n replika is van 'n bekende historiese vuurwapen; of
    - (x) waar dit 'n vuurwapen met beleggingswaarde of toestel met aansienlike waarde is.
  - (c) 'n Miniatuurkanon.

### **Veiligheidsmaatreëls vir die vertoon van vuurwapens in 'n privaatversameling**

- 16.** 'n Private versamelaar mag 'n vuurwapen in die openbaar vertoon indien -
- (a) die vuurwapen nie gelaai is nie;
  - (b) die vuurwapen, in geval van 'n handwapen, vertoon word in 'n uitstalkabinet wat gesluit kan word; of
  - (c) die vuurwapen, waar die vuurwapen oop vertoon word, onbruikbaar gemaak is met 'n veilige sluittoestel; of
  - (d) die vuurwapen veilig vasgemaak is aan 'n nie-draagbare struktuur waarop of waarin dit vertoon word met 'n metaalhegstuk, ketting, metaalkabel of soortgelyke toestel, op so 'n wyse dat die vuurwapen nie gereedelik verwyder kan word nie; en
  - (e) die vuurwapen nie vertoon word en gereedelik toeganklik is tot ammunisie wat vanuit die vuurwapen gevuur kan word nie, buiten waar sodanige vuurwapen of ammunisie in 'n geslote uitstalkabinet of soortgelyke plek van veiligheid vertoon word.

### **Voorwaardes vir die besit van ammunisie in 'n privaatversameling**

- 17.** Die Registrateur kan 'n permit aan 'n private versamelaar wat voldoen aan die vereistes van die Wet uitreik soos beoog word in artikel 18(2) van die Wet, waar die private versamelaar verder -
- (a) 18 jaar oud of ouer is op die dag van die aansoek; en
  - (b) 'n geskikte en gepaste persoon is om ammunisie te besit.

### **Veiligheidsmaatreëls vir die vertoon van ammunisie in 'n privaatversameling**

- 18.** 'n Private versamelaar mag net ammunisie vertoon as -
- (a) dit vertoon word -
    - (i) in 'n brandkluis, kluis of ander toestel wat spesifiek gebou of aangepas is vir veilige en beskermde vertoning, wat veilig gesluit word indien dit nie beman word nie;
    - (ii) op 'n perseel waar daar 'n elektroniese diefweringstelsel is; en
    - (iii) op 'n perseel waar alle oopmaakvensters beveilig word met diefwering en elke buitedeur veilig gesluit kan word en toegerus is met 'n veiligheidshek; of
  - (b) dit vertoon word onder sodanige veiligheidsmaatreëls wat na goeddunke van die Registrateur gelyk of beter is as die maatreëls wat uiteengesit is in paragraaf (a) en die maatreëls goedgekeur is deur die Registrateur.



## **Verbode vuurwapens en toestelle wat gelisensieer kan word in 'n openbare versameling**

**19.** Die volgende verbode vuurwapens en toestelle kan gelisensieer word kragtens artikel 19 van die Wet -

- (a) verbode vuurwapens en toestelle wat besit mag word kragtens die voorwaardes van die betrokke bepalings van die oorgangsvoorwaardes van Bylae 1 tot die Wet; en
- (b) 'n verbode vuurwapen of toestel wat nie onder die bestek van paragraaf (a) val nie en die vuurwapen of toestel duidelik omskryfbare intrinsieke en beduidende erfenis waarde het wat erken word deur die Suid-Afrikaanse Agentskap vir Erfenishulpbronne op grond van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (Wet No. 25 van 1999); en
- (c) 'n verbode vuurwapen en toestel wat beoog word in artikel 4 van die Wet wat nie onder die bestek van paragraaf (a) of (b) val nie en versamelbaar is op grond van die ouderdom daarvan, wat nie minder nie as 50 jaar oud moet wees sedert die vervaardigingsdatum met minstens een versamelbaarheidskenmerk met betrekking tot sy historiese, tegnologiese, wetenskaplike, erfenis, opvoedkundige en artistieke waarde of enige ander aspek wat van toepassing geag mag word: Met die voorbehoud dat indien die vuurwapen of toestel nie geredelik aanpas by die gestelde kombinasie van oudheid en eienskap van versamelbaarheidskenmerk nie, sal die volgende verdere oorwegings geld -
  - (i) waar produksie minstens 10 jaar lank gestaak is met die ware moontlikheid dat dit 'n versamelaarsbelang sal bekom vanuit 'n historiese, tegnologiese, wetenskaplike, erfenis, opvoedkundige, kulturele of artistieke perspektief;
  - (ii) waar dit deel is van 'n herdenkingsuitreiking of beperkte uitgerekte getal;
  - (iii) waar dit sal inpas as deel van 'n bewysbare tema van toekomstige waarde en waar 'n goeie waarskynlikheid van sodanige toekomstige waarde beduidend aangedui of gemotiveer kan word;
  - (iv) waar daar 'n bewese of algemeen aanvaarde verband is met beroemde of bekende mense of gebeure;
  - (v) waar dit intyds nasionaal of internasionaal skaars of raar is op grond van 'n aanvaarbare rede;
  - (vi) waar 'n ongewone of unieke ontwerp, materiaal of wyse waarop dit vervaardig is van historiese belang ter sprake is;
  - (vii) waar dit pasgemaak of eenmalig gemaak is deur 'n bekende wapenvervaardiger of wapensmid en dit 'n aansienlike waarde het;
  - (viii) waar dit 'n prototipe is of deel vorm van 'n beperkte produksielopie;
  - (ix) waar dit 'n replika is van 'n bekende historiese vuurwapen; of

- (x) waar dit 'n vuurwapen met beleggingswaarde of toestel met aansienlike waarde is.

### **Veiligheidsmaatreëls vir die vertoon van vuurwapens in 'n openbare versameling**

**20.** 'n Openbare versamelaar mag net 'n vuurwapen vertoon as -

- (a) die vuurwapen nie gelaai is nie;
- (b) die vuurwapen beveilig word met 'n ketting of metaalkabel wat deur die snellerskerm gevoer is met een punt van die ketting of kabel vasgeheg aan 'n muur of permanente installasie op die perseel en die ander punt toegerus is met 'n slot aan 'n muur of permanente installasie op so 'n wyse dat dit verhoed dat die vuurwapen verwyder word deur 'n persoon wat nie die openbare versamelaar, of persoon wat gemagtig is deur die openbare versamelaar, is nie; of
- (c) die vuurwapen onbruikbaar gemaak is deur 'n veilige sluittoestel en op so 'n plek vertoon word dat dit net toeganklik is vir die openbare versamelaar, of persoon wat gemagtig is deur die openbare versamelaar.

### **Voorwaardes vir die verskaffing van 'n vuurwapen vir gebruik deur 'n ander persoon ten aansien van 'n lisensie om 'n vuurwapen te besit vir besigheidsdoeleindes**

- 21.** (1) Die houer van 'n lisensie om 'n vuurwapen te besit vir besigheidsdoeleindes mag net die vuurwapen verskaf vir gebruik deur 'n ander persoon indien sodanige ander persoon -
- (a) die vuurwapen besit vir die besigheidsdoel waarvoor dit gespesifiseer is volgens die lisensie;
  - (b) 'n geldige amptelike identiteitsdokument of paspoort in sy of haar besit het vir identifikasiedoeleindes, wat minstens sy of haar volle name, identiteitsnommer en foto bevat;
  - (c) 'n geldige magtiging in sy of haar besit het, welke magtiging uitgereik is met die handtekening van die houer van die lisensie of van die persoon wat skriftelik daartoe gemagtig is deur die houer van die lisensie en moet die magtiging die volgende bevat -
    - (i) volle name en identiteitsnommer of paspoortnommer van die persoon aan wie die vuurwapen verskaf word vir gebruik;
    - (ii) naam en adres van die houer van die lisensie, die lisensienommer en die datum waarop die lisensie uitgereik is, soos dit verskyn op die lisensie wat betrekking het op die vuurwapen;
    - (iii) tipe, kaliber, fabrikaat, model, alle gemerkte uitkenningsnommers of ander identifikasiemerke op die vuurwapen;
    - (iv) besigheidsdoel waarvoor die vuurwapen uitgereik word; en

- (v) tydperk, rede en plek waarvoor die besit toegestaan word: Met die voorbehoud dat die tydperk wat aangedui word nie langer is as 'n volgehoue tydperk van 72 uur of opeenvolgende sodanige tydperke nie, of in geval van 'n lisensie wat uitgereik is kragtens artikel 20(2)(d) of (e) van die Wet, vir 'n tydperk wat nie langer duur as die spesifieke jagtog waarvoor die persoon gekontrakteer word as kliënt, werknemer of subkontraakteur van die onderneming nie;
  - (d) in gevalle buiten dié van 'n sekuriteitsbeampte soos beoog in artikel 20(5)(b) van die Wet -
    - (i) waar 'n vuurwapen nie gereeld verskaf word aan dieselfde persoon nie en waar die vuurwapen gebruik sal word vir die afvuur van ammunisie, indien die persoon nie die houer is van 'n bevoegdheidsertifikaat nie seker maak dat die persoon aan wie die vuurwapen verskaf word, die nodige kennis het vir die veilige en doeltreffende hantering van die vuurwapen; of
    - (ii) moet seker maak dat die persoon aan wie die vuurwapen verskaf word die voorgeskrewe toets afgelê het en opgelei is in die veilige en doeltreffende gebruik van vuurwapens soos beoog in regulasie 7(1)(a) waar 'n vuurwapen gereeld verskaf word aan dieselfde persoon en die persoon nie die houer is van 'n bevoegdheidsertifikaat nie; en
  - (e) nie verbied word volgens die Wet om die vuurwapen te besit nie.
- (2) Indien die houer van 'n lisensie om 'n vuurwapen te besit vir besigheidsdoeleindes 'n sekuriteitsmaatskappy is, mag die sekuriteitsmaatskappy net die vuurwapen, bo en behalwe die vereistes van artikel 20(5)(b) van die Wet en die voorwaardes van subregulasie (1)(a) en (b), verskaf aan 'n persoon indien -
- (a) die persoon 'n sekuriteitsbeampte in diens van die onderneming is met die doel om 'n sekuriteitsdiens te verskaf;
  - (b) die persoon 'n bevoegdheidsertifikaat om 'n vuurwapen te besit het;
  - (c) die ontvangs, besit en dra van 'n vuurwapen deur die sekuriteitsbeampte ooreenstem met die vereistes van die Wet;
  - (d) die sekuriteitsverskaffer, uitgesonderd 'n verskaffer van sekuriteitsdienste vir eie besigheid en die sekuriteitsbeampte albei geregistreer is as verskaffers van sekuriteitsdienste kragtens die Wet en hul onderskeie registrasies nie opgeskort is nie;
  - (e) die sekuriteitsbeampte sy of haar identifikasiesertifikaat het wat aan hom of haar uitgereik is kragtens die voorwaardes van die Wet op die Regulering van die Private Sekuriteitsbedryf, 2001 (Wet No. 56 van 2001) in sy of haar besit het;
  - (f) die sekuriteitsbeampte in besit is van 'n oorspronklike skriftelike magtiging, welke magtiging uitgereik is met die handtekening van die houer van 'n lisensie wat betrekking het op die vuurwapen, of met die

handtekening van 'n persoon wat skriftelik daartoe gemagtig is deur die houer van die lisensie welke magtiging die volgende inligting bevat -

- (i) die volle name, identiteitsnommer, registrasienommer en werkadres van die persoon aan wie die vuurwapen uitgereik is;
  - (ii) die naam, adres en registrasienommer van die sekuriteitsmaatskappy wat die houer is van die lisensie en die lisensienommer, met die datum waarop die lisensie uitgereik is, soos dit aangedui word op die lisensie;
  - (iii) die tipe, kaliber, fabrikaat, model en alle gemerkte uitkenningsnommers of ander identifikasiemerke op die vuurwapen;
  - (iv) 'n magtiging om die vuurwapen te besit vir die verskaffing van 'n sekuriteitsdiens wat duidelik genoem word; en
  - (v) die tydperk en plek waarvoor besit van die vuurwapen toegestaan word;
- (g) die sekuriteitsbeampte aan diens of op bystanddiens is, of gereed is om aan diens te gaan of op bystanddiens te wees;
  - (h) die nodige besonderhede van die uitreik van die vuurwapen en ammunisie aangeteken word in alle registers wat kragtens die Wet gehou moet word deur die sekuriteitsmaatskappy;
  - (i) die sekuriteitsbeampte nie aangekla word van 'n kriminele oortreding nie, of nie 'n waarskuwingsverklaring aan 'n polisiebeampte onderteken het waarvolgens hy of sy gewaarsku word dat hy of sy ondersoek word ten opsigte van 'n oortreding wat verband hou met die onwettige gebruik van geweld met 'n vuurwapen nie, of nie krimineel vervolgd word ten opsigte van sodanige oortreding nie;
  - (j) die sekuriteitsbeampte nie aangekla word van onbehoorlike gedrag na 'n ondersoek deur die Owerheid vir die Privaatsekuriteitsbedryf ten opsigte van 'n beweerde oortreding van die sekuriteitsbeampte wat verband hou met 'n oortreding wat beoog word in paragraaf (i) nie;
  - (k) die sekuriteitsbeampte se besit van die vuurwapen nodig is om 'n sekuriteitsdiens te lewer, met inagneming van die aard van die sekuriteitsdiens, die ooreenkoms tussen die sekuriteitsonderneming en sy kliënt, die omstandighede waarvolgens die diens gelewer word, die tipe vuurwapen en enige ander relevante feit;
  - (l) die sekuriteitsbeampte die sekuriteitsopleiding wat vereis word vir die betrokke sekuriteitsdiens wat gelewer moet word, suksesvol afgelê het;
  - (m) die sekuriteitsbeampte nie onder die invloed is van 'n stof met 'n bedwelmende of narkotiese uitwerking nie;

- (n) die sekuriteitsbeampte se geestestoestand skynbaar stabiel is en die sekuriteitsmaatskappy geen rede het om te glo dat hy of sy die vuurwapen sou gebruik in onwettige optrede of op 'n onwettige, of nalatige wyse nie;
- (o) indien die vuurwapen op 'n openbare plek gedra moet word die sekuriteitsbeampte 'n pistoolsak, houer of ander item het wat nodig mag wees vir die dra van 'n vuurwapen op 'n openbare plek kragtens die Wet;
- (p) die sekuriteitsbeampte behoorlik beheer word in die uitvoer van die sekuriteitsdiens waarvoor 'n vuurwapen uitgereik word;
- (q) die sekuriteitsbeampte nie meer as die nodige hoeveelheid ammunisie ontvang om die betrokke sekuriteitsdiens te kan lewer nie;
- (r) die sekuriteitsbeampte 'n bewys onderteken van ontvangs van die vuurwapen en alle ammunisie wat aan hom of haar uitgereik word;
- (s) die sekuriteitsmaatskappy wat vuurwapens uitreik aan sekuriteitsbeamptes in diens van die sekuriteitsmaatskappy -
  - (i) alle vuurwapens wat gelisensieer is by die sekuriteitsmaatskappy en wat uitgereik word vir gebruik deur sekuriteitsbeamptes in behoorlike werkende toestand onderhou en sorg dat dit sonder enige gebreke is wat die vuurwapen 'n inherente bron van gevaar sou kon maak;
  - (ii) behoorlike en veilige prosedures het en volhou met betrekking tot die uitreik en terugbesorging van vuurwapens, asook beheer uitoefen oor vuurwapens en ammunisie wat uitgereik word aan sekuriteitsbeamptes;
  - (iii) 'n behoorlike dissiplinêre kode afdwing met betrekking tot die gedrag van sekuriteitsbeamptes ten opsigte van die ontvangs, besit, dra, gebruik, veilige besit en terugbesorging van die vuurwapens en ammunisie, asook met betrekking tot die gedrag van alle ander personeel wat betrokke is by sodanige funksies;
  - (iv) verseker dat vuurwapens en ammunisie wat uitgereik word aan sekuriteitsbeamptes terugbesorg word vir veilige bewaring nadat hulle pligte of werkskofte afgehandel is;
  - (v) aktief monitor of sekuriteitsbeamptes wat uitgereikte wapens en ammunisie ontvang, opgelei, onderrig en gelei word in die besit, hantering en gebruik van vuurwapens;
  - (vi) aktief monitor of sekuriteitsbeamptes hulle eie vuurwapens besit of vuurwapens ontvang van enige ander persoon terwyl 'n sekuriteitsdiens gelewer word en om sodanige vuurwapens in veilige bewaring te hou vir die tydperk waartydens die sekuriteitsbeampte toegerus is met 'n vuurwapen wat uitgereik is deur die verskaffer van sekuriteitsdienste;

- (vii) verseker dat die sekuriteitsbeamptes wat uitgereikte vuurwapens ontvang minstens elke 24 maande, of met korter tussenposes wat redelik nodig mag wees onder die omstandighede, behoorlik evalueer word, wat nie sielkundige of psigiatrisiese ondersoek insluit nie, om seker te maak dat die sekuriteitsbeamptes nie aan enige toestand ly wat sou beteken dat die besit van 'n vuurwapen en ammunisie 'n onredelike gevaar mag inhou vir enige persoon nie;
- (viii) verseker dat die sekuriteitsbeampte wat uitgereikte vuurwapens ontvang minstens elke 12 maande, of met korter tussenposes wat redelik nodig mag wees onder die omstandighede, op onkoste van die sekuriteitsmaatskappy, een behoorlike praktiese opleidingssessie vir die behoorlike en veilige gebruik van die betrokke vuurwapen en ammunisie ondergaan;
- (ix) verseker dat die sekuriteitsbeamptes wat uitgereikte vuurwapens ontvang minstens een keer elke 12 maande of met korter tussenposes wat redelik nodig mag wees onder die omstandighede, op onkoste van die sekuriteitsmaatskappy een inligtingssessie bywoon waartydens hulle behoorlik ingelig sal word van die betrokke regsbeginnsels, reëls en prosedures asook regspligte met betrekking tot die besit, dra, veilige besit en gebruik van vuurwapens en ammunisie wat aan hulle uitgereik word;
- (x) 'n kliënt van die sekuriteitsmaatskappy inlig dat die sekuriteitsbeampte wat die sekuriteitsdiens lewer op die kliënt se perseel toegerus is met 'n vuurwapen, tensy die ooreenkoms tussen die sekuriteitsmaatskappy en die kliënt voorsiening maak vir die besit van sodanige vuurwapen;
- (xi) behoorlik ondersoek instel of sorg dat 'n ondersoek ingestel word om al die betrokke feite wat verband hou met elke insident waar 'n vuurwapen gevuur is deur 'n sekuriteitsbeampte in te win en 'n volledige rekord van so 'n ondersoek te hou;
- (xii) alle betrokke stappe wat wettig voorsien word doen, asook alle ander stappe wat nodig geag of omsigtig mag wees onder omstandighede wat verband hou met die vuur van 'n vuurwapen deur 'n sekuriteitsbeampte, met inbegrip van toepaslike berading en afneem van verklarings op onkoste van die sekuriteitsmaatskappy indien die sekuriteitsbeampte 'n vuurwapen gebruik het teen enige persoon en dood of besering veroorsaak het; en
- (xiii) onmiddellik die naaste polisiestrasie en die betrokke Aangewese Vuurwapenbeampte laat weet indien 'n sekuriteitsbeampte 'n vuurwapen afgevuur het, hetsy dit enige dood, persoonlike besering of skade veroorsaak het en alle besonderhede binne die wete van die sekuriteitsmaatskappy asook besonderhede wat beoog word in regulasie 22(3), voorsien.

- (3) 'n Vuurwapen mag net voorsien word vir gebruik deur 'n ander persoon as dit in 'n goeie werkende toestand is en sonder enige gebreke is wat sou beteken dat dit 'n inherente gevaar inhou vir enige persoon.

### **Registers vir die houer van 'n lisensie vir besigheidsdoeleindes**

- 22.** (1) In 'n Register wat beoog word in artikel 20(6)(a) van die Wet -
- (a) moet die bladsye in volgorde genommer wees en alle inligting wat aangeteken word moet skriftelik gedoen word of met permanente inkt gedruk word;
  - (b) moet alle veranderinge aangedui word deur die inligting met permanente inkt dood te trek voordat die nuwe inligting ingevul word en nie deur die inligting uit te vee nie;
  - (c) mag geen bladsye verwyder word nie en elke verandering moet onderteken word deur die persoon wat die verandering aanbring;
  - (d) moet besonderhede kragtens die regulasie ingevul word met ontvangs, oordrag of beskikking van die betrokke vuurwapen;
  - (e) moet die volgende inligting oor alle vuurwapens waarvoor die onderneming 'n lisensie, permit of magtiging het, aangeteken word -
    - (i) die maak, tipe, kaliber, asook elke vervaardigersuitkenningsnommer of addisionele identifikasiemerke wat op die vuurwapen aangebring is soos beoog word in artikel 23(4) van die Wet;
    - (ii) die lisensie-, permit- en magtigingsnommer en datum van uitreiking ten aansien van 'n vuurwapen;
    - (iii) die datum waarop die vuurwapen verkry of oor beskik is; en
    - (iv) die volle name, identiteitsnommer, adres en vuurwapenlisensienommer van die persoon van wie die vuurwapen verkry is of aan wie dit verkoop is.
- (2) 'n Register wat voldoen aan subregulasie 1(a) tot (d) moet in stand gehou word met betrekking tot 'n vuurwapen wat voorsien word vir gebruik deur 'n ander persoon soos beoog word in artikel 20(5)(a) van die Wet, en dit moet die volgende inligting bevat -
- (a) die fabriek, tipe, kaliber van die vuurwapen asook elke vervaardiger se uitkenningsnommer of addisionele identifikasiemerke wat aangebring is op die vuurwapen, soos beoog in artikel 23(4) van die Wet;
  - (b) die voorletters, van en identiteitsnommer van die persoon aan wie die vuurwapen voorsien is;
  - (c) die datum en tyd waarop dit voorsien is;
  - (d) die datum en tyd toe die vuurwapen terugbesorg is;

- (e) die handtekening van die persoon aan wie die vuurwapen verskaf is toe dit oorhandig is en toe dit terugbesorg is, om te dien as bevestiging van ontvangs en dat die vuurwapen terugbesorg is;
  - (f) 'n afskrif van die skriftelike magtiging wat beoog word in regulasie 21(1)(c); en
  - (g) in geval van 'n sekuriteitsmaatskappy, die registrasienommer van die sekuriteitsbeampte aan wie die vuurwapen verskaf is.
- (3) In geval van 'n sekuriteitsmaatskappy, moet 'n register wat voldoen aan subregulasie 1(a) tot (d) in stand gehou word en dit moet die volgende besonderhede bevat oor 'n vuurwapen wat uitgereik is aan en afgevuur is deur 'n sekuriteitsbeampte -
- (a) die volle name, identiteitsnommer en registrasienommer van die sekuriteitsbeampte wat die vuurwapen gevuur het;
  - (b) besonderhede van die vuurwapen soos vervat in subregulasie (2)(a);
  - (c) die datum, tyd, plek en omstandighede wat verband hou met die afvuur van die vuurwapen;
  - (d) inligting oor enige skade, besering of dood wat veroorsaak is deur die afvuur van die vuurwapen; en
  - (e) die datum, tyd, polisiestatie en verwysingsnommer wat die polisiestatie toegeken het aan die voorval wat by daardie polisiestatie aangemeld is;
- (4) Die registers waarna verwys word in subregulasie (1), (2) en (3) moet in stand gehou word -
- (a) by die geregistreerde adres van die betrokke onderneming; en
  - (b) deur die persoon wat beheer uitoefen oor die vuurwapens by die plek waar die vuurwapens geberg word.
- (5) Die register wat beoog word in die regulasie moet onderhewig aan die voorwaardes van artikel 146 van die Wet en regulasie 102(1) vir 'n tydperk van 10 jaar na die datum van die laaste inskrywing gehou word op die perseel van die onderneming soos aangedui op die lisensie.

### **Aansoek om 'n tydelike magtiging om 'n vuurwapen te besit**

- 23.** (1) 'n Persoon wat aansoek doen om tydelike magtiging om 'n vuurwapen te besit soos beoog in artikel 21 van die Wet moet, bo en behalwe die inligting wat vereis word in regulasie 13, die volgende indien -
- (a) skriftelike motivering om die aansoek te steun, met spesifieke verwysing na die stappe wat beplan word vir die veilige bewaring van die vuurwapens en ammunisie wat met die aansoek verband hou;
  - (b) 'n skriftelike verklaring dat die aansoeker fasiliteite het vir die veilige bewaring van vuurwapens en ammunisie, wat voldoen aan die SABS



se standaard, soos dit vereis word in die regulasie, asook die plek waar die fasiliteite vir veilige bewaring is; en

- (c) 'n gesertifiseerde afskrif van enige lisensie, permit of magtiging wat verband hou met die vuurwapen, waar dit van toepassing mag wees.
- (2)
- (a) Onderhewig aan die voorwaardes van subparagraaf (b) en (c) moet 'n aansoek om tydelike magtiging minstens sewe dae voor die beplande datum waarop besit van die vuurwapen geneem word ingedien word.
  - (b) In geval van nie-burgers wat aansoek doen om tydelike magtiging, moet die aansoek minstens drie maande voor die beplande datum waarop besit van die vuurwapen geneem word ingedien word.
  - (c) Die Registrateur kan, by die aanvoer van gegronde redes, 'n aansoeker kwytsekeld daarvan om te voldoen aan die tydperk wat genoem word in subparagraaf (a) en (b).
- (3) 'n Nie-burger wat aansoek doen om tydelike magtiging om 'n vuurwapen te besit soos beoog in artikel 21 van die Wet moet, bo en behalwe die relevante inligting wat vereis word in regulasie 13, die volgende indien -
- (a) 'n gesertifiseerde afskrif van die aansoeker se amptelike identiteitsdokument of 'n geldige tydelike verblyfpermit, na gelang van die geval, of daardie gedeelte van 'n geldige paspoort wat uitgereik word aan 'n aansoeker, wat sy of haar identiteitsbesonderhede en die amptelike uitreikbesonderhede van die paspoort verstrek;
  - (b) 'n amptelike sertifikaat van aansoeker se land van burgerskap wat bevestig dat die aansoeker nie 'n kriminele rekord het nie: Op voorwaarde dat daardie land so 'n sertifikaat uitreik;
  - (c) twee skriftelike getuigskrifte van Suid-Afrikaanse burgers wat bevestig dat die aansoeker 'n geskikte en gepaste persoon is om 'n vuurwapen te besit;
  - (d) 'n volledige skriftelike motivering wat onderteken is deur die aansoeker ter ondersteuning van die aansoek; en
  - (e) 'n volledige stel van die aansoeker se vingerafdrukke wat bekragtig is deur 'n amptelike owerheid wat behoorlik daartoe gemagtig is.

#### **Voorwaardes van toepassing op 'n tydelike magtiging om 'n vuurwapen te besit**

- 24.**
- (1) Die houer van 'n tydelike magtiging om 'n vuurwapen te besit wat uitgereik word kragtens artikel 21 van die Wet moet die tydelike magtiging hou waar die vuurwapen ookal gehou word en moet op versoek van 'n polisiebeampte die tydelike magtiging en vuurwapen aan 'n polisiebeampte toon vir inspeksie.
  - (2) Die tydelike magtiging is net geldig vir die vuurwapen, tydperk en spesifieke gebruik wat aangedui word in die tydelike magtiging.
  - (3) Die houer van die tydelike magtiging mag nie meer as 200 patron per kaliber vuurwapen wat aangedui word in die tydelike magtiging aanhou nie, tensy dit vir die doel van sportskiet gehou word en die Registrateur het, by die aanvoer

van gegronde redes op die tydelike magtiging 'n groter hoeveelheid gespesifiseer.

- (4) Die Registrateur kan vereis dat 'n persoon aan wie 'n tydelike magtiging uitgereik is, dokumentêre bewys lewer van suksesvolle voorgeskrewe opleiding en toetse soos beoog word in artikel 9(q) en (r) van die Wet voordat 'n tydelike magtiging uitgereik word, of in geval van 'n jagter of sportpersoon wat 'n nie-burger is, 'n beëdigde verklaring wat sy of haar opleiding en ervaring in die hantering van vuurwapens bevestig.
- (5) Die Registrateur kan in die tydelike magtiging bepaal en spesifiseer op watter spesifieke plek die vuurwapen gebruik mag word.

### **Rekords ten opsigte van tydelike magtiging om 'n vuurwapen te besit**

- 25.** Die kantoor van die Sentrale Vuurwapenregister moet rekord hou van tydelike magtigings om 'n vuurwapen te besit en dit moet die volgende inligting bevat -
- (a) naam van die polisiestasie waar die aansoek ingedien is;
  - (b) besonderhede van die persoon wat die aansoek voltooi het;
  - (c) rede indien die aansoek afgekeur is;
  - (d) besonderhede van die aansoeker en vuurwapens betrokke by die aansoek;
  - (e) besonderhede van die perseel en veilige bergingsfasiliteite waar die vuurwapens of ammunisie, of albei veilig bewaar sal word; en
  - (f) hoe lank die tydelike magtiging geldig bly.

### **Jaarlikse verslag wat by die Minister ingedien moet word**

- 26.** Die Registrateur moet 'n jaarlikse verslag indien by die Minister oor die tydelike magtiging om vuurwapens te besit wat die volgende inligting bevat -
- (a) totale getal tydelike magtigings wat uitgereik is kragtens artikel 21 van die Wet;
  - (b) totale getal vuurwapens per tipe en kaliber waarvoor magtigings uitgereik is;
  - (c) name van polisiestasies waar die aansoeke ingedien is;
  - (d) 'n uiteensetting van redes waarom aansoeke afgekeur is; en
  - (e) 'n uiteensetting van die tydperke wat geld vir die tydelike magtigings.

### **Voorwaardes vir die gebruik van 'n vuurwapen wat besit word kragtens artikel 21 van die Wet**

- 27.** 'n Vuurwapen waarvoor magtiging uitgereik is kragtens artikel 21 van die Wet mag net gebruik word -
- (a) waar dit veilig is om dit te gebruik en net vir 'n wettige doel; en

- (b) in ooreenstemming met die verklaarde gebruik soos dit aangedui is in die aansoek wat ingedien is ten opsigte van die permit en wat geëndosseer moet word op die permit.

### **Uitkenningstekens op vuurwapens**

- 28.** (1) Enige vuurwapen wat permanent ingevoer word wat nie 'n uitkenningnummer van die vervaardiger dra nie, of wat 'n vervaardigersuitkenningnummer dra wat ooreenstem met 'n soortgelyke fabrikaat, model, tipe en kaliber vuurwapen wat opgeneem is in die Sentrale Vuurwapenregister moet vir die doel van sy lisensiëring in die Republiek van Suid-Afrika 'n addisionele uitkenningsteken kry wat bepaal word deur die Registrateur kragtens artikel 23(4) van die Wet wat op die loop en raam, of die loop en romp van die vuurwapen gestempel word in ooreenstemming met die voorwaardes van hierdie regulasie en onderhewig aan die voorwaardes van artikel 23(3) van die Wet. 'n Uitkenningsteken kan gegraveer, per sjabloon aangebring of ingeëts word op die loop en raam, of die loop en romp van die vuurwapen, soos bepaal deur die Registrateur op grond van omstandighede en met voorafgoedkeuring van die Registrateur.
- (2) 'n Identifikasienommer wat beoog word in artikel 23(2) van die Wet moet gestempel, gegraveer, per sjabloon aangebring word of geëts word tot 'n diepte van minstens 0.2 mm.
- (3) 'n Vuurwapen wat tydelik ingevoer word of in-transito is in die Republiek van Suid-Afrika, wat nie 'n uitkenningnummer van die vervaardiger op die loop en raam of loop en romp gestempel het nie, of wat met 'n uitkenningnummer van 'n vervaardiger op die loop of raam of romp gestempel is wat ooreenstem met 'n soortgelyke fabrikaat, model, tipe en kaliber vuurwapen wat voorkom in die Sentrale Vuurwapenregister, moet 'n unieke vuurwapen-identifikasienommer kry wat toegeken word deur die Registrateur en sodanige nommer moet aan die vuurwapen geheg word in die vorm van 'n etiket wat behoorlik aan die vuurwapen geheg word en daardie nommer moet op die vuurwapen bly vir die tydperk wat die vuurwapen in die Republiek van Suid-Afrika is.

### **Die sentrale vuurwapendatabasis**

- 29.** (1) Die Registrateur moet 'n sentrale vuurwapendatabasis vestig en in stand hou wat inligting moet hou oor die volgende-
- (a) alle aansoeke om 'n bevoegdheidsertifikaat, lisensie, magtiging en permit om 'n vuurwapen te besit kragtens die Wet, asook hernuwings en afskrifte van sodanige bevoegdheidsertifikate, addisionele bevoegdheidsertifikate, lisensies, magtigings, permitte en hernuwings;
- (b) enige afkeur, beëindiging of kansellasie van 'n bevoegdheidsertifikaat, lisensie, magtiging of permit om 'n vuurwapen te besit, asook hernuwings en afskrifte van sodanige bevoegdheidsertifikate, addisionele bevoegdheidsertifikate, lisensies, magtigings en permitte;
- (c) 'n verklaring van ongeskiktheid om 'n vuurwapen te besit soos beoog in hoofstuk 12 van die Wet;

- (d) die besonderhede wat aangedui word in 'n bevoegdheidsertifikaat, lisensie, magtiging, permit en hernuwing of 'n afskrif daarvan wat uitgereik is; en
- (e) die oordrag van 'n vuurwapen kragtens die Wet.

## **Hoofstuk 5**

### **Lisensies wat uitgereik word aan besondere kategorieë persone**

#### **Deel 1**

#### **Algemene voorwaardes**

#### **Addisionele besonderhede wat verskaf moet word met 'n aansoek om 'n handelaars-, vervaardigers- en wapensmidlisensie**

- 30.** 'n Persoon wat aansoek doen om 'n handelaars-, vervaardigers- of wapensmidlisensie soos beoog word in hoofstuk 7 van die Wet, moet bo en behalwe die betrokke inligting wat vereis word in regulasie 13, die volgende indien -
- (a) 'n beskrywing van die perseel waar die aansoeker beplan om besigheid te bedryf as 'n handelaar, vervaardiger of wapensmid wat die ligging, asook omliggende geboue en besighede beskryf;
  - (b) 'n plan van die perseel wat volgens skaal geteken is, wat die volgende duidelik aandui -
    - (i) die afmetings van elke vertrek; en
    - (ii) die uiteensetting van die interne struktuur, met alle deure, vensters, toonbanke, kluiise, brandkluiise en alle interne en eksterne verbindings;
  - (c) dokumentêre bewys, tot bevrediging van die Registrateur, dat die gebou of gedeelte daarvan, wat gebruik sal word vir die doel van die besigheid, se konstruksie moet wees van gebakte kleistene of sementstene, betonvloere, aggremaat vir beton wat voldoen aan die vereistes van SABS-spesifikasie 1083, aggremaat vir messesement en pleister wat voldoen aan SABS-spesifikasie 1090, en 'n dak wat tot bevrediging van die Registrateur opgerig is;
  - (d) dokumentêre bewys, tot bevrediging van die Registrateur, dat die perseel toegerus is met 'n diefalarmstelsel wat voldoen aan die volgende vereistes -
    - (i) passiewe infrarooi-sensors (PIR) wat beweging opspoor met 'n lens vir soliede uitgebreide breë dekking wat op so 'n wyse geïnstalleer is dat dekking van die vloer tot die plafon van die gebou voorsien word;
    - (ii) elke sensor wat beweging opspoor moet toegerus wees met 'n peutervrye toestel;
    - (iii) indien die alarm geaktiveer word, moet die status net herstel kan word met behulp van 'n sleutel of kode wat ingevoer moet word;
    - (iv) onafhanklike funksie vir minstens 10 uur in geval van 'n kragonderbreking;

- (v) 'n beheereenheid wat geïnstalleer word binne die gebied wat beveilig word, of toegerus is met 'n peutervrye toestel;
  - (vi) 'n outomatiese telefoon- of radiokontakeenheid wat skakeling bewerkstellig tussen die aansoeker of enige ander verantwoordelike persoon wanneer die alarmstelsel geaktiveer word, wat binne die gedeelte wat beveilig word geïnstalleer is, of toegerus is met 'n peutervrye toestel; en
  - (vii) 'n sirene met 'n klankfrekwensie van minstens 93 desibel en 'n flitsende lig wat geïnstalleer is in die gedeelte wat beveilig word, of toegerus is met 'n peutervrye toestel;
- (e) dokumentêre bewys tot bevrediging van die Registrateur dat die gebou toegerus is met diefwering wat geïnstalleer is en voldoen aan die volgende -
- (i) die diefwering moet geheg wees aan die vaste struktuur van die gebou en die veiligheidshekke moet toegerus wees met slotte; en
  - (ii) diefwering van die vensters en veiligheidshekke van deure wat horisontale staalversterking van minstens 50 mm x 10 mm behels, welke versterking nie meer nie as 500 mm uitmekaar gespaseer moet word, asook vertikale ronde staalstawe met 'n deursnee van nie minder nie as 16 mm wat geheg is aan die horisontale staalversterking op so 'n wyse dat die vertikale ronde staalstawe deur die horisontale staalversterking geïnstalleer word en dat dit nie meer as 100 mm uitmekaar so geïnstalleer sal word nie;
- (f) dokumentêre bewys tot bevrediging van die Registrateur dat die gebou of gedeelte daarvan wat gebruik sal word vir die onderneming, toegerus is met 'n voldoende getal kluipe of instapkluipe wat voldoen aan die toepaslike regulasie van Regulasie 86;
- (g) dokumentêre bewys wat voorsien is deur 'n rekenmeester, ouditeur of prokureur met kennis van die betrokke feite, tot bevrediging van die Registrateur, oor die volgende -
- (i) die volle naam, van, identiteitsnommer en adres van elke natuurlike persoon wat enige direkte of indirekte finansiële of ander besigheidsebelang sal hê in die onderneming met besonderhede van die aard en omvang van so 'n belang en in geval van 'n regspersoon moet die naam en identiteitsnommer van enige persoon in beheer daarvan of verantwoordelik vir die bestuur daarvan ook voorsien word;
  - (ii) indien die aansoeker 'n regspersoon is, volle besonderhede van die regspersoon, met inbegrip van ondersteunende dokumente wat die regstatus bevestig;
  - (iii) dokumentêre bewys van eienaarskap van die eiendom, of indien die aansoeker nie die geregistreerde eienaar is van die eiendom waar die perseel geleë is nie, die besonderhede van die geregistreerde eienaar met skriftelike toestemming van die eienaar ten gunste van die aansoeker om die onderneming op die perseel te bedryf, met inbegrip van die bepalinge en voorwaardes wat van toepassing is op gebruik van die perseel; en

- (h) dokumentêre bewys tot bevrediging van die Registrateur dat die aansoeker voldoen aan al die plaaslike bywette wat van toepassing mag wees op die bedryf van die onderneming.

## **Deel 2 Handelaars**

### **Voorwaardes ten opsigte van 'n handelaarslisensie**

- 31.** Die Registrateur kan die volgende voorwaardes afdwing ten opsigte van 'n handelaarslisensie -
- (a) 'n handelaar wat beplan om 'n verbode vuurwapen of toestel waarna verwys word in artikel 4 van die Wet oor te dra, moet 'n aansoek wat voldoen aan regulasie 13 by die Registrateur indien insoverre dit van toepassing mag wees vergesel van 'n relevante permit wat uitgereik is deur die Nasionale Komitee vir die Beheer oor Konvensionele Krygstuig wat gevestig is kragtens die Wet op Nasionale Beheer oor Konvensionele Krygstuig, 2002 (Wet No. 41 van 2002);
  - (b) 'n handelaar kan net 'n verbode vuurwapen en toestel waarna verwys word in artikel 4 van die Wet oordra nadat skriftelike bevestiging verkry is van die Registrateur dat 'n lisensie vir die besit van die verbode vuurwapen uitgereik is aan 'n houër van 'n lisensie soos dit voorsien word in artikel 17, 18(5), 19 en 20(1)(b);
  - (c) gedurende enige tydperk waartydens die gelisensieerde perseel gesluit is vir besigheidsdoeleindes, moet alle vuurwapens en ammunisie op die perseel toegesluit wees in 'n instapkluis of kluis vir die veilige bewaring van die vuurwapens, soos dit omskryf is in die betrokke lisensie;
  - (d) gedurende enige tydperk waartydens die perseel wat in die lisensie omskryf word oop is vir besigheidsdoeleindes, om handel te dryf in vuurwapens of ammunisie, mag die vuurwapens en ammunisie net uitgestal word as die vuurwapens -
    - (i) nie gelaai is nie; en
    - (ii) in geval van handwapens, toegesluit is in 'n uitstalkabinet of uitstaleenheid wat verhoed dat ongemagtigde toegang verkry word tot die handwapens wat so uitgestal word;
    - (iii) in geval van vuurwapens, uitsluitende handwapens en vuurwapens wat uitgestal word soos voorgeskryf in paragraaf (ii) -
      - (aa) moet dit onbruikbaar gemaak word met behulp van 'n veilige sluittoestel; of
      - (bb) moet dit veilig geheg word met behulp van 'n metaalpasstuk aan 'n nie-draagbare struktuur, op so 'n wyse dat dit nie geredelik verwyder kan word nie; en

- (iv) moet dit nie uitgestal word met ammunisie wat daaruit gevuur kan word nie.
- (e) gedurende enige tydperk wanneer die gelisensieerde perseel oop is vir besigheid of enige ander doel, moet vuurwapens en ammunisie wat nie uitgestal word nie, in 'n instapkluis of kluis gehou word vir die veilige bewaring van vuurwapens soos dit omskryf is in die betrokke lisensie;
- (f) 'n handelaar kan nie die besonderhede van 'n vuurwapen op die toepaslike deel van 'n betrokke aansoek om 'n lisensie vir die besit van daardie vuurwapen invul tensy die handelaar fisies die vuurwapen in sy of haar besit het wanneer sodanige besonderhede aangeteken word nie;
- (g) 'n handelaar mag nie die besonderhede van 'n vuurwapen invul in die toepaslike deel van 'n aansoek om 'n lisensie om daardie vuurwapen te besit op 'n aansoek wat gelyktydig ingedien word vir 'n ander lisensie om daardie vuurwapen te besit nie;
- (h) net natuurlike persone wie se besonderhede aangeteken is in die voorgeskrewe register wat beoog word in regulasie 37(4) kan namens die handelaar handel dryf in vuurwapens of ammunisie;
- (i) die persone wie se besonderhede op die lisensie of in die voorgeskrewe register aangebring is soos beoog in regulasie 37(4) moet seker maak dat -
  - (i) behoorlike beheer te alle tye gedurende besigheidsure uitgeoefen word oor al die vuurwapens en ammunisie;
  - (ii) die voorgeskrewe registers behoorlik in stand gehou word; en
  - (iii) elke redelike voorsorgmaatreël tref teen verlies of diefstal van die vuurwapens en ammunisie;
- (j) die vuurwapens en ammunisie wat op gesag van 'n handelaarslisensie gehou word mag net vervoer word deur 'n persoon wie se besonderhede op die lisensie verskyn of aangebring is in die register wat voorgeskryf word kragtens regulasie 37(4), of deur die houer van 'n vuurwapenkarweierspermit en sodanige vervoer moet voldoen aan die vereistes van regulasie 68(1)(a) tot (c);
- (k) die handelaar moet bevestig dat die besonderhede van 'n vuurwapen en ammunisie wat aangeteken is op 'n vorm en in die register wat deur die handelaar hanteer word, korrek is;
- (l) vuurwapens en ammunisie mag net getoetsvuur of vir demonstrasie doeleindes afgevuur word by 'n geakkrediteerde skietbaan deur 'n persoon aan wie 'n bevoegdheidsertifikaat uitgereik is;
- (m) die handelaar en alle persone in diens van die handelaar moet vertrouwd wees met die voorwaardes van die Wet, die regulasies wat gepromulgeer is kragtens die Wet en enige wysigings daartoe;
- (n) 'n handelaar mag nooit enige vuurwapen of ammunisie in enige vertoonkas of vertoonvenster uitstal of vertoon indien die vertoonkas of -venster direk uitkyk op of grens aan enige openbare straat, pad, deurgang of openbare plek

waartoe die algemene publiek toegang het nie en ook nie toelaat dat dit so vertoon of uitgestal word nie;

- (o) die handelaarslisensie kan nie oorgedra word nie; en
- (p) 'n handelaarslisensie magtig nie die versameling van vuurwapens of ammunisie as 'n privaat- of openbare versameling nie.

### **Inligting op 'n handelaarslisensie**

**32.** 'n Handelaarslisensie moet, bo en behalwe die vereistes van artikels 7(2) en 34 van die Wet die volgende bevat -

- (a) handelaar se besigheidsnaam;
- (b) in gevalle waar die houer van die handelaarslisensie 'n natuurlike persoon is, die voorletters, van en identiteitsnommer van die houer van die handelaarslisensie, of in geval van 'n regspersoon, die naam en wettige voorgeskrewe registrasienommer van die regspersoon daarvan waar dit van toepassing is;
- (c) die nommer van, datum waarop dit uitgereik is en die soort bevoegdheidsertifikaat wat uitgereik is aan die houer van die handelaarslisensie en in geval van 'n regspersoon, die naam, van, identiteitsnommer, asook nommer, datum waarop dit uitgereik is en die soort bevoegdheidsertifikaat wat uitgereik is aan die verantwoordelike persoon, waar dit van toepassing is;
- (d) datum waarop die lisensie uitgereik is;
- (e) datum waarop die lisensie verval;
- (f) registrasienommer en verwysingskode wat toegeken is deur die Registrateur; en
- (g) besonderhede van die goedgekeurde kluis of instapkluis soos dit beoog word in regulasie 86(2).

### **Aansoek om tydelike magtiging om handel te dryf in vuurwapens en ammunisie op persele buiten daardie persele wat gespesifiseer word in 'n handelaar se lisensie**

**33.** (1) 'n Handelaar wat aansoek doen om tydelike magtiging, soos beoog word in artikel 36 van die Wet moet, bo en behalwe die vereistes van regulasie 13, die volgende indien -

- (a) 'n skriftelike motivering om die aansoek te steun, met spesifieke verwysing na die stappe wat beoog word ten opsigte van die veilige bewaring van die vuurwapens en ammunisie;
- (b) 'n skriftelike verklaring dat die handelaar fasiliteite beskikbaar het vir die veilige bewaring van die vuurwapens en ammunisie, welke fasiliteite voldoen aan SABS-Standaard 953-1 of 953-2, of albei;
- (c) 'n gesertifiseerde afskrif van die handelaar se lisensie; en



- (d) 'n lys met die volle name, identiteitsnommers, die datum waarop 'n bevoegdheidsertifikaat uitgereik is aan elke persoon wat namens die handelaar op die perseel gaan handel dryf.
- (2) Die aansoek moet minstens 30 dae voor die datum waarop die handelsbedrywighede gaan begin by die ander perseel, ingedien word.

**Voorwaardes van toepassing op tydelike magtiging om handel te dryf in vuurwapens en ammunisie op persele buiten die persele wat gespesifiseer word in 'n handelaar se lisensie**

- 34.** Die Registrateur kan die volgende voorwaardes afdwing ten opsigte van tydelike magtiging wat uitgereik word kragtens artikel 36 van die Wet:
- (a) Die handelaar aan wie die tydelike magtiging uitgereik is moet, vir die duur van die handeldryf in vuurwapens en ammunisie, die tydelike magtiging hou op die perseel wat gespesifiseer word in die tydelike magtiging en die handelaar moet op versoek van 'n polisiebeampte die tydelike magtiging voorsien aan sodanige polisiebeampte vir inspeksie;
  - (b) gedurende enige tydperk waartydens die perseel wat gespesifiseer is in die tydelike magtiging gesluit is vir besigheidsdoeleindes, moet alle vuurwapens en ammunisie op die perseel toegesluit wees in 'n instapkluis of kluis vir die veilige bewaring van die vuurwapens, wat gespesifiseer is in die betrokke tydelike magtiging;
  - (c) gedurende enige tydperk waartydens die perseel wat gespesifiseer word in die tydelike magtiging oop is vir doeleindes om handel te dryf in vuurwapens of ammunisie, mag die vuurwapens en ammunisie net uitgestal word as die vuurwapens -
    - (i) nie gelaai is nie; en
    - (ii) in geval van handwapens, toegesluit is in 'n uitstalkabinet of uitstaleenheid wat verhoed dat ongemagtigde toegang verkry word tot die handwapens wat so uitgestal word;
    - (iii) in geval van vuurwapens, uitsluitende handwapens en vuurwapens wat uitgestal word soos voorgeskryf in paragraaf (ii) -
      - (aa) moet dit onbruikbaar gemaak word met behulp van 'n veilige sluittoestel; of
      - (bb) moet dit veilig geheg word, met behulp van 'n metaalpasstuk, aan 'n nie-draagbare struktuur, op so 'n wyse dat dit nie gereedlik verwyder kan word nie; en
    - (iv) moet dit nie uitgestal word met ammunisie wat daaruit gevuur kan word nie.
  - (d) gedurende enige tydperk wanneer die perseel wat gespesifiseer word in die tydelike magtiging oop is vir besigheid om handle te dryf, of vir enige ander doel -

- (i) mag ammunisie slegs vertoong word indien die ammunisie veilig gesluit is in 'n uitstaltoonbank of vertoonkabinet; en
  - (ii) moet vuurwapens of ammunisie, of albei wat nie uitgestal word nie, in 'n instapkluis of kluis gehou word vir die veilige bewaring van vuurwapens wat gespesifiseer is in die tydelike magtiging;
- (e) net persone wat gespesifiseer word in die tydelike magtiging wat 'n betrokke bevoegdheidsertifikaat in sy of haar besit het, mag by die gespesifiseerde perseel handel dryf namens die handelaar;
- (f) gedurende die tydperk waartydens handel gedryf word op die perseel wat genoem word in die tydelike magtiging, moet 'n rekord gehou word van elke vuurwapen en alle ammunisie wat die handelaar op die perseel hou en die volgende besonderhede moet in die register aangeteken word -
- (i) die voorraadnommer wat toegewys is kragtens regulasie 37(1)(a) wat duidelik aangebring moet wees by wyse van 'n tydelike merk op die vuurwapen;
  - (ii) die fabriek, fabriek en kaliber van die vuurwapen asook die vervaardiger se uitkenningsnommer of addisionele identifikasiemerk wat aangebring is op die vuurwapen soos beoog in artikel 23(4) van die Wet;
  - (iii) die kaliber, maak en hoeveelheid van alle ammunisie;
  - (iv) die datum van die verkoop van enige vuurwapen of ammunisie, of albei;
  - (v) die volle naam, fisiese adres en identiteitsnommer of registrasienommer, na gelang van die geval, van die persoon aan wie 'n vuurwapen of ammunisie, of albei verkoop is;
  - (vi) die datum waarop 'n lisensie, permit of magtiging uitgereik is met die betrokke nommer van die lisensie, permit of magtiging, soos beoog word in artikel 90(d) van die Wet, kragtens waarvan die persoon aan wie die ammunisie verkoop is, die ammunisie mag besit;
  - (vii) die kaliber, fabriek en hoeveelheid ammunisie wat verkoop is; en
  - (viii) die handtekening van die persoon aan wie die ammunisie verkoop is moet aangebring word by die besonderhede wat aangeteken is;
- (g) geen vuurwapen mag gelewer word aan 'n persoon aan wie dit verkoop is op die perseel wat gespesifiseer is in die tydelike magtiging, tensy die register wat voorgeskryf word in regulasie 37(1) behoorlik ingevul is deur die handelaar nie; en
- (h) die rekord wat voorgeskryf word in paragraaf (f), moet nadat die tydperk waarvoor die tydelike permit toegestaan is verstryk het, ingesluit en kruisverwys word in die register wat voorgeskryf word in regulasie 37.

### **Rekord van voorgeskrewe inligting ten opsigte van tydelike magtiging wat verband hou met handelaars**

- 35.** Die Kantoor van die Sentrale Vuurwapenregister moet 'n rekord hou van die volgende inligting wat verband hou met tydelike magtigings wat uitgereik is kragtens artikel 36 van die Wet:
- (a) Die naam van die polisiestase waar die aansoek ingedien is;
  - (b) besonderhede van die persoon wat die aansoek ingevul het;
  - (c) rede as die aansoek afgekeur is;
  - (d) aansoeker se besonderhede;
  - (e) besonderhede van perseel en fasiliteite vir veilige bewaring waar vuurwapens of ammunisie of albei in veilige bewaring gehou sal word; en
  - (f) hoe lank die tydelike magtiging van krag bly.

### **Aansoek van 'n handelaar om van perseel te verander**

- 36.** (1) 'n Handelaar wat aansoek doen om verskuiwing van die besigheid op die perseel wat gespesifiseer word in die lisensie na 'n ander perseel moet, bo en behalwe die betrokke inligting wat vereis word in regulasie 13 en regulasie 30, sodanige verdere inligting en dokumente indien as wat vereis mag word deur die Registrateur.
- (2) Indien 'n inspeksie van die nuwe perseel, deur 'n polisiebeampte of 'n Aangewese Vuurwapenbeampte aan die lig bring dat die fasiliteite vir veilige bewaring op die nuwe perseel nie in alle opsigte voldoen aan die vereistes wat gestel word vir die spesifieke lisensie nie, moet die betrokke Aangewese Vuurwapenbeampte die houer van die lisensie skriftelik daarvan verwittig en 'n tydperk van 60 dae toelaat om die aangetekende tekortkominge te herstel: Op voorwaarde dat die Registrateur tevrede is dat die aard van die tekortkominge nie 'n onaanvaarbare risiko bied vir die veilige bewaring van vuurwapens of ammunisie nie.
- (3) (a) Indien 'n aansoek om na 'n nuwe perseel te verskuif, soos beoog in subregulasie (1), goedgekeur word, moet die handelaar onmiddellik nadat die nuwe perseel betrek is, die betrokke Aangewese Vuurwapenbeampte verantwoordelik vir die gebied waar die aansoeker se nuwe besigheid geleë is, laat weet daarvan.
- (b) 'n Kennisgewing soos beoog in subparagraaf (a) moet op die toepaslike vorm aangebring word en vergesel wees van sodanige inligting en dokumente as wat die Registrateur mag vereis.

### **Registers ten opsigte van 'n handelaar**

- 37.** (1) 'n Handelaar moet 'n register hou soos beoog in artikel 39(3) van die Wet en dit moet 'n stel boeke of rekenaardrukstukke bekend as "die Vuurwapenvoorraadregister" insluit vir elke vuurwapen wat in voorraad ontvang word, van enige bron van enige aard en die volgende moet in die register aangeteken word -

- (a) aan die debietkant -
    - (i) 'n voorraadnommer wat duidelik aangebring moet word by wyse van 'n tydelike merk op die vuurwapen;
    - (ii) die fabrikaat, tipe, kaliber van die vuurwapen, asook elke vervaardiger se uitkenning nommer of addisionele uitkenningsteken wat op die vuurwapen aangebring is, soos beoog word in artikel 23(4) van die Wet;
    - (iii) die datum waarop die vuurwapen ontvang is;
    - (iv) die volle name, van, identiteitsnommer of registrasienommer, na gelang van die geval, asook die fisiese adres van die persoon van wie die vuurwapen verkry is; en
    - (v) die nommer van en die datum waarop die bestaande lisensie, magtiging of permit, na gelang van die geval, uitgereik is en in geval van 'n privaatoordrag, die handtekening van die persoon van wie die vuurwapen verkry is;
  - (b) aan die kredietkant teenoor die voorraadnommer waarna verwys is in subregulasie (1) (a)(i) -
    - (i) die datum waarop die vuurwapen verkoop is;
    - (ii) die volle name, van, identiteitsnommer of registrasienommer, na gelang van die geval, asook die fisiese adres van die persoon aan wie die vuurwapen verkoop is;
    - (iii) die nommer van en datum waarop die lisensie, magtiging of permit uitgereik is en wat betrekking het op besit van die vuurwapen deur die persoon wat beoog word in subparagraaf (ii); en
    - (iv) die handtekening van die persoon wat verantwoordelik is vir die oordrag van die vuurwapen moet aangebring word by die besonderhede wat aangeteken is.
- (2) 'n Handelaar moet 'n register hou wat 'n stel boeke of rekenaardrukstukke bekend as "die Ammunisievoorraderegister" insluit, ten opsigte van alle ammunisie wat ontvang word -
- (a) aan die debietkant -
    - (i) die kaliber, fabrikaat en hoeveelheid van alle ammunisie wat ontvang is; en
    - (ii) die datum van ontvangs; en
    - (iii) die nommer van en datum waarop die lisensie, magtiging of permit uitgereik is aan die persoon van wie die ammunisie verkry is, na gelang van die geval;
  - (b) aan die kredietkant -

- (i) die datum waarop die ammunisie verkoop is;
  - (ii) die volle name, van, identiteitsnommer of registrasienommer, na gelang van die geval, asook fisiese adres van die persoon aan wie die ammunisie verkoop is;
  - (iii) die nommer van en datum waarop die lisensie, permit of magtiging wat beoog word in artikel 90(d) van die Wet uitgereik is en waarvolgens die persoon aan wie die ammunisie verkoop is, die ammunisie mag besit;
  - (iv) die kaliber, fabrikaat en hoeveelheid van alle ammunisie wat verkoop is; en
  - (v) die handtekening van die persoon aan wie die ammunisie verkoop of oorgedra is, moet aangebring word waar die besonderhede aangeteken is.
- (3) (a) 'n Handelaar moet 'n register hou, welke register 'n stel boeke of rekenaardrukstukke bekend as die "Register vir die veilige bewaring van vuurwapens" moet insluit wat inligting moet bevat van alle vuurwapens wat die handelaar ontvang of namens 'n houër van 'n lisensie, magtiging of permit hou vir die doel om dit veilig te bewaar of oor te dra.
- (b) Die Register vir die veilige bewaring van vuurwapens moet die volgende inligting bevat:
- (i) die datum waarop die vuurwapen ontvang is;
  - (ii) die volle name, van, identiteitsnommer of registrasienommer, na gelang van die geval, asook die fisiese adres van die persoon van wie die vuurwapen verkry is;
  - (iii) die fabrikaat, tipe, kaliber van die vuurwapen, asook elke vervaardiger se uitkenningsteken of addisionele uitkenningsteken wat op die vuurwapen aangebring is soos beoog in artikel 23(4) van die Wet;
  - (iv) die nommer van en datum waarop die bestaande lisensie, magtiging of permit uitgereik is, na gelang van die geval en die handtekening van die persoon van wie die vuurwapen verkry is;
  - (v) die datum waarop die vuurwapen terugbesorg, oorgedra of verkoop is; en
  - (vi) die handtekening van die persoon aan wie die vuurwapen terugbesorg, oorgedra of verkoop is.
- (4) 'n Handelaar moet 'n register hou waarin die volle name, van, identiteitsnommer en fisiese adres, asook die nommer van die toepaslike bevoegdheidsertifikaat ten opsigte van natuurlike persone wat handel dryf namens die handelaar, aangeteken word.

- (5) (a) Die registers wat 'n stel boeke behels, wat kragtens die regulasie gehou moet word, kan nie in gebruik geneem word of gebruik word tensy elke bladsy van sodanige register in volgorde genommer is en die betrokke Aangewese Vuurwapenbeampte elke sodanige bladsy onderteken het en 'n amptelike datumstempel met besonderhede van die kantoor waar die betrokke Aangewese Vuurwapenbeampte gestasioneer is daarop aangebring het by elke sodanige handtekening nie.
- (b) 'n Handelaar moet, binne sewe dae na die einde van 'n maand die register, wat rekenaardrukstukke behels wat kragtens die regulasie gehou moet word, waarvan elke bladsy in volgorde genommer is, aan die betrokke Aangewese Vuurwapenbeampte oorhandig sodat die betrokke Aangewese Vuurwapenbeampte elke bladsy kan onderteken en 'n amptelike datumstempel kan aanbring, welke datumstempel die besonderhede van die kantoor waar die betrokke Aangewese Vuurwapenbeampte gestasioneer is moet aandui by elke handtekening wat aangebring word.
- (6) 'n Inskrywing in 'n register waarna verwys word in die regulasie moet gedruk of in ink geskryf word en elke wysiging daartoe moet aangebring word deur die inskrywing deur te haal met ink en dit nie uit te vee nie enige sodanige wysing moet gearafeer word deur die persoon wat die wysiging aanbring.
- (7) Geen persoon mag 'n bladsy van enige register wat beoog word in hierdie regulasie verwyder nie en indien enige bladsy van sodanige register verwyder word, sal dit geag word, in die afwesigheid van bewyse tot die teendeel wat lei tot redelike twyfel, asof dit verwyder is deur of op gesag van die persoon wat kragtens die bepaling van die Wet verplig is om sodanige register te hou.
- (8) 'n Handelaar moet, indien hy te enige tyd by wyse van 'n skriftelike kennisgewing van die Registrateur daartoe versoek word, 'n opgawe indien met besonderhede oor ammunisie wat verkry of aangekoop is, of verkoop, oorgedra of van die hand gesit is, soos die Registrateur in die kennisgewing mag aanvra.
- (9) Alle besonderhede wat in 'n register aangeteken moet word soos beoog in hierdie regulasie, moet aangeteken word deur 'n persoon wat op die handelaarslisensie aangedui word met ontvangs, oordrag of verkoop van die betrokke vuurwapen of ammunisie, na gelang van die geval.
- (10) Onderhewig aan die voorwaardes van artikel 146 en regulasie 102(1) moet 'n register wat gehou word kragtens hierdie regulasie en regulasie 34(f), op die besigheidsperseel wat gespesifiseer word in die handelaarslisensie gehou word vir 'n tydperk van 10 jaar na die datum van die laaste inskrywing daarin.

**Wyse waarop 'n werkstasie ingestel, in stand gehou en gekoppel moet word aan die sentrale handelaarsdatabasis**

- 38.** (1) Die werkstasie van 'n handelaar wat beoog word in artikel 39(6) van die Wet, moet gekoppel wees aan die sentrale handelaarsdatabasis met behulp van programmatuur en 'n elektroniese verbindingsnetwerk wat versoenbaar is met die infrastruktuur en standarde van die Suid-Afrikaanse Polisie.

- (2) 'n Handelaar moet 'n elektroniese verbinding reël om die registers wat voorgeskryf word in regulasie 37 te koppel aan die sentrale handelaarsdatabasis en moet voorsiening maak vir 'n daaglikse elektroniese oordrag van inligting oor die vorige besigheidsdag se bedrywighede wat verband hou met vuurwapens en ammunisie soos dit in die voorgeskrewe registers aangeteken is.
- (3) Indien enige omstandighede voorkom wat die handelaar verhoed om die opgawes elektronies oor te dra met behulp van die elektroniese netwerk, moet die Registrateur onmiddellik in kennis gestel word om 'n alternatiewe reëling te tref vir die indien van die daaglikse opgawes.

### **Weeklikse opgawes**

- 39.** (1) 'n Handelaar wat gevrywaar is van die pligte waarna verwys word in artikel 39(6) van die Wet moet, binne sewe dae na afloop van elke week 'n opgawe indien by die kantoor van die Sentrale Vuurwapenregister in die vorm wat bepaal word deur die Registrateur, of moet 'n rekenaardrukstuk indien met die inligting voorberei in die voorgeskrewe vorm, welke opgawes betrekking moet hê op alle vuurwapens en ammunisie -
- (a) wat gedurende die betrokke week verkry is; en
  - (b) wat gedurende die betrokke week oorgedra is.
- (2) 'n Handelaar moet sodanige weeklikse opgawes indien hetsy enige vuurwapens of ammunisie verkry of oorgedra is, of nie.

### **Vestiging van gesentraliseerde handelaarsdatabasis**

- 40.** (1) Die Registrateur moet 'n sentrale handelaarsdatabasis vestig en in stand hou wat gekoppel moet word aan 'n elektroniese netwerk wat onderlinge verbinding met werkstasies van handelaars, soos beoog in regulasie 38, bewerkstellig.
- (2) Die sentrale handelaarsdatabasis moet die volgende bevat -
- (a) inligting en ondersteunende dokumente wat 'n aansoeker op die voorgeskrewe wyse indien kragtens regulasie 13 met betrekking tot 'n bevoegdheidsertifikaat, handelaarslisensie, magtiging, hernuwing of afskrif daarvan, asook relevante inligting ten opsigte van die opskorting of beëindiging daarvan;
  - (b) die inligting op 'n bevoegdheidsertifikaat, lisensie, magtiging en 'n hernuwing of afskrif daarvan wat uitgereik of afgekeur is op grond van 'n aansoek; en
  - (c) die besonderhede en inligting wat deur 'n handelaar ingedien is met betrekking tot die verkryging, oordrag of beskikking van 'n vuurwapen of ammunisie ingevolge die Wet.

### Deel 3 Vervaardigers

#### Voorwaardes van toepassing op 'n vervaardigerslisensie

- 41.** Die Registrateur kan die volgende voorwaardes afdwing ten opsigte van 'n vervaardigerslisensie -
- (a) die lisensie mag nie oorgedra word nie;
  - (b) die gedeelte van die besigheid se perseel wat gespesifiseer word in die lisensie waar die vuurwapens en ammunisie vervaardig of geberg word, moet gedurende werkure onder onmiddellike beheer wees van die houer van die vervaardigerslisensie, of indien die Registrateur dit skriftelik magtig, onder beheer wees van 'n persoon wat deur die houer van die vervaardigerslisensie genomineer word om toesig te hou oor die finale montering van die vuurwapens;
  - (c) die houer van die vervaardigerslisensie kan net die kaliber ammunisie wat nodig is vir die toets van 'n vuurwapen wat kragtens die lisensie vervaardig is aankoop en in voorraad hou;
  - (d) alle vervaardigde vuurwapens en hoof vuurwapenkomponente moet te alle tye, buiten werkure, in 'n voorgeskrewe kluis of instapkluis gehou word, soos dit gespesifiseer is in die lisensie;
  - (e) gedurende periodes wanneer die gelisensieerde perseel gesluit is vir besigheidsdoeleindes moet alle ammunisie en enige ander ploffbare komponent van die ammunisie wat op die perseel gehou word toegesluit word in 'n instapkluis of kluis wat goedgekeur is kragtens die Wet op Ontploffbare Stowwe, 1956 (Wet No. 26 van 1956) en gespesifiseer word in die lisensie;
  - (f) op elke vuurwapen wat vervaardig word kragtens die voorwaardes van die Wet moet 'n uitkenningsnommer van die vervaardiger daarop aangebring word;
  - (g) 'n uitkenningsnommer vir die vervaardiger moet, op versoek van die vervaardiger, toegeken word deur die Registrateur;
  - (h) die vervaardiger se uitkenningsnommer moet op die vuurwapen gestempel word in ooreenstemming met die voorwaardes van artikel 23(2) van die Wet wat gelees moet word in samehang met regulasie 28(2), voordat die vervaardigingsproses afgehandel is;
  - (i) die vervaardiger moet die woorde "Vervaardig in Suid-Afrika" en die vervaardiger se handelsnaam op die loop, raam of romp van die vuurwapen stempel;
  - (j) 'n vuurwapen mag net getoets word deur 'n persoon met 'n geldige bevoegdheidsertifikaat by 'n skietbaan of tunnel wat goedgekeur is deur die Registrateur;
  - (k) die lisensie magtig net die vervaardiging van vuurwapens of 'n kaliber ammunisie, of albei as dit so gespesifiseer is;



- (l) voordat die vervaardiging van vuurwapens of kaliber ammunisie wat nie gespesifiseer is op die vervaardiger se lisensie nie mag begin, moet die houër van die vervaardigerslisensie by die Registrateur aansoek doen vir 'n lisensie om sodanige vuurwapen of kaliber ammunisie te vervaardig;
- (m) die Registrateur kan, na ontvangs van 'n aansoek om die lisensie, maar voordat dit uitgereik word, toestemming verleen dat die vervaardiger 'n spesifieke getal prototipes van die vuurwapen vervaardig om die nodige beveiliging van die vuurwapen te verseker soos dit beoog word in regulasie 106;
- (n) die Registrateur kan net 'n vervaardiger lisensieer om 'n vuurwapen of ammunisie te vervaardig volgens die vereistes van artikel 4(1)(a) tot (d) van die Wet as die vervaardiger vooraf die nodige permit verkry het kragtens artikel 14 van die Wet op Nasionale Beheer oor Konvensionele Krygstuig, 2002 (Wet No. 41 van 2002), asook 'n beveiligingsertifikaat soos beoog in regulasie 106 en 'n ballistiese evalueringsverslag van die Suid-Afrikaanse Polisieëndienste;
- (o) in geval van kommersiële laai van ammunisie, buiten dit wat beoog word in artikel 93(1) van die Wet, moet die verpakking waarin die ammunisie verkoop word deur die vervaardiger duidelik aandui dat die ammunisie herlaai is en die verpakking moet verder gedrukte besonderhede van die vervaardiger wat dit laai vertoon;
- (p) ammunisie wat vervaardig word kragtens 'n vervaardigerslisensie, maar nie ammunisie wat beoog word in subparagraaf (o) nie, moet individueel geïdentifiseer word deur 'n unieke kopstempel of merk wat goedgekeur is deur die Registrateur en wat die vervaardiger identifiseer;
- (q) die vuurwapens en ammunisie wat besit word op gesag van 'n vervaardigerslisensie moet net namens die houër van 'n vervaardigerslisensie vervoer word deur 'n persoon wie se naam voorkom op die lisensie of in die register wat beoog word in regulasie 47(5), of deur die houër van 'n vuurwapenkarweierspermit en sodanige vervoer moet voldoen aan die vereistes van regulasie 68(1)(a) to (c);
- (r) enige hoof vuurwapenkomponente wat die vervaardiger verwerp omdat dit nie geskik is vir gebruik nie, moet onmiddellik nadat dit verwerp is deur die vervaardiger vernietig word deur dit heeltemal onbruikbaar te maak;
- (s) 'n vervaardiger kan 'n loop sonder kamer of met gedeeltelike kamer of met voorafgevormde kamer vir 'n bepaalde kaliber voorsien aan 'n houër van 'n handelaarslisensie;
- (t) 'n vervaardigerslisensie magtig nie die versameling van vuurwapens of ammunisie in 'n privaat- of openbare versameling nie;
- (u) 'n vervaardiger mag nie 'n persoon in diens neem om 'n pos te beklee waar die persoon toegang het tot 'n volledig vervaardigde vuurwapen of ammunisie as die persoon ongeskik verklaar is vir die besit van 'n vuurwapen kragtens hoofstuk 12 van die Wet nie.

### **Inligting op 'n vervaardigerslisensie**

- 42.** 'n Vervaardigerslisensie moet bo en behalwe die vereistes van artikel 48 van die Wet, die volgende bevat -
- (a) vervaardiger se besigheidsnaam;
  - (b) die houer van die vervaardigerslisensie se voorletters en van indien die houer van die vervaardigerslisensie 'n natuurlike persoon is, of in geval van 'n regspersoon, die naam en wettig voorgeskrewe registrasienommer van die regspersoon waar dit van toepassing mag wees;
  - (c) die nommer van, datum waarop dit uitgereik is en soort bevoegdheidsertifikaat wat uitgereik is aan die houer van die vervaardigerslisensie en in geval van 'n regspersoon die naam, van, identiteitsnommer en nommer van, datum waarop dit uitgereik is en soort bevoegdheidsertifikaat van die verantwoordelike persoon;
  - (d) die datum waarop die lisensie uitgereik is;
  - (e) die datum waarop die lisensie verval;
  - (f) die registrasienommer en verwysingskode wat die Registrateur toegeken het;
  - (g) die besonderhede van die goedgekeurde kluis of instapkluis wat beoog word in regulasie 86(3), asook enige ploffstofmagasyn; en
  - (h) die besonderhede van die vuurwapen en kaliber ammunisie wat vervaardig mag word kragtens die lisensie.

### **Aansoeke ten opsigte van tydelike magtiging om vuurwapens en ammunisie te vertoon op 'n perseel buiten die perseel wat gespesifiseer word in die vervaardiger se lisensie**

- 43.** (1) 'n Vervaardiger wat aansoek doen om tydelike magtiging soos beoog word in artikel 50 van die Wet moet bo en behalwe die vereistes van regulasie 13, die volgende indien -
- (a) 'n skriftelike motivering om die aansoek te steun, met spesifieke verwysing na die stappe wat beoog word vir die veilige bewaring van vuurwapens en ammunisie;
  - (b) 'n skriftelike verklaring dat die vervaardiger fasiliteite beskikbaar het vir die veilige bewaring van vuurwapens en ammunisie wat voldoen aan SABS Standaard 953-1 of 953-2, of albei;
  - (c) 'n lys met die volle name, identiteitsnommers, die nommer van en die datum waarop 'n bevoegdheidsertifikaat uitgereik is aan elke persoon wat sal deelneem aan die vertoning van die vuurwapens of ammunisie op die perseel;
  - (d) 'n gesertifiseerde afskrif van die vervaardiger se lisensie; en
- (2) Die aansoek moet minstens 30 dae voor die datum waarop die vertoning van vuurwapens en ammunisie op die ander perseel begin, ingedien word.

**Voorwaardes van toepassing op tydelike magtiging om vuurwapens en ammunisie te vertoon op 'n perseel buiten die perseel wat gespesifiseer word in die vervaardiger se lisensie**

- 44.** Die Registrateur kan die volgende voorwaardes afdwing ten opsigte van 'n tydelike magtiging wat uitgereik is kragtens artikel 50 van die Wet:
- (a) Die vervaardiger aan wie 'n tydelike magtiging uitgereik is moet, vir die duur van die vertoon van die vuurwapens of ammunisie, of albei, die tydelike magtiging op die perseel wat gespesifiseer word in die tydelike magtiging hou en die vervaardiger moet op versoek van 'n polisiebeampte die tydelike magtiging voorsien aan sodanige polisiebeampte vir inspeksie;
  - (b) Gedurende enige tydperk waartydens die perseel wat in die tydelike magtiging gespesifiseer word gesluit is vir vertoondoeleindes moet alle vuurwapens of ammunisie, of albei wat op die perseel gehou word in die instapkluis of kluis gehou word vir die veilige bewaring van die vuurwapens wat gespesifiseer is in die tydelike magtiging;
  - (c) gedurende enige tydperk waartydens die perseel wat gespesifiseer word in die tydelike magtiging oop is vir die vertoon van vuurwapens, mag die vuurwapens net vertoon word as die vuurwapens -
    - (i) nie gelaai is nie; en
    - (ii) in geval van handwapens, toegesluit is in 'n uitstalkabinet of uitstaleenheid wat verhoed dat ongemagtigde toegang verkry word tot die handwapens wat so uitgestal word;
    - (iii) in geval van vuurwapens, uitsluitende handwapens en vuurwapens wat vertoon word soos voorgeskryf in paragraaf (ii) -
      - (aa) moet dit onbruikbaar gemaak word met behulp van 'n veilige sluittoestel; of
      - (bb) moet dit veilig geheg word met behulp van 'n metaalpasstuk aan 'n nie-draagbare struktuur, op so 'n wyse dat dit nie gereedelik verwyder kan word nie; en
    - (iv) moet dit nie uitgestal word met ammunisie wat daaruit gevuur kan word nie.
  - (d) gedurende enige tydperk wanneer die perseel wat in die tydelike magtiging gespesifiseer word oop is vir vertoondoeleindes -
    - (i) mag ammunisie net uitgestal word indien die ammunisie veilig gesluit is in 'n uitstaltoonbank of vertoonkabinet; en
    - (ii) moet vuurwapens of ammunisie, of albei, wat nie uitgestal word nie in 'n instapkluis of kluis gehou word vir die veilige bewaring van vuurwapens wat gespesifiseer is in die tydelike magtiging;
  - (e) net persone wat gespesifiseer word in die tydelike magtiging wat 'n betrokke bevoegdheidsertifikaat in sy of haar besit het mag deelneem aan die vertoon van vuurwapens of ammunisie, of albei;

- (f) die vervaardiger moet, op die perseel wat gespesifiseer word in die tydelike magtiging terwyl die tydelike magtiging van krag is, 'n rekord hou van elke vuurwapen en alle ammunisie in besit van die vervaardiger op die perseel en die volgende besonderhede moet in die register aangeteken word -
  - (i) die voorraadnommer wat toegeken is kragtens regulasie 47(1)(a) wat duidelik aangebring moet wees by wyse van 'n tydelike merk op die vuurwapen;
  - (ii) die fabrikaat, tipe, kaliber van die vuurwapen, asook elke vervaardiger se uitkenningsnommer of addisionele identifikasiemerk wat aangebring is op die vuurwapen soos beoog in artikel 23(4) van die Wet;
  - (iii) die kaliber, fabrikaat en hoeveelheid van alle ammunisie; en
- (g) die rekord wat voorgeskryf word in paragraaf (f), moet nadat die tydperk waarvoor die tydelike permit toegestaan is verstryk het, ingesluit en kruisverwys word in die register wat voorgeskryf word in regulasie 47.

#### **Rekord van voorgeskrewe inligting ten opsigte van tydelike magtiging wat verband hou met 'n vervaardiger se lisensie**

- 45.** Die Kantoor van die Sentrale Vuurwapenregister moet 'n rekord hou van die volgende inligting wat verband hou met tydelike magtigings wat uitgereik is kragtens artikel 50 van die Wet:
- (a) Die naam van die polisiestasie waar die aansoek ingedien is;
  - (b) besonderhede van die persoon wat die aansoek ingevul het;
  - (c) rede as die aansoek afgekeur is;
  - (d) aansoeker se besonderhede;
  - (e) besonderhede van die perseel en die fasiliteite vir veilige bewaring waar die vuurwapens of ammunisie, of albei, in veilige bewaring gehou sal word; and
  - (f) hoe lank die tydelike magtiging van krag bly.

#### **Aansoek van 'n vervaardiger om van perseel te verander**

- 46.** (1) 'n Vervaardiger wat aansoek doen om verskuiwing van die besigheid op die perseel wat gespesifiseer word in die lisensie na 'n ander perseel moet, bo en behalwe die betrokke inligting wat vereis word in regulasie 13 en regulasie 30, sodanige verdere inligting en dokumente indien as wat vereis mag word deur die Registrateur.
- (2) Indien 'n inspeksie van die nuwe perseel, deur 'n polisiebeampte of 'n Aangewese Vuurwapenbeampte aan die lig bring dat die fasiliteite vir veilige bewaring op die nuwe perseel nie in alle opsigte voldoen aan die vereistes wat gestel word vir die spesifieke lisensie nie, moet die betrokke Aangewese Vuurwapenbeampte die houder van die lisensie skriftelik daarvan verwittig en 'n tydperk van 60 dae toelaat om die aangetekende tekortkominge te herstel: Op voorwaarde dat die Registrateur tevrede is dat die aard van die

tekortkominge nie 'n onaanvaarbare risiko bied vir die veilige bewaring van vuurwapens of ammunisie nie.

- (3) (a) Indien 'n aansoek om na 'n nuwe perseel te verskuif, soos beoog in subregulasie (1), goedgekeur word, moet die vervaardiger onmiddellik nadat die nuwe perseel betrek is, die betrokke Aangewese Vuurwapenbeampte verantwoordelik vir die gebied waar die aansoeker se nuwe besigheid geleë is, laat weet daarvan.
- (b) 'n Kennisgewing soos beoog in subparagraaf (a) moet op die toepaslike vorm aangebring word en vergesel wees van sodanige inligting en dokumente as wat die Registrateur mag vereis.

### **Registers ten opsigte van 'n vervaardiger**

- 47.** (1) 'n Vervaardiger moet 'n register hou soos beoog in artikel 53(3) van die Wet en dit moet in die vorm van 'n elektroniese databasis, bekend as "die Vuurwapenvoorraadregister" gedoen word vir elke vuurwapen wat vervaardig word en die volgende besonderhede moet in die register aangeteken word -
- (a) aan die debietkant, teenoor 'n voorraadnommer, die datum waarop dit vervaardig is, die fabriek, kaliber, model en vervaardiger se uitkenningsnommer; en
  - (b) aan die kredietkant, teenoor die voorraadnommer waarna verwys word in subparagraaf (a), die datum waarop die vuurwapen verkoop is en -
    - (i) die naam en adres en die handelaar aan wie die vuurwapen verkoop word se handelaarslisensienommer; of
    - (ii) besonderhede van die Staatsdepartement aan wie die vuurwapen verkoop is; of
    - (iii) die naam en adres van die persoon na wie die vuurwapen uitgevoer is, tesame met besonderhede van die uitvoerpermit wat uitgereik is kragtens die Wet op Nasionale Beheer oor Konvensionele Krygstuig, 2002 (Wet No. 41 of 2002), na gelang van die geval.
- (2) Elke vervaardiger moet 'n elektroniese databasis bekend as die "Ammunisievoorraadregister" hou vir alle ammunisie en die volgende besonderhede moet daarin aangeteken word -
- (a) aan die debietkant -
    - (i) die kaliber, fabriek en hoeveelheid van alle ammunisie wat vervaardig, gekoop of verkry is;
    - (ii) die lotnommer en die datum waarop dit vervaardig of ontvang is; en
    - (iii) in geval van ammunisie wat aangekoop of verkry word -
      - (aa) die persoon van wie dit aangekoop of verkry is; en

- (bb) die rede vir die aankoop of verkryging.
- (b) aan die kredietkant -
- (i) die lotnommer en die datum van verkoop of gebruik deur die vervaardiger van die ammunisie;
  - (ii) die kaliber, fabrikaat en hoeveelheid ammunisie wat verkoop of gebruik is deur die vervaardiger;
  - (iii) die naam, adres en handelaar aan wie die ammunisie verkoop is se handelaarslisensienommer; of
  - (iv) besonderhede van die Staatsdepartement aan wie die ammunisie verkoop is; of
  - (v) die naam en adres van die persoon na wie die ammunisie uitgevoer is met besonderhede van die uitvoerpermit wat uitgereik is kragtens die Wet op Nasionale Beheer oor Konvensionele Krygstuig, 2002 (Wet No. 41 of 2002), na gelang van die geval; en
  - (vi) die datum waarop dit afgehaal is en die handtekening van die betrokke handelaar of Staatsamptenaar aan wie die ammunisie gelewer is.
- (3) 'n Vervaardiger moet bygewerkte voorraadlyste hou van alle vervaardigde vuurwapens en hoof vuurwapenkomponente.
- (4) Alle besonderhede wat ingevoer moet word in 'n register waarna verwys word in die regulasie, moet onmiddellik aangeteken word deur 'n persoon wat geëndosseer is op die vervaardigerslisensie wanneer 'n betrokke vuurwapen of ammunisie vervaardig ontvang, oorgedra of gebruik word, na gelang van die geval.
- (5) 'n Vervaardiger moet 'n register hou waarin die volle name, van, identiteitsnommer, asook die datum waarop 'n toepaslike bevoegdheidsertifikaat uitgereik is, die soort bevoegdheidsertifikaat en die nommer van die bevoegdheidsertifikaat aangeteken word ten opsigte van natuurlike persone wat betrokke is by die vervaardigingsproses.
- (6) Elke vervaardiger moet onmiddellik sodra die vervaardigingsproses, asook die oordrag van 'n vuurwapen of ammunisie, of albei, afgehandel is besonderhede in die formaat wat bepaal is deur die Registrateur elektronies indien oor alle vuurwapens en ammunisie wat vervaardig of oorgedra is.
- (7) Elke ammunisievervaardiger moet voor of op die sewende dag van elke opeenvolgende maand 'n maandopgawe indien by die Registrateur in die vorm wat die Registrateur bepaal welke opgawe die volgende inligting moet bevat oor alle ammunisie -
- (a) wat gedurende daardie spesifieke maand vervaardig is; en
  - (b) verkoop is gedurende daardie spesifieke maand.

- (8) Die opgawes waarna verwys word in subregulasie (6) en (7) moet ingedien word, hetsy ammunisie gedurende die spesifieke maand vervaardig of verkoop is, of nie.
- (9) Onderhewig aan die voorwaardes van artikel 146 en regulasie 102(1) moet 'n register wat voorgeskryf word in die regulasie op die besigheidspersoneel wat gespesifiseer word in die lisensie gehou word vir 'n tydperk van 10 jaar na die datum van die laaste inskrywing daarin.

**Wyse waarop 'n werkstasie ingestel, in stand gehou en gekoppel moet word aan die sentrale vervaardigersdatabasis**

- 48.** (1) Die werkstasie van 'n vervaardiger wat beoog word in artikel 53(6) van die Wet, moet gekoppel wees aan die sentrale vervaardigersdatabasis met behulp van programmatuur en 'n elektroniese verbindingsnetwerk wat versoenbaar is met die infrastruktuur en standarde van die Suid-Afrikaanse Polisie.
- (2) 'n Vervaardiger moet 'n elektroniese verbinding vestig om die registers wat voorgeskryf word in regulasie 47 te koppel aan die sentrale vervaardigersdatabasis en moet voorsiening maak vir 'n daaglikse elektroniese oordrag van inligting oor vuurwapens en ammunisie wat gedurende die vorige besigheidsdag vervaardig, gebruik of oorgedra is soos dit in die voorgeskrewe registers opgeteken is.
- (3) Indien enige omstandighede voorkom wat die vervaardiger verhoed om die opgawes elektronies oor te dra met behulp van die elektroniese netwerk, moet die Registrateur onmiddellik in kennis gestel word om 'n alternatiewe reëling te tref vir die indien van die daaglikse opgawes.

**Vestiging van 'n gesentraliseerde vervaardigersdatabasis**

- 49.** (1) Die Registrateur moet 'n sentrale vervaardigersdatabasis vestig en in stand hou wat gekoppel moet word aan 'n elektroniese netwerk wat onderlinge verbinding met werkstasies van vervaardigers, soos beoog in regulasie 48, bewerkstellig.
- (2) Die sentrale vervaardigersdatabasis moet die volgende bevat -
- (a) inligting en ondersteunende dokumente wat 'n aansoeker op die voorgeskrewe wyse indien kragtens regulasie 13 met betrekking tot 'n bevoegdheidsertifikaat, vervaardigerslisensie, magtiging, hernuwing of afskrif daarvan, asook relevante inligting ten opsigte van die opskorting of beëindiging daarvan;
  - (b) die inligting op 'n bevoegdheidsertifikaat, lisensie, magtiging, permit en 'n hernuwing of afskrif daarvan wat uitgereik of afgekeur is op grond van 'n aansoek; en
  - (c) die besonderhede en inligting wat deur 'n vervaardiger ingedien is met betrekking tot die vervaardiging, gebruik of oordrag van 'n vuurwapen of ammunisie ingevolge die Wet.

## **Deel 4 Wapensmede**

### **Ander werk wat gedoen mag word deur 'n wapensmid**

- 50.** Die houer van 'n wapensmidlisensie kan 'n vuurwapen herstel, aanpas, volgens persoonlike vereistes ontwerp en bou, saamstel, wysig, verander, monteer, deaktiveer of in bewaring hou.

### **Voorwaardes met betrekking tot die uitreik van 'n wapensmidlisensie**

- 51.** Die Registrateur kan die volgende voorwaardes afdwing ten opsigte van 'n wapensmidlisensie:
- (a) Die lisensie stel die wapensmid in staat om 'n vuurwapen te verkry en om enige oordrag van 'n vuurwapen in voorraad te hou, met inbegrip van 'n hoof vuurwapenkomponent vir die doel van sy of haar werk.
  - (b) die lisensie stel die wapensmid in staat om ammunisie te verkry en in voorraad te hou waar dit redelikerwys nodig is om vuurwapens waaraan hy of sy in die normale omvang van 'n wapensmid se onderneming werk, te toets;
  - (c) 'n geweesmid wat indiens geneem word deur 'n persoon vir die doel om die werk van 'n wapensmid te verrig, moet binne 30 dae van sodanige indiensneming of na enige verandering in die volgehoue diens van sodanige wapensmid by die persoon, die Registrateur skriftelik in kennis stel van die indiensneming en van so 'n verandering;
  - (d) 'n persoon wat 'n wapensmid aanstel vir die doel om die werk van 'n wapensmid te verrig en die wapensmid is gesamentlik en afsonderlik verantwoordelik daarvoor om te verseker dat behoorlike beheer te alle tye uitgeoefen word oor die vuurwapens, ammunisie en voorraad wat beoog word in subparagraaf (a) en (b), dat die voorgeskrewe registers behoorlik in stand gehou word en dat alle redelike voorsorg getref word teen die verlies of diefstal van die vuurwapens, ammunisie en voorraad;
  - (e) vuurwapens en ammunisie in besit van 'n wapensmid op grond van 'n wapensmidlisensie, mag net deur die wapensmid wie se naam op die lisensie verskyn, of deur 'n houer van vuurwapenkarweierspermit, vervoer word en sodanige vervoer moet voldoen aan die vereistes van regulasie 68 (1)(a) tot (c);
  - (f) 'n wapensmid mag nie die uitkeningsnommer of enige ander uitkenningsteken op 'n vuurwapen verander of verwyder sonder die vooraf skriftelike magtiging van die Registrateur nie;
  - (g) 'n wapensmid mag net vuurwapens en ammunisie toets by 'n geakkrediteerde skietbaan, tunnel of spesiale koeëlvanger wat spesifiek volgens die regulasies van die plaaslike owerheid opgerig is vir die doel;
  - (h) 'n wapensmid wat werk doen aan 'n vuurwapen soos beoog in artikel 59(a) en (b) van die Wet of wat 'n vuurwapen volgens persoonlike vereiste ontwerp en bou, moet voordat die werk afgehandel is die Registrateur skriftelik in kennis stel van -



- (i) die besonderhede van die vuurwapen, met inbegrip van die tipe, naam, kaliber en vervaardiger se uitkenningsnommer of bykomstighede uitkenningsteken soos beoog word in artikel 23(4) van die Wet, waar dit van toepassing is;
  - (ii) die nommer van en datum waarop die lisensie ten opsigte van die vuurwapen uitgereik is;
  - (iii) die volle name, van, identiteitsnommer of registrasienommer, asook die fisiese adres van die lisensiehouer wat die vuurwapen mag besit, na gelang van die geval; en
  - (iv) besonderhede van die werk aan die vuurwapen;
- (i) die Registrateur kan vereis dat die vuurwapen bedoel in subparagraaf (h) beveilig word kragtens regulasie 106;
  - (j) gedurende enige tydperk waartydens die gelisensieerde perseel gesluit is vir besigheidsdoeleindes, moet alle vuurwapens en ammunisie op die perseel toegesluit wees in 'n instapkluis of kluis vir die veilige bewaring van die vuurwapens, soos dit gespesifiseer is in die betrokke lisensie;
  - (k) gedurende enige tydperk waartydens die gelisensieerde perseel oop is vir besigheids- of ander doeleindes, moet die vuurwapens en ammunisie wat nie uitgestal word nie in 'n instapkluis of kluis gehou word vir die veilige bewaring van vuurwapens soos dit omskryf is in die betrokke lisensie;
  - (l) 'n wapensmid mag vuurwapens waaraan hy of sy gewerk ooreenkomstig die bepalings van die regulasie, vertoon om sy of haar vakmanskap te bevorder;
  - (m) gedurende enige tydperk waartydens die gelisensieerde perseel oop is vir besigheidsdoeleindes, mag die vuurwapens en ammunisie net vertoon word as die vuurwapens -
    - (i) nie gelaai is nie; en
    - (ii) in geval van handwapens, toegesluit is in 'n uitstalkabinet of uitstaleenheid wat verhoed dat ongemagtigde toegang verkry word tot die handwapens wat so uitgestal word;
    - (iii) in geval van vuurwapens, uitsluitende handwapens en vuurwapens wat uitgestal word soos voorgeskryf in paragraaf (ii) -
      - (aa) moet dit onbruikbaar gemaak word met behulp van 'n veilige sluittoestel; of
      - (bb) moet dit veilig geheg word, met behulp van 'n metaalpasstuk, aan 'n nie-draagbare struktuur, op so 'n wyse dat dit nie gereedelik verwyder kan word nie; en
    - (iv) moet dit nie uitgestal word met ammunisie wat daaruit gevuur kan word nie.
  - (n) 'n wapensmid mag nooit enige vuurwapen of ammunisie in enige vertoonkas of vertoonvenster uitstal of vertoon indien die vertoonkas of -venster direk

uitkyk op of grens aan enige openbare straat, pad, deurgang of openbare plek waartoe die algemene publiek toegang het nie en ook nie toelaat dat dit so vertoon of uitgestal word nie;

- (o) 'n wapensmid mag net 'n vuurwapen deaktiveer met die vooraf skriftelike toestemming van die Registrateur;
- (p) 'n wapensmidlisensie magtig nie die versameling van vuurwapens of ammunisie as 'n privaat- of openbare versameling nie;
- (q) indien 'n wapensmid 'n vuurwapen volgens persoonlike vereistes ontwerp en bou, moet die wapensmid se naam, soos dit goedgekeur is deur die Registrateur, asook die bykomende uitkenningsteken wat bedoel word in artikel 23(4) van die Wet, indien dit van toepassing is, op die vuurwapen aangebring word;
- (r) 'n wapensmid mag net 'n persoon in diens neem as 'n wapensmidvakleerling indien sodanige persoon geregistreer word by die Departement van Arbeid vir sodanige vakleerlingskap;
- (s) 'n wapensmid wat 'n vakleerling aanstel moet persoonlik toesig hou en beheer uitoefen oor sodanige vakleerling wat enige werk doen aan 'n vuurwapen; en
- (t) die Registrateur kan 'n tydelike magtiging om 'n wapen te besit ingevolge artikel 21 van die Wet uitreik aan 'n geweerkolmfaker op voorwaarde dat die geweerkolmfaker nie enige ander werk buite die omvang van die geweerkolmfakery bedryf nie, welke werk nie enige werk aan enige metaalgedeelte van 'n vuurwapen insluit soos dit beoog word in regulasie 50 nie.

### **Inligting oor die wapensmidlisensie**

**52.** 'n Wapensmidlisensie moet, bo en behalwe die vereistes van artikel 62 van die Wet, die volgende inligting bevat -

- (a) die wapensmid se besigheidsnaam;
- (b) wapensmid se volle name, van en identiteitsnommer;
- (c) nommer van, tipe en datum waarop die bevoegdheidsertifikaat uitgereik is aan die houer van die wapensmidlisensie;
- (d) datum waarop die lisensie uitgereik is;
- (e) datum wanneer die lisensie verval;
- (f) registrasienommer en verwysingskode wat toegeken is deur die Registrateur; en
- (g) besonderhede van die goedgekeurde kluis of instapkluis soos beoog in regulasie 86(2).

**Aansoeke met betrekking tot tydelike magtiging om besigheid te bedryf as 'n wapensmid op 'n perseel buiten die perseel wat aangedui word in die wapensmid se lisensie**

- 53.** (1) 'n Wapensmid wat aansoek doen om tydelike magtiging, soos beoog word in artikel 64 van die Wet moet, bo en behalwe die vereistes van regulasie 13, die volgende indien –
- (a) 'n skriftelike motivering om die aansoek te steun, met spesifieke verwysing na die stappe wat beoog word ten opsigte van die veilige bewaring van die vuurwapens en ammunisie;
  - (b) 'n skriftelike verklaring dat die wapensmid fasiliteite beskikbaar het vir die veilige bewaring van die vuurwapens en ammunisie, welke fasiliteite voldoen aan SABS Standaard 953-1 of 953-1, of albei;
  - (c) 'n gesertifiseerde afskrif van die aansoeker se lisensie; en
  - (d) 'n lys met die volle name, vanne, identiteitsnommers en die datum waarop 'n bevoegdheidsertifikaat uitgereik is aan elke persoon wat namens die houer van die wapensmidlisensie op die perseel besigheid gaan bedryf.
- (2) Die aansoek moet minstens 30 dae voor die datum waarop die besigheid as wapensmid bedryf gaan word op die ander perseel begin, ingedien word.

**Voorwaardes met betrekking tot tydelike magtiging om besigheid te bedryf as 'n wapensmid op 'n perseel buiten die perseel wat aangedui word in die wapensmid se lisensie**

- 54.** Die Registrateur kan die volgende voorwaardes afdwing ten opsigte van tydelike magtiging wat uitgereik word kragtens artikel 64 van die Wet:
- (a) Die wapensmid aan wie 'n tydelike magtiging uitgereik is moet, vir die duur van die dryf van die besigheid as wapensmid, die tydelike magtiging hou op die perseel wat gespesifiseer word in die tydelike magtiging en die wapensmid moet op versoek van 'n polisiebeampte die tydelike magtiging voorsien aan sodanige polisiebeampte vir inspeksie;
  - (b) gedurende enige tydperk waartydens die perseel, wat gespesifiseer is in die tydelike magtiging, gesluit is vir doeleindes van besigheid as 'n gewersmid moet alle vuurwapens en ammunisie op die perseel toegesluit wees in 'n instapkluis of kluis vir die veilige bewaring van die vuurwapens, wat gespesifiseer is in die tydelike magtiging;
  - (c) gedurende enige tydperk waartydens die perseel wat gespesifiseer word wat in die tydelike magtiging oop is vir doeleindes van besigheid as wapensmid, mag die vuurwapens en ammunisie net vertoon word as die vuurwapens -
    - (i) nie gelaai is nie; en
    - (ii) in geval van handwapens, toegesluit is in 'n uitstalkabinet of uitstaleenheid wat verhoed dat ongemagtigde toegang verkry word tot die handwapens wat so uitgestal word;

- (iii) in geval van vuurwapens, uitsluitende handwapens en vuurwapens wat vertoon word soos voorgeskryf in paragraaf (ii) -
  - (aa) moet dit onbruikbaar gemaak word met behulp van 'n veilige sluittoestel; of
  - (bb) moet dit veilig geheg word, met behulp van 'n metaalpasstuk, aan 'n nie-draagbare struktuur, op so 'n wyse dat dit nie geredelik verwyder kan word nie; en
- (iv) moet dit nie vertoon word met ammunisie wat daaruit gevuur kan word nie.
- (d) gedurende enige tydperk wanneer die perseel wat in die tydelike magtiging gespesifiseer word oop is vir besigheid as wapensmid, moet vuurwapens wat nie vertoon word nie of vuurwapens waaraan daar nie gewerk word nie, in 'n instapkluis of kluis gehou word vir die veilige bewaring van vuurwapens wat gespesifiseer is in die tydelike magtiging;
- (e) net persone wat gespesifiseer word in die tydelike magtiging, wat 'n betrokke bevoegdheidsertifikaat in sy of haar besit het, mag besigheid doen as wapensmid op die perseel;
- (f) die wapensmid moet, op die perseel wat gespesifiseer word in die tydelike magtiging terwyl die tydelike magtiging van krag is, 'n rekord gehou word van elke vuurwapen en alle ammunisie in besit van die wapensmid op die perseel en die volgende besonderhede moet in die register aangeteken word -
  - (i) die voorraadnommer wat toegewys is kragtens regulasie 57(1)(a) wat duidelik aangebring moet wees by wyse van 'n tydelike merk op die vuurwapen;
  - (ii) die fabriek, tipe en kaliber van die vuurwapen asook die vervaardiger se uitkenningsnommer of addisionele identifikasiemerk wat aangebring is op die vuurwapen soos beoog in artikel 23(4) van die Wet; en
  - (iii) die kaliber, fabriek en hoeveelheid van alle ammunisie; en
- (g) die rekord wat voorgeskryf word in paragraaf (f), moet nadat die tydperk waarvoor die tydelike permit toegestaan is verstryk het, ingesluit en kruisverwys word in die register wat voorgeskryf word in regulasie 57.

#### **Rekord van voorgeskrewe inligting met betrekking tot tydelike magtiging ten opsigte van 'n wapensmid**

- 55.** Die Kantoor van die Sentrale Vuurwapenregister moet 'n rekord hou van die volgende inligting wat verband hou met tydelike magtigings wat uitgereik is kragtens artikel 64 van die Wet:
- (a) Die naam van die polisiestasie waar die aansoek ingedien is;
  - (b) besonderhede van die persoon wat die aansoek ingevul het;
  - (c) rede as die aansoek afgekeur is;

- (d) aansoeker se besonderhede;
- (e) besonderhede van die perseel en die fasiliteite vir veilige bewaring waar die vuurwapens of ammunisie, of albei, veilig bewaar sal word; and
- (f) hoe lank die tydelike magtiging geldig bly.

### **Aansoek om verandering van perseel**

- 56.** (1) 'n Wapensmid wat aansoek doen om verskuiwing van die besigheid op die perseel wat gespesifiseer word in die lisensie na 'n ander perseel moet, bo en behalwe die betrokke inligting wat vereis word in regulasie 13 en regulasie 30, sodanige verdere inligting en dokumente indien as wat vereis mag word deur die Registrateur
- (2) Indien 'n inspeksie van die nuwe perseel, deur 'n polisiebeampte of 'n Aangewese Vuurwapenbeampte aan die lig bring dat die fasiliteite vir veilige bewaring op die nuwe perseel nie in alle opsigte voldoen aan die vereistes wat gestel word vir die spesifieke lisensie nie, moet die betrokke Aangewese Vuurwapenbeampte die houer van die lisensie skriftelik daarvan verwittig en 'n tydperk van 60 dae toelaat om die aangetekende tekortkominge te herstel: Op voorwaarde dat die Registrateur tevrede is dat die aard van die tekortkominge nie 'n onaanvaarbare risiko bied vir die veilige bewaring van vuurwapens of ammunisie nie.
- (3) (a) Indien 'n aansoek om na 'n nuwe perseel te verskuif, soos beoog in subregulasie (1), goedgekeur word, moet die wapensmid onmiddellik nadat die nuwe perseel betrek is, die betrokke Aangewese Vuurwapenbeampte verantwoordelik vir die gebied waar die aansoeker se nuwe besigheid geleë is, daarvan laat weet.
- (b) 'n Kennisgewing soos beoog in subparagraaf (a) moet op die toepaslike vorm aangebring word en vergesel wees van sodanige inligting en dokumente as wat die Registrateur mag vereis.

### **Register ten opsigte van wapensmede**

- 57.** (1) 'n Wapensmid moet 'n register hou soos beoog in artikel 67(2) van die Wet en dit moet 'n stel boeke of rekenaardrukstukke bekend as "die Vuurwapenherstelregister" behels waarin volgende besonderhede aangeteken moet word -
- (a) vir elke vuurwapen wat ontvang word vir herstel van enige bron van enige aard -
- (i) 'n voorraadnommer wat duidelik aangebring moet word by wyse van 'n tydelike merk op die vuurwapen;
  - (ii) die fabriek, tipe, kaliber van die vuurwapen, asook elke vervaardiger se uitkenningsnommer of bykomende uitkenningssteken wat op die vuurwapen aangebring is, soos beoog word in artikel 23(4) van die Wet;
  - (iii) die datum waarop die vuurwapen ontvang is;

- (iv) die volle name, van, identiteitsnommer of registrasienommer , na gelang van die geval, asook die fisiese adres van die persoon van wie die vuurwapen verkry is;
  - (v) die nommer van en datum waarop die bestaande lisensie, magtiging of permit, na gelang van die geval, uitgereik is van die persoon van wie die vuurwapen verkry is;
  - (vi) die aard van die herstelwerk aan die vuurwapen of enige ander werk soos beoog in artikel 59 van die Wet en regulasie 50; en
  - (vii) die datum waarop die vuurwapen afgehaal is en die handtekening van die houer van die lisensie, permit of magtiging wat uitgereik is ten opsigte van die vuurwapen;
- (b) ten opsigte van hoof vuurwapenkomponent wat ontvang word as deel van die voorraad, van enige bron van enige aard -
- (i) die datum van ontvangs van die hoof vuurwapenkomponente;
  - (ii) die doel van sodanige ontvangs;
  - (iii) die volle name, van, identiteitsnommer of registrasienommer, na gelang van die geval, asook fisiese adres van die persoon van wie die hoof vuurwapenkomponente verkry is;
  - (iv) die oordrag van of beskikking van die hoof vuurwapenkomponente, met inbegrip van die volle name, van, identiteitsnommer of registrasienommer, na gelang van die geval, asook fisiese adres van die persoon aan wie die hoof vuurwapenkomponente verskaf is; en
  - (v) die handtekening van die persoon wat dit ontvang het.
- (2) 'n Wapensmid moet 'n register hou wat 'n stel boeke of rekenaardrukstukke bekend as "die Ammunisievoorraadregister" behels ten opsigte van alle ammunisie wat ontvang word en die volgende moet daarin aangeteken word -
- (a) aan die debietkant -
    - (i) die kaliber, fabrikaat en hoeveelheid van alle ammunisie wat aangekoop of verkry is;
    - (ii) die datum van ontvangs; en
    - (iii) die nommer van en die datum waarop die bestaande lisensie, magtiging of permit uitgereik is, na gelang van die geval, aan die persoon van wie die ammunisie aangekoop of verkry is;
  - (b) aan die kredietkant -
    - (i) die kaliber, fabrikaat en hoeveelheid van alle ammunisie wat gebruik is;

- (ii) die datum waarop oor die ammunisie beskik is, die rede daarvoor en die wapensmid se handtekening wat bevestig dat die inskrywing korrek is.
- (3) Onderhewig aan die voorwaardes van artikel 146 en regulasie 102(1) moet 'n register wat voorgeskryf word in die regulasie op die besigheidspersoneel wat gespesifiseer word in die lisensie gehou word vir 'n tydperk van 10 jaar na die datum van die laaste inskrywing daarin.
  - (4)
    - (a) Die registers wat 'n stel boeke behels, wat kragtens die regulasie gehou moet word, kan nie in gebruik geneem word of gebruik word tensy elke bladsy van sodanige register in volgorde genummer is en die betrokke Aangewese Vuurwapenbeampte elke sodanige bladsy onderteken het en 'n amptelike datumstempel met besonderhede van die kantoor waar die betrokke Aangewese Vuurwapenbeampte gestasioneer is daarop aangebring het by elke sodanige handtekening nie.
    - (b) 'n Wapensmid moet, binne sewe dae na die einde van 'n maand die register, wat rekenaardrukstukke behels wat kragtens die regulasie gehou moet word, waarvan elke bladsy in volgorde genummer is, aan die betrokke Aangewese Vuurwapenbeampte oorhandig sodat die betrokke Aangewese Vuurwapenbeampte elke bladsy kan onderteken en 'n amptelike datumstempel kan aanbring, welke datumstempel die besonderhede van die kantoor waar die betrokke Aangewese Vuurwapenbeampte gestasioneer is moet aandui by elke handtekening wat aangebring word.
  - (5) 'n Inskrywing in 'n register waarna verwys word in die regulasie moet gedruk of in ink geskryf word en elke wysiging daartoe moet aangebring word deur die inskrywing deur te haal met ink en nie deur dit uit te vee nie en enige sodanige wysing moet geparafeer word deur die persoon wat die wysiging aanbring.
  - (6) Geen persoon mag 'n bladsy van enige register wat beoog word in hierdie regulasie verwyder of veroorsaak dat dit verwyder word nie en indien enige bladsy van sodanige register verwyder word, sal dit geag word, in die afwesigheid van bewyse tot die teendeel wat lei tot redelike twyfel, asof dit verwyder is deur of op gesag van die persoon wat kragtens die bepalings van die Wet verplig is om sodanige register te hou.
  - (7) 'n Wapensmid moet 'n bygewerkte register hou waarin die volle name, van, identiteitsnommer, asook fisiese adres en nommer van die toepaslike bevoegdheidsertifikaat vir alle wapensmidvakleerlinge, soos beoog in regulasie 51(r) gehou word en die register moet ook die nommer van en soort bevoegdheidsertifikaat aandui met inligting oor die datum waarop die bevoegdheidsertifikaat uitgereik is aan natuurlike persone wat betrokke is by wapensmidbedrywighede onder beheer van die wapensmid.
  - (8) Alle besonderhede moet aangeteken word in 'n register waarna verwys word in die regulasie sodra die betrokke vuurwapen, hoof vuurwapenkomponent of ammunisie ontvang, oorgedra of beskik word.

**Wyse waarop 'n werkstasie ingestel, instand gehou en onderhou moet word, asook gekoppel moet word aan die sentrale wapensmiddatabasis**

- 58.** (1) Die werkstasie van 'n wapensmid wat beoog word in artikel 67(5) van die Wet moet gekoppel wees aan die sentrale wapensmiddatabasis met behulp van programmatuur en 'n elektroniese verbindingsnetwerk wat versoenbaar is met die infrastruktuur en standarde van die Suid-Afrikaanse Polisie.
- (2) 'n Wapensmid moet, 'n elektroniese verbinding reël om die registers wat voorgeskryf word in regulasie 57 te koppel aan die sentrale wapensmiddatabasis en moet voorsiening maak vir 'n daaglikse elektroniese oordrag van inligting oor die vorige besigheidsdag se bedrywighede wat verband hou met vuurwapens en ammunisie, soos dit in die voorgeskrewe regulasies aangeteken is.
- (3) Indien enige omstandighede voorkom wat die wapensmid verhoed om die opgawes elektronies oor te dra met behulp van die elektroniese netwerk, moet die Registrateur onmiddellik in kennis gestel word om 'n alternatiewe reëling te tref vir die indien van die daaglikse opgawes.

**Weeklikse opgawes**

- 59.** (1) 'n Wapensmid wat gevrywaar is van die pligte waarna verwys word in artikel 67(5) van die Wet moet, binne sewe dae na afloop van elke week 'n opgawe indien by die Kantoor van die Sentrale Vuurwapenregister in die vorm wat bepaal word deur die Registrateur, of moet 'n rekenaardrukstuk indien met die inligting voorberei in die voorgeskrewe vorm, welke opgawes alle vuurwapens en hoof vuurwapenkomponente moet aandui -
- (a) wat gedurende die betrokke week verkry is; en
- (b) wat gedurende die betrokke week oorgedra is.
- (2) 'n Wapensmid moet sodanige weeklikse opgawes indien hetsy enige vuurwapens of vuurwapenkomponente verkry of oorgedra is of nie.

**Vestiging van gesentraliseerde wapensmiddatabasis**

- 60.** (1) Die Registrateur moet 'n sentrale wapensmiddatabasis vestig en in stand hou wat gekoppel moet word aan 'n elektroniese netwerk wat onderlinge verbinding met werkstasies van wapensmede, soos beoog in regulasie 58, bewerkstellig.
- (2) Die sentrale wapensmiddatabasis moet die volgende bevat -
- (a) inligting en ondersteunende dokumente wat 'n aansoeker op die voorgeskrewe wyse indien kragtens regulasie 13 met betrekking tot 'n bevoegdheidsertifikaat, wapensmidlisensie, magtiging, hernuwing of afskrif daarvan, asook relevante inligting ten opsigte van die opskorting of beëindiging daarvan;
- (b) die inligting op 'n bevoegdheidsertifikaat, lisensie, magtiging, permit en 'n hernuwing of afskrif daarvan wat uitgereik of afgekeur is op grond van 'n aansoek; en



- (c) die besonderhede en inligting wat deur 'n wapensmid ingedien is met betrekking 'n vuurwapen waaraan die wapensmid gewerk het ingevolge die Wet.

### **Hoofstuk 6**

#### **Invoer, uitvoer en vervoer in-transito van vuurwapens en ammunisie**

##### **Aansoeke met betrekking tot deurgangsperritte**

- 61.** (1) 'n Persoon wat aansoek doen om 'n deurgangsperrit soos beoog in hoofstuk 8 van die Wet moet bo en behalwe die vereistes van regulasie 13 die volgende indien as die Registrateur dit versoek –
- (a) bewys van magtiging om die vuurwapen en ammunisie uit te voer uit die land van oorsprong: Met dien verstande dat 'n doeane-klaringsdokument of enige ander dokument wat amptelik uitgereik is as magtiging om die vuurwapen uit daardie land te verwyder beskou sal word as voldoende magtiging;
  - (b) bewys van magtiging om die vuurwapen en ammunisie in die land van die finale bestemming in te bring indien daardie land sodanige magtiging uitreik voordat die vuurwapens in daardie land aankom;
  - (c) besonderhede van die beplande vervoerroete, wyse van vervoer, die plek waar dit die land sal binnekome en verlaat, asook die waarskynlike aankomsdatum en datum waarop dit die land verlaat;
  - (d) 'n gesertifiseerde afskrif van die lisensie, permit, magtiging of enige bewys wat aanvaarbaar is vir die Registrateur, wat bevestig dat die persoon wat die vuurwapen en ammunisie deur die Republiek van Suid-Afrika wil laat vervoer, die vuurwapen en ammunisie wettiglik mag besit;
  - (e) 'n rekenaardrukstuk of getikte lys van die vuurwapens en ammunisie met 'n aanduiding van hoeveelhede, die soort slotaksie, vervaardigersuitkenningsnommer, fabriek en kaliber vuurwapen, asook die hoeveelheid, fabriek en kaliber ammunisie;
  - (f) 'n eindgebruikersertifikaat soos beoog in artikel 17 van die Wet op Nasionale Beheer oor Konvensionele Krygstuig, 2002 (Wet No. 41 of 2002) indien die vuurwapen of ammunisie bedoel is vir herverkoop in die land wat aangedui is as die finale bestemming; en
  - (g) 'n besendingsnota van die vuurwapens en ammunisie wat in-transito vervoer gaan word deur Suid-Afrika.

##### **Voorwaardes met betrekking tot 'n aansoek om 'n invoer- of uitvoerpermit**

- 62.** Die volgende voorwaardes geld bo en behalwe die bepalinge van regulasie 13 ten opsigte van aansoeke om 'n invoer- of uitvoerpermit, na gelang van die geval -

- (1) *Permanente invoer- en uitvoerpermit*

Die aansoeker of die betrokke Aangewese Vuurwapenbeampte wat die aansoek ontvang het, moet 'n aansoek om die permanente invoer of uitvoer

van 'n vuurwapen of ammunisie volgens die vereistes van die regulasies indien by die Registrateur vir oorweging.

- (2) *Tydlike invoer- en uitvoerpermit ten opsigte van 'n handelaar, vervaardiger of wapensmid*

Die aansoeker of die betrokke Aangewese Vuurwapenbeampte wat die aansoek om tydelike invoer of tydelike uitvoer van 'n houër van 'n handelaarslisensie, vervaardigerslisensie of wapensmidlisensie ontvang het, moet 'n aansoek om die tydelike invoer of uitvoer van 'n vuurwapen of ammunisie, onderhewig aan die voorskrifte van die regulasies, indien by die Registrateur vir oorweging

- (3) *Plek van aankoms*

Onderhewig aan die bepalings van subregulasie (4) mag vuurwapens en ammunisie net in die Republiek van Suid-Afrika ingevoer word by 'n plek van aankoms wat as sodanig aangewys is kragtens die "Immigration Act", 2002 (Wet No. 13 of 2002) en wat die Registrateur of 'n polisiebeampte aan wie so 'n plig deur die Registrateur gedelegeer is skriftelik aandui.

- (4) *Nie-burger: Tydelike invoer- en uitvoerpermit vir 'n vuurwapen wat nie gelisensieer is kragtens die Wet nie*

(a) 'n Aansoek van 'n persoon wat nie 'n inwoner is nie en nie 'n permanente verblyfpermit het om 'n tydelike invoerpermit en daaropvolgende uitvoerpermit of veelvuldige invoer- en uitvoerpermit vir enige vuurwapen of ammunisie wat nie gelisensieer is kragtens die Wet te bekom nie, kan direk by die Hoof: Sentrale Vuurwapenregister of die Aangewese Vuurwapenbeampte by die plek wat aangedui is as plek van aankoms kragtens die "Immigration Act", 2002 (Wet No. 13 of 2002), waar die aansoeker sal aankom in die Republiek van Suid-Afrika, ingedien word.

(b) 'n Aansoek wat direk ingedien word by die Hoof: Sentrale Vuurwapenregister kragtens subparagraaf (a) moet minstens 21 dae voor die aansoeker se aankoms in die Republiek van Suid-Afrika ingedien word en die aansoeker moet 'n adres buite die landsgrense van die Republiek van Suid-Afrika verskaf sodat die permit na daardie adres gepos kan word.

(c) Die permit ten opsigte van 'n aansoek wat met aankoms van die aansoeker ingedien word by die Aangewese Vuurwapenbeampte by die plek van aankoms soos voorsien word in subparagraaf (a), kan deur die Aangewese Vuurwapenbeampte, wat die aansoek ontvang, uitgereik word, maar net as die Aangewese Vuurwapenbeampte gedelegeer is om dit te doen.

- (5) *Tydlike uitvoerpermit van 'n vuurwapen of ammunisie wat gelisensieer is kragtens hoofstuk 6 van die Wet*

(a) 'n Aansoek om 'n tydelike uitvoerpermit en die daaropvolgende invoerpermit vir 'n vuurwapen wat gelisensieer is vir die doel van selfverdediging, jag, sportskiet, privaat- of openbare versameling of vir besigheidsdoeleindes ingevolge die Wet, kan deur die houër van die

lisensie ingedien word by enige Aangewese Vuurwapenbeampte of polisiebeampte wat so gedeleger is deur die Registrateur.

- (b) Die permit kan uitgereik word deur die Aangewese Vuurwapenbeampte of polisiebeampte wat die aansoek ontvang en wat die nodige gedelegerde gesag het om die aansoek te oorweeg.

(6) *Veelvuldige invoer-/uitvoerpermit*

- (a) Die Registrateur, Aangewese Vuurwapenbeampte of polisiebeampte wat gedeleger is om dit te doen, kan 'n invoerpermit en uitvoerpermit uitreik ten opsigte van 'n spesifieke vuurwapen asook ammunisie wat van toepassing is op die vuurwapen welke permit voorsiening maak vir die herhaalde invoer en uitvoer van die vuurwapen en ammunisie vir 'n vasgestelde tydperk, welke permit bekend sal wees as 'n "veelvuldige invoer- en uitvoerpermit".
- (b) Die voorwaardes wat gestel word in subregulasie (7) wat verband hou met 'n tydelike invoerpermit sal van toepassing wees op 'n veelvuldige invoer- en uitvoerpermit.

(7) *Voorwaardes vir die uitreik van 'n tydelike invoerpermit*

'n Tydelike invoerpermit mag net uitgereik word -

- (a) aan 'n buitelandse besoeker vir die doel van jag;
- (b) aan 'n buitelandse besoeker om die vuurwapen en ammunisie uit te stal by 'n handel- of versamelaarskou, of om vuurwapens of ammunisie uit te stal by 'n sport- of jaghandelskou;
- (c) aan 'n buitelandse besoeker om deel te neem aan 'n mededingende sportskietbyeenkoms wat georganiseer is deur 'n erkende besigheids-, jag-, sportskiet-, of versamelaarsorganisasie;
- (d) aan 'n amptenaar van 'n buitelandse regering of gesiene buitelandse besoeker wat so erken word deur die Suid-Afrikaanse Departement van Buitelandse Sake;
- (e) aan 'n buitelandse geregsdienaar wat die Republiek van Suid-Afrika besoek as deel van 'n amptelike goedgekeurde polisierings opdrag; of
- (f) aan 'n persoon wat weens ander wettige redes voorafgoedkeuring gekry het van die Registrateur en waar die aansoeker die volgende kan aandui -
  - (i) die wettige besit van die vuurwapen;
  - (ii) kennis van die veilige hantering en gebruik van die betrokke vuurwapen deur middel van 'n lisensie om die vuurwapen te besit of deur vorige ervaring;
  - (iii) kennis van die Suid-Afrikaanse wetgewing met betrekking tot vuurwapens, met inbegrip van die beginsels wat verband hou met die gebruik, veilige bewaring en hantering van

vuurwapens, en waar van toepassing, die openbare uitstalling daarvan;

- (iv) 'n behoefte om 'n vuurwapen te besit;
  - (v) dat die aansoeker nie gereedlik kan voorsien in die gestelde behoefte op enige wyse buiten die besit van 'n vuurwapen nie; en
  - (vi) dat hy of sy minstens 21 jaar oud is: Met dien verstande dat die Registrateur na eie goeddunke en by die aanvoer van gegronde redes 'n aansoeker kan kwytsteld van hierdie vereiste;
- (g) indien die aansoeker stawende dokumente, wat uitgereik is deur enige van die volgende persone of instellings indien, en die dokumente bevestig dat die aansoeker na die beste van hul wete en kennis die vuurwapen gaan gebruik vir die doel wat uiteengesit word in die aansoek:
- (i) Die professionele jagter of jagondernemer wat gelisensieer is om 'n jagbesigheid te bedryf soos beoog word in die Wet, wat die jag geleentheid aan die buitelandse besoeker aanbied;
  - (ii) die geakkrediteerde jagvereniging of sportskietorganisasie wat die byeenkoms of sportskietkompetiese waaraan die aansoeker gaan deelneem aanbied;
  - (iii) 'n persoon of organisasie wat 'n openbare byeenkoms of historiese gebeurtenis uitbeeld of gedenk, waaraan die buitelandse besoeker moet deelneem met gebruik van die spesifieke vuurwapen; en
- (h) onderhewig aan-
- (i) die vereistes van die Wet ten opsigte van die dra, berging, veilige bewaring, vervoer en uitstal van sodanige vuurwapen of ammunisie;
  - (ii) gebruik van die vuurwapen slegs vir die doel wat in die permit uiteengesit word;
  - (iii) die verbod op die oordrag van die vuurwapen deur 'n persoon met 'n tydelike invoerpermit aan 'n ander persoon in Suid-Afrika sonder die skriftelike vooraftoestemming van die Registrateur;
  - (iv) die voorwaarde dat wanneer die houer van die tydelike invoerpermit die Republiek van Suid-Afrika verlaat moet die vuurwapen ten aansien waarvan die tydelike permit uitgereik is die houer van die permit uit die land vergesel;
  - (v) die verdere voorwaarde dat indien die Registrateur toestemming verleen soos voorsien word in subparagraaf (iii), moet 'n tydelike magtiging ingevolge artikel 21 van die Wet

uitgereik word aan die persoon aan wie die vuurwapen oorgedra word, ten einde die persoon instaat te stel om aansoek te doen vir 'n lisensie, permit of magtiging om die vuurwapen ingevolge die Wet te besit; en

- (vi) en indien 'n lisensie, permit of magtigin nie deur die Registrateur uitgereik word nie ten aansien van 'n vuurwapen bedoel in subparagraaf (v) moet die persoon wat die vuurwapen ontvang het, die vuurwapen deur middle van 'n handelaar moet oordra op die wyse wat die Registrateur bepaal wat ook die uitvoer van die vuurwapen mag insluit; en
  - (vii) die besit van nie meer nie as die getal patrone wat die Registrateur bepaal en spesifiseer op die permit vir elke vuurwapen waarop die tydelike invoerpermit betrekking het;
  - (i) 'n tydelike invoerpermit, uitvoerpermit en veelvuldige invoer- en uitvoerpermit mag nie uitgereik word vir 'n tydperk wat langer is as 6 maande nie, tensy die Registrateur anders besluit by die aanvoer van gegronde redes; en
  - (j) die Registrateur kan by die aanvoer van gegronde redes 'n tydelike invoer- of uitvoerpermit toestaan vir meer as een vuurwapen per kaliber indien die persoon aan wie dit uitgereik word die vuurwapens gaan gebruik vir 'n doel wat beoog word in subparagraaf (a), (b) en (c).
- (8) *Voorwaardes vir die uitreik van 'n permanente invoerpermit aan 'n handelaar, vervaardiger of wapensmid*

'n Handelaar, vervaardiger of wapensmid wat permanent 'n vuurwapen of ammunisie invoer -

- (a) moet die nodige aansoek minstens 21 dae voor die verskeping vuurwapens of ammunisie na die Republiek van Suid-Afrika of die aanvoer van gegronde redes op sodanige korter kennisgewing wat die Registrateur na goeddunke kan beskou as 'n geskikte tydperk;
- (b) kan nie reël vir die verskeping van die vuurwapen of ammunisie voordat die invoerpermit uitgereik is nie;
- (c) moet onmiddellik met aankoms van die vuurwapens of ammunisie in die Republiek van Suid-Afrika die Hoof: Sentrale Vuurwapenregister en die Aangewese Vuurwapenbeampte wat aangestel is by die plek van aankoms waar die vrag aangekom het, skriftelik in kennis stel van die aankoms en besonderhede verskaf oor die besonderhede van die houer en plek waar dit geïnspekteer kan word;
- (d) moet seker maak dat die vuurwapens en ammunisie geberg word kragtens die voorskrifte van die regulasies;
- (e) mag nie die houer met die besending vuurwapens of ammunisie oopmaak tensy die Aangewese Vuurwapenbeampte of polisiebeampte wat genomineer is deur die Aangewese Vuurwapenbeampte teenwoordig is nie;

- (f) moet binne 72 uur na die aankoms van die vuurwapens of ammunisie in die Republiek van Suid-Afrika -
- (i) met die Aangewese Vuurwapenbeampte of 'n polisiebeampte wat genomineer is deur die Aangewese Vuurwapenbeampte, reël om die vuurwapens of ammunisie fisies te inspekteer; en
  - (ii) nadat die fisiese inspeksie afgehandel is, skriftelik bevestig dat die vuurwapens of ammunisie wat ooreenstem met die invoerpermit, in die Republiek van Suid-Afrika aangekom het.
- (9) *Voorwaardes wat afgedwing kan word op 'n uitvoerpermit wat uitgereik is aan die houer van 'n handelaars-, wapensmid- of vervaardigerslisensie*

Die volgende spesifieke voorwaardes is van toepassing op 'n uitvoerpermit wat uitgereik is aan die houer van 'n handelaars-, wapensmid- of vervaardigerslisensie:

- (a) 'n Uitvoerpermit word minstens drievoudig uitgereik waarna die uitvoerder die oorspronklike, eerste en tweede kopie van die uitvoerpermit moet aanvaar;
- (b) binne 90 dae na die uitvoerdatum wat op die uitvoerpermit aangedui is moet die uitvoerder die eerste kopie terugbesorg aan die Hoof: Sentrale Vuurwapenregister en sodanige eerste kopie van die uitvoerpermit moet die handtekening en amptelike datum- en naamstempel van die eindgebruiker bevat en die kopie wat so ingedien word, dien dan as afleweringverifikasiesertifikaat;
- (c) die tweede kopie van die uitvoerpermit moet die datum van uitvoer van die vuurwapen of ammunisie aandui, welke datum behoorlik bevestig moet word deur die Republiek van Suid-Afrika se Doeane-owerheid en die uitvoerpermit moet daarna, binne 10 werkdade na die uitvoerdatum deur die uitvoerder terugbesorg word aan die Hoof: Sentrale Vuurwapenregister;
- (d) indien die uitvoerder versuim om te voldoen aan subparagraaf (b) of (c), word alle hangende en toekomstige uitvoere van die uitvoerder, waaraan die uitvoerder deelneem opgeskort totdat daar voldoen is aan die voorwaardes van subparagraaf (b) en (c);
- (e) vuurwapens wat uitgevoer word van die Republiek van Suid-Afrika vir die doel van uitstallings, evaluerings en demonstrasies, moet binne ses maande na die uitvoerdatum wat aangedui word in die uitvoerpermit terugbesorg word in die Republiek van Suid-Afrika, tensy die Registrateur op versoek van die aansoeker anders aangedui het op die uitvoerpermit;
- (f) die invoer van die vuurwapens wat beoog word in subparagraaf (e) moet weer onderwerp word aan 'n invoerpermit wat uitgereik word deur die Registrateur;

- (g) 'n afsonderlike uitvoerpermit word vereis vir elke individuele uitvoer van vuurwapens en ammunisie en geen gedeeltelike uitvoer kan toegelaat word met 'n enkele permit nie;
  - (h) die uitvoerpermit is nie oordraagbaar nie;
  - (i) die vuurwapens of ammunisie wat gelys word in die uitvoerpermit moet deur die handelaar, wapensmid of vervaardiger uitgevoer word tensy die Registrateur anders aandui op die permit;
  - (j) alle korrespondensie wat verband hou met die uitvoerpermit moet gerig word aan die Hoof: Sentrale Vuurwapenregister en die uitvoerpermitnommer moet in die korrespondensie gemeld word;
  - (k) (i) die Registrateur moet 'n spesifieke geldigheidstydperk toeken aan die uitvoerpermit, welke tydperk verleng of verkort kan word deur die Registrateur, met dien verstande dat dit sal afhang daarvan of die verklaarde redes vir die uitvoer van die vuurwapens of ammunisie wesenlik verander het;
  - (ii) aansoeke om die geldigheidstydperk te verleng moet skriftelik voor die vervaldatum gerig word aan die Hoof: Sentrale Vuurwapenregister, so nie sal 'n nuwe aansoek ingedien moet word;
  - (l) indien 'n uitvoertransaksie gekanselleer word of onmiddellik nadat die geldigheidstydperk van die uitvoerpermit verval het voordat die vuurwapens of ammunisie uitgevoer is, moet die houer van die uitvoerpermit onmiddellik die oorspronklike en afskrifte van die uitvoerpermit wat uitgereik is indien met 'n skriftelike verklaring aan die Hoof: Sentrale Vuurwapenregister, waarin aangedui word hoekom daar nie voldoen is daaraan nie;
  - (m) 'n uitvoerder moet die oorspronklike uitvoerpermit, die betrokke vragbrief of lugvragbrief, verpakkingslys/te en uitvoerdersfaktuur wat verband hou met die vuurwapens of ammunisie wat verklaar is in die uitvoerpermit hou vir 'n tydperk van 36 maande en die dokumente aanbied vir inspeksie wanneer dit ookal vereis word deur die Hoof: Sentrale Vuurwapenregister of 'n Aangewese Vuurwapenbeampte; en
  - (n) 'n uitvoerpermit wat uitgereik word kragtens die regulasie kan net uitgereik word deur die Registrateur of 'n polisiebeampte wat skriftelik deur die Registrateur gedelegeer is.
- (10) *Voorwaardes vir die besit en gebruik van 'n vuurwapen of ammunisie wat verband hou met 'n invoerpermit*

'n Vuurwapen en ammunisie wat ingevoer word in die Republiek van Suid-Afrika kan net gebruik word waar dit veilig is om die vuurwapen te gebruik en vir 'n wettige doel, soos dit gemeld word in die aansoek wat ingedien word met betrekking tot die invoer van die vuurwapen of ammunisie en in ooreenstemming met die bepalings van die Wet.

### **Voorwaardes met betrekking tot deurgangsperritte**

- 63.** Die Registrateur kan die volgende voorwaardes afdwing ten opsigte van 'n persoon wat aansoek doen om 'n vuurwapen of ammunisie in-transito te vervoer in die Republiek van Suid-Afrika:
- (1) 'n Persoon wat vir kommersiële doeleindes vuurwapens of ammunisie in-transito vervoer deur die Republiek van Suid-Afrika -
    - (a) moet die aansoek om 'n deurgangsperrit indien by die kantoor van die Sentrale Vuurwapenregister voordat reëlings getref word vir die vervoer van die vuurwapen of ammunisie deur die Republiek van Suid-Afrika;
    - (b) mag nie reël vir die aanstuur van die vuurwapen of ammunisie na die Republiek van Suid-Afrika voordat die deurgangsperrit uitgereik is nie;
    - (c) moet met aankoms van die vuurwapen of ammunisie in die Republiek van Suid-Afrika die kantoor van die Sentrale Vuurwapenregister en die Aangewese Vuurwapenbeampte wat aangestel is vir die gebied waar die besending aangekom het skriftelik per faks laat weet dat dit aangekom het en besonderhede verskaf van die houer en die plek waar dit geïnspekteer kan word;
    - (d) moet seker maak dat die vuurwapen en ammunisie geberg word kragtens die voorskrifte van regulasie 67 in 'n doeane-pakhuis soos beoog word in die Doeane- en Aksynswet, 1964 (Wet No. 91 van 1964);
    - (e) mag nie die houer met die besending vuurwapens of ammunisie oopmaak tensy die Aangewese Vuurwapenbeampte of polisiebeampte wat genomineer is deur die Aangewese Vuurwapenbeampte teenwoordig is nie;
  - (2) 'n persoon wat vuurwapens of ammunisie in-transito deur die Republiek van Suid-Afrika vervoer vir persoonlike gebruik, kan direk by die kantoor van die Sentrale Vuurwapenregister aansoek doen om 'n deurgangsperrit, of by die Aangewese Vuurwapenbeampte waar die aansoeker in die Republiek van Suid-Afrika aankom, op die plek wat aangedui word as 'n plek van aankoms kragtens die "Immigration Act", 2002 (Wet No. 13 of 2002);
  - (3) 'n deurgangsperrit mag slegs uitgereik word indien die applicant voldoende dokumentêre bewyse kan voorlê dat die vuurwapens en ammunisie regmatig ingevoer kan word in die land van die volgende bestemming;
  - (4) die Registrateur kan vir sekuriteitsredes vereis dat die houer van 'n deurgangsperrit gebruik maak van 'n vuurwapenkarweier om die vuurwapens en ammunisie in die Republiek van Suid-Afrika te vervoer;
  - (5) die Registrateur kan, vir sekuriteitsredes bepaal waar die plek van aankoms en vertrek is, watter roete gevolg moet word deur die Republiek van Suid-Afrika, die metode van vervoer en die veiligheidsmaatreëls waaraan voldoen moet word;



- (6) waar die houer van 'n deurgangsperrmit die vuurwapens of ammunisie vir enige tydperk in die Republiek van Suid-Afrika moet berg, moet sodanige bergingsfasiliteit voldoen aan die vereistes vir die bewaring van vuurwapens en ammunisie soos voorsien word in regulasie 67;
- (7) die vuurwapens of ammunisie moet te alle tye, buiten wanneer dit geberg word soos voorsien word in regulasie 63(1)(d), onder direkte toesig wees van die houer van die deurgangsperrmit of persone wie se besonderhede op die permit aangebring is deur die Registrateur; en
- (8) vuurwapens of ammunisie wat in besit is op grond van 'n deurgangsperrmit mag nie vir enige rede van enige aard in die Republiek van Suid-Afrika gebruik word nie.

### **Inligting ten opsigte van invoer-, uitvoer- en deurgangsperrmitte**

- 64.** 'n Invoer-, uitvoer- en in-transito-perrmit moet die inligting, wat aangedui is op die toepaslike vorm wat aangedui word in Aangangsel "A", bevat

### **Vestiging van sentrale invoerders- en uitvoerdersdatabasis**

- 65.** (1) Die Registrateur moet 'n sentrale invoerder- en uitvoerderdatabasis vestig en in stand hou wat gekoppel moet word aan en versoenbaar wees met 'n elektroniese netwerk wat onderling verbind is met 'n werkstasie van 'n houer van 'n invoer- of uitvoerperrmit soos dit bepaal word deur die Registrateur kragtens artikel 78(3) van die Wet.
- (2) Die sentrale invoerder- en uitvoerderdatabasis moet die volgende bevat -
- (a) inligting en ondersteunende dokumente wat deur 'n aansoeker ingedien word op die wyse wat voorgeskryf word in artikel 13, wat verband hou met 'n perrmit, hernuwing of afskrif daarvan, asook die betrokke inligting oor die opskorting of beëindiging daarvan; en
  - (b) inligting op 'n invoer- en uitvoerperrmit, of hernuwing of afskrif daarvan wat uitgereik of afgekeur is op grond van die aansoek.

### **Uitbreiding, hernuwing en vervanging van 'n invoer-, uitvoer of deurgangsperrmitte**

- 66.** 'n Aansoek om die uitbreiding, hernuwing en vervanging van 'n invoer-, uitvoer- en deurgangsperrmit moet skriftelik ingedien word by die Hoof: Sentrale Vuurwapenregister en dit moet minstens sewe dae voor die vervaldatum van die perrmit gedoen word, so nie moet 'n nuwe aansoek ingedien word.

## **Hoofstuk 7**

### **Berging, vervoer en dra van vuurwapens en ammunisie**

#### **Deel 1 Berging**

#### **Berging van vuurwapens en ammunisie**

- 67.** (1) Indien 'n persoon 'n fasiliteit vir die veilige berging van vuurwapens of ammunisie aanbied vir ander persone, moet die bergingsfasiliteit voldoen aan

die toepaslike vereistes vir 'n kluis of instapkluis soos dit uiteengesit word in SABS-Standaard 953-1 of 953-2.

- (2) Berging mag net voorsien word aan 'n persoon wat die vuurwapen of ammunisie wettig mag besit.
- (3) 'n Houer van 'n handelaars- of wapensmidlisensie mag berging aanbied vir vuurwapens en ammunisie in die kluis of instapkluis wat gespesifiseer word in die handelaar of wapensmid se lisensie.
- (4) Terwyl 'n vuurwapen in veilige bewaring gehou word, moet dit -
  - (a) nie gelaai wees nie;
  - (b) nie gereedelik toeganklik wees vir ongemagtigde gebruik nie; en
  - (c) veilig geheg wees aan 'n veiligheidstoestel wat vas is aan 'n nie-draagbare struktuur en dit moet so vasgeheg wees dat dit nie maklik verwyder kan word nie.

## **Deel 2 Vuurwapenkarweierspermit**

### **Verpakking van vuurwapens en ammunisie tydens vervoer**

- 68.** (1) Tydens vervoer van vuurwapens en ammunisie deur die houer van 'n vuurwapenkarweierspermit -
- (a) moet vuurwapens afsonderlik van ammunisie verpak word en alle ammunisie moet op 'n veilige wyse uit vuurwapens verwyder word voordat dit vervoer word;
  - (b) vuurwapens en ammunisie moet in 'n gepaste metaalhouer wat gesluit is vervoer word en dit moet so verpak wees dat dit optimale veiligheid met die minste moontlike blootstelling verseker; en
  - (c) direkte voortdurende toesig en beheer oor vuurwapens en ammunisie wat vervoer word is 'n vereiste.
- (2) Hierdie voorwaardes doen nie afbreuk aan enige ander wetgewing wat standarde vir die vervoer van vuurwapens en ammunisie voorskryf nie.

### **Aansoek vir 'n vuurwapenkarweierspermit**

- 69.** (1) 'n Persoon wat aansoek doen om 'n vuurwapenkarweierspermit moet bo en behalwe die vereistes van regulasie 13, die volgende indien -
- (a) bewys van 'n tweerigtingkommunikasiestelsel wat behoorlik werk tussen die voertuig wat die vuurwapens of ammunisie vervoer en die aansoeker;
  - (b) 'n omvattende beskrywing van die veiligheidsmaatreëls wat aangebring is aan die voertuig wat gebruik gaan word; en

- (c) 'n omvattende beskrywing van sekuriteitsvoorsorg wat in plek sal wees tydens vervoer.

### **Voorwaardes vir 'n vuurwapenkarweierspermit**

- 70.** Die Registrateur kan die volgende voorwaardes afdwing op die houer van 'n vuurwapenkarweierspermit:
- (a) 'n Vuurwapenkarweier mag net wettiglik vuurwapens en ammunisie besit en vervoer indien sodanige vuurwapenkarweier die skriftelike toestemming het van die houer van 'n lisensie, permit of magtiging ten opsigte van die vuurwapens en ammunisie wat vervoer moet word;
  - (b)
    - (i) 'n vuurwapenkarweier wat gebruik maak van padvervoer moet 'n getikte lys van name van personeellede in diens van die vervoerder wat direk betrokke is by die vervoer van die besending vuurwapens en ammunisie verskaf aan die persoon wat verantwoordelik is vir elke vervoerproses;
    - (ii) die lys moet die volle name en identiteitsnommers van die betrokke werknemers bevat; en
    - (iii) die lys moet aangeheg word aan 'n gesertifiseerde afskrif van die vuurwapenkarweierspermit en dié dokumente moet tydens vervoer in besit wees van die persoon wat direk in beheer van die vervoerproses;
  - (c) 'n gesertifiseerde afskrif van die vuurwapenkarweierspermit en die lys van name wat beoog word in subregulasie (b)(ii) sal solank dit in besit is van die persoon wat direkte voortdurende toesig uitoefen soos beoog in regulasie 68(1)(c) dien as magtiging vir die vervoerder se personeellede wat genoem word in die lys om die spesifieke besending vuurwapens of ammunisie te ontvang, vervoer, veilig te bewaar en af te lewer terwyl die permit geldig is;
  - (d) die reëlins vir die ontvangs, vervoer en lewering van die vuurwapens en ammunisie, die veilige en doeltreffende vervoer daarvan, die wyse van vervoer, met inbegrip van die konstruksie van die voertuig wat gebruik gaan word, asook die houters, minimum personeeltal wat betrokke gaan wees en minimum kommunikasiefasiliteite tot beskikking van die vuurwapenkarweier moet, na uitsluitlike goeddunke van die Registrateur, voldoende wees vir die veilige vervoer en bewaring van die vuurwapens en ammunisie;
  - (e) 'n vuurwapenkarweier wat vuurwapens of ammunisie vervoer moet ten tye van sodanige vervoer in besit wees van -
    - (i) 'n besendingsnota waarop die volgende besonderhede aangeteken is:
      - (aa) Die volle naam, van, identiteitsnommer of registrasienommer, na gelang van die geval, asook die fisiese adres van die vuurwapenkarweier;
      - (bb) die naam en adres van die persoon wat die besending gestuur het en die houer van die lisensie, permit of magtiging wat verband hou met die vuurwapens en ammunisie;

- (cc) die hoeveelheid, tipe slotaksie, vervaardiger se uitkenningsnommer, model, fabrikaat en kaliber vuurwapen, asook hoeveelheid, fabrikaat en kaliber ammunisie; en
  - (dd) die fisiese adres waar die vuurwapens en ammunisie afgehaal is en die fisiese adres van die finale bestemming;
  - (ii) die permit wat die vervoer van sodanige vuurwapens en ammunisie toelaat;
  - (iii) enige ander dokument wat kragtens die regulasie of enige ander wet vereis mag word;
- (f) 'n vuurwapenkarweier moet die dokumente waarna verwys word in subregulasie (i) met inagneming van die bepaling van artikel 146 van die Wet en regulasie 102(1) by sy of haar besigheidsplek hou vir 'n tydperk van vyf jaar na die vervoer van die vuurwapens en moet dit op versoek van 'n polisiebeampte oorhandig vir inspeksie;
- (g) waar 'n vuurwapenkarweier verplig is om die vuurwapens of ammunisie vir enige tydperk na ontvangs en voor aflewering te berg, moet sodanige berging voldoen aan die vereistes vir die veilige bewaring en berging wat bepaal is deur die Registrateur, wat nie mag afbreuk doen aan die voorwaardes van regulasie 86 nie;
- (h) terwyl 'n besending vuurwapens of ammunisie op pad is, moet dit te alle tye onder direkte toesig van die vervoerder van die vuurwapens of sy of haar personeel wees en moet die vervoer voldoen aan die vereistes van die vervoer van vuurwapens en ammunisie wat uiteengesit is in subregulasie (d);
- (i) die vuurwapenkarweier moet van die persoon wat die besending ontvang skriftelike bevestiging ontvang dat die besending vuurwapens en ammunisie in ontvangs geneem is en die bevestiging moet die volgende inligting insluit -
- (i) die ontvanger se naam en van;
  - (ii) die ontvanger se adres;
  - (iii) die datum en tyd van aflewering;
  - (iv) die beskrywing van vuurwapens en ammunisie ontvang; en
  - (v) die handtekening van ontvanger wat as bevestiging dien van die korrektheid van die besonderhede vermeld in subparagrafe (i) tot (iv);
- (j) 'n afskrif van die skriftelike bevestiging wat beoog word in subparagraaf (i) moet deur die vuurwapenkarweier gelewer word aan die polisiebeampte wat die deurgangsperrmit uitgereik het;
- (k) 'n vuurwapenkarweier se permit is nie oordraagbaar nie;
- (l) die vuurwapenkarweier moet onmiddellik die Registrateur skriftelik in kennis stel indien enige van die vuurwapens of ammunisie wat in die vragbrief aangedui word nie afgelewer is nie, verloor is of gesteel is; en

- (m) in geval van enige verandering aan die besonderhede op die permit, moet 'n nuwe aansoek ingedien word in ooreenstemming met die regulasies.

### **Duplikaat vuurwapenkarweierspermit**

- 71.** (1) Die Registrateur kan, by die aanvoer van gegronde redes in die aansoek wat ingedien word deur die houer van 'n vuurwapenkarweierspermit, 'n duplikaat van die vuurwapenkarweierspermit uitreik aan die houer van die permit;
- (2) Net 'n duplikaat vuurwapenkarweierspermit wat uitgereik word kragtens dié regulasie sal geldig wees.

### **Kansellasië van 'n vuurwapenkarweierspermit**

- 72.** Indien die vuurwapenkarweier die vuurwapenkarweierspermit wil laat kanselleer, moet die vuurwapenkarweier die oorspronklike vuurwapenkarweierspermit met 'n beëdigde verklaring oor die redes vir die kansellasië by die Registrateur indien.

### **Rekord van voorgeskrewe inligting met betrekking tot vuurwapenkarweierspermit**

- 73.** Die kantoor van die Vuurwapenregister moet rekord hou van die volgende inligting wat verband hou met vuurwapenkarweierspermitte wat uitgereik word kragtens artikel 86 van die Wet -
- (a) naam van die polisiestasie waar die aansoek ingedien is;
- (b) besonderhede van die persoon wat die aansoek ingevul het;
- (c) rede as die aansoek afgekeur is;
- (d) aansoeker se besonderhede;
- (e) besonderhede van die persele waar die onderneming as vuurwapenkarweier bedryf word;
- (f) besonderhede van die fasiliteite vir die veilige bewaring van vuurwapens waar vuurwapens en ammunisie gehou sal word;
- (g) besonderhede van duplikaatpermitte wat uitgereik is; en
- (h) geldigheidstydperk vir die vervoerderspermit.

## **Hoofstuk 8**

### **Beheer van ammunisie en vuurwapenonderdele**

#### **Aansoek om magtiging vir besit van meer as 2 400 slagdoppe en besit van meer as 200 patrone**

- 74.** Die houer van 'n lisensie om 'n vuurwapen te besit, buiten 'n toegewyde jagter of toegewyde sportpersoon, wat meer as 2 400 slagdoppe wil besit, of meer as 200 patrone wil besit vir 'n vuurwapen waarvoor hy of sy 'n lisensie het, moet by die Registrateur aansoek doen vir die goedkeuring wat beoog word in artikel 91(2)(a) en 93(2)(a) van die Wet in die vorm wat voorgeskryf is in Aangangsel "A" welke vorm by die betrokke Aangewese Vuurwapenbeampte ingedien moet word.

## **Register van vuurwapenonderdele**

- 75.** (1) Die houer van 'n handelaarslisensie, vervaardigerslisensie en wapensmidlisensie, invoer-, uitvoer-, deurgangs- of vuurwapenkarweierspermit moet 'n register wat beoog word in artikel 94(3) van die Wet hou met betrekking tot vuurwapenonderdele soos die beoog word in artikel 94(1) van die Wet en die register moet die volgende inligting bevat -
- (a) datum waarop die vuurwapenonderdele ontvang is;
  - (b) doel van sodanige ontvangs en bron van ontvangs;
  - (c) 'n beskrywing van die vuurwapenonderdele;
  - (d) hoeveelheid wat ontvang is; en
  - (e) besonderhede van die vuurwapenonderdele wat oorgedra is, met inbegrip van die volle name, identiteitsnommer, woon of besigheidsadres van die persoon aan wie dit oorgedra is asook die lisensienommer van die vuurwapen op grond waarvan die persoon die vuurwapenonderdeel ingevolge artikel 94(2) van die Wet mag besit.
- (2) Onderhewig aan die bepalings van artikel 146 en regulasie 102(1) moet 'n register wat voorgeskryf word in die regulasie op die besigheidspersoneel wat gespesifiseer word in die lisensie, permit of magtiging gehou word vir 'n tydperk van 10 jaar na die datum van die laaste inskrywing daarin.

## **Hoofstuk 9 Amptelike Instellings**

### **Voorwaardes vir die verkryging, gebruik, veilige bewaring en beskikking van vuurwapens deur 'n geakkrediteerde Amptelike Instelling**

- 76.** (1) Amptelike Instellings moet vuurwapens bewaar in 'n kluis of instapkluis wat voldoen aan die toepaslike vereistes van SABS-Standaard 953-1 en 953-2.
- (2) 'n Amptelike Instelling soos beoog in artikel 95(a)(vi) mag net op die volgende wyse beskik oor vuurwapens wat kragtens die Wet verkry is -
- (a) oordrag volgens die voorwaardes van die Wet;
  - (b) vernietiging soos beoog kragtens artikel 149 van die Wet; of
  - (c) uitstalling in 'n museum wat geakkrediteer is kragtens die regulasies en wat onder beheer is van die Amptelike Instelling: Met dien verstande dat die voorwaardes van artikel 19(2), (3), (5) en (6) van die Wet en regulasie 19 en 20 van toepassing sal wees met betrekking tot die verkryging, gebruik en veilige bewaring van vuurwapens en ammunisie wat in sodanige geakkrediteerde museum uitgestal word.
- (3) 'n Amptelike Instelling wat geakkrediteer is kragtens artikel 95(a)(vi) van die Wet moet die betrokke aansoekvorm wat voorgeskryf is in Aanhangsel "A" behoorlik invul en indien met enige ondersteunende dokumente wanneer addisionele vuurwapens verkry word.

- (4) Die aansoekvorm moet met 'n pen met swart ink ingevul word deur die verantwoordelike persoon wat aangestel is deur die hoof van die Amptelike Instelling.

### **Inligting wat permit uitgereik kragtens artikel 98 van die Wet moet bevat**

- 77.** (1) Die permit wat uitgereik word kragtens hoofstuk 11 van die Wet moet die volgende bevat -
- (a) die Amptelike Instelling se naam;
  - (b) die permithouer se naam en van;
  - (c) permithouer se amptelike personeelnommer;
  - (d) volle besonderhede van die vuurwapen wat aan die permithouer uitgereik is, met inbegrip van die volgende:
    - (i) Die fabrikaat van die vuurwapen;
    - (ii) tipe vuurwapen;
    - (iii) kaliber vuurwapen; en
    - (iv) vervaardiger se uitkenningsnommer of addisionele identifikasiemerk wat op die vuurwapen aangebring is soos beoog in artikel 23(4) van die Wet;
  - (e) die datum waarop die permit uitgereik is en die datum waarop die permit verval;
  - (f) inligting of die werknemer gemagtig is om -
    - (i) na werkure die vuurwapen in sy of haar besit te hê;
    - (ii) die vuurwapen buite sy of haar werkplek te dra in ooreenstemming met die vereistes van artikel 84 van die Wet; en
    - (iii) die vuurwapen by sy of haar woonplek te bewaar in 'n kluis of instapkluis wat voldoen aan die voorskrifte van SABS-Standaard 953-1 of 953-2; en
  - (g) die handtekening van die magtigende amptenaar.

### **Dra van handwapen in pistoolsak deur werknemer van Amptelike Instelling**

- 78.** 'n Pistoolsak soos beoog in artikel 98(5)(a) van die Wet moet voldoen aan die volgende vereistes wanneer die werknemer van die Amptelike Instelling aan diens is en amptelike pligte verrig:
- (a) In uniform moet die vuurwapen gedra word in 'n pistoolsak wat aan die persoon of deur die persoon gedra word en dit moet so gemaak wees dat dit toegerus is met 'n veiligheidsknip om die vuurwapen sekuur te hou en sodanige pistoolsak mag openlik gedra word;

- (b) in gewone klere (mufti) moet die vuurwapen gedra word in 'n pistoolsak wat aan die persoon of deur die persoon gedra word en dit moet so gemaak wees dat dit toegerus is met 'n veiligheidsknip om die vuurwapen sekuur te hou en sodanige pistoolsak moet verberg wees.

### **Voorgeskrewe opleiding en toets van werknemer van Amptelike Instelling**

- 79.** (1) Die opleiding en toets van 'n werknemer vir die veilige gebruik van vuurwapens soos beoog in artikel 98(8)(b) van die Wet moet voldoen aan die voorwaardes van die Wet op die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid, 1995 (Wet No. 58 van 1995) wat in samehang gelees moet word met die "Skills Development Act", 1998 (Wet No. 97 van 1998).
- (2) (a) Die hoof van 'n Amptelike Instelling moet die voorwaardes van artikel 9(2)(d) tot (p) van die Wet toepas op werknemers van wie verwag word om vuurwapens te hanteer as deel van sy of haar werk en aan wie die Amptelike Instelling 'n vuurwapen en vuurwapenpermit gaan uitreik om seker te maak dat die werknemer van die Amptelike Instelling bevoeg is om onder beheer van die Amptelike Instelling 'n vuurwapen te besit en te gebruik.
- (b) Om die bevoegdheid van die werknemer van 'n amptelike instansie, aan wie 'n vuurwapen uitgereik is, vol te hou moet die hoof van die amptelike instansie -
- (i) seker maak dat hy of sy minstens een keer elke twaalf maande of met korter tussenposes indien dit redelikerwys nodig is onder die omstandighede, praktiese opleiding ondergaan in die behoorlike en veilige hantering van die betrokke vuurwapen en ammunisie; en
- (ii) sielkundige diepte-ondervraging binne 48 uur na enige gewelddadige voorval waar die vuurwapen gevuur is of in geval van ooggetuie van 'n skietvoorval.

### **Voorsiening van vuurwapenopleiding deur Amptelike Instellings**

- 80.** (1) 'n Amptelike Instelling wat vuurwapens voorsien aan sy werknemers moet seker maak dat sy werknemers die nodige praktiese en teoretiese opleiding ontvang om te verseker dat werknemers bevoeg is om die vuurwapens te besit en te gebruik.
- (2) Alle praktiese opleiding of toetse wat verband hou met die afvuur van 'n vuurwapen moet afgelê word by 'n skietbaan wat voldoen aan die toepaslike verpligte spesifikasie wat beoog word in die Wet op Standaarde, 1993 (Wet No. 29 van 1993) en wat geakkrediteer is kragtens dié Wet.
- (3) 'n Amptelike Instelling moet seker maak dat die voorgeskrewe opleiding net voorsien word deur 'n persoon wat geregistreer is kragtens die Wet op die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid, 1995 (Wet No. 58 van 1995) wat gelees moet word in samehang met die "Skills Development Act", 1998 (Wet No. 97 van 1998) en wat geakkrediteer is deur POSLEC SETA as diensverskaffer wat opleiding voorsien in die veilige gebruik en hantering van vuurwapens.



### **Registers wat deur die Amptelike Instelling gehou moet word**

- 81.** (1) Die Hoof van die Amptelike Instelling moet 'n register hou soos voorsien word in artikel 99(1) van die Wet, in die vorm van 'n elektroniese databasis bekend as "die Vuurwapenvoorraadregister", vir elke vuurwapen wat beoog word in artikel 99(2) van die Wet, asook alle ammunisie wat verband hou met sodanige vuurwapens onder beheer van die Amptelike Instelling.
- (2) Die Vuurwapenvoorraadregister moet toeganklik wees op 'n plek waar die vuurwapens en ammunisie bewaar en beheer word.

### **Besonderhede wat in die register opgeneem moet word**

- 82.** (1) 'n Register soos beoog in artikel 99 van die Wet moet, bo en behalwe besonderhede wat voorgeskryf word in artikel 99(2) van die Wet, die volgende inligting bevat -
- (a) fabrikaat, tipe, kaliber van die vuurwapen, asook elke vervaardiger se uitkenningsnommer of bykomstige uitkenningssteken wat op die vuurwapen onder beheer van die Amptelike Instelling aangebring is soos beoog in artikel 99(3) van die Wet;
  - (b) volle besonderhede en adres van die instansie waar die vuurwapen bekom of aan wie of hoe dit oor beskik is;
  - (c) kaliber, fabrikaat, hoeveelheid, datum, ontvangs van en uitdeel van ammunisie onder die instelling se beheer; en
  - (d) 'n volledige rekord van die volgende in gevalle waar die werknemer kragtens hoofstuk 11 van die Wet toegelaat word om 'n vuurwapen te besit -
    - (i) fabrikaat, tipe, kaliber van die vuurwapen, asook elke vervaardiger se uitkenningsnommer of bykomstige uitkenningssteken wat aangebring is op die vuurwapen wat uitgereik is aan die betrokke werknemer soos beoog in artikel 99(3) van die Wet
    - (ii) kaliber, fabrikaat en hoeveelheid ammunisie wat uitgereik is aan die betrokke werknemer;
    - (iii) volle name, van, identiteitsnommer en fisiese adres van werknemer aan wie die vuurwapen en ammunisie uitgereik is;
    - (iv) datum en hoe laat die vuurwapen en ammunisie uitgereik is;
    - (v) verwysingsnommer van die permit beoog in artikel 98 van die Wet wat uitgereik is aan die werknemer; en
    - (vi) datum en hoe laat die vuurwapen terugbesorg is.
- (2) (a) Die hoof van 'n Amptelike Instelling moet 'n gedrukte rekord hou op die plek waar die vuurwapen en ammunisie bewaar en beheer word en die rekord moet aandui wanneer die vuurwapen en ammunisie oorhandig en terugbesorg is en moet die werknemer sy of haar

handtekening aanbring in die rekord as bewys dat die vuurwapen en ammunisie ontvang en terugbesorg is.

- (b) Die permit wat beoog word in artikel 98 van die Wet moet aan die rekord wat beoog word in subparagraaf (a) geheg word wanneer die vuurwapen en ammunisie terugbesorg word.
- (3) Die hoof van 'n Amptelike Instelling moet 'n register wat voorgeskryf word in die regulasie hou vir 'n tydperk van 10 jaar na die datum van die laaste inskrywing daarin.

### **Uitkenningstekens vir vuurwapens onder beheer van Amptelike Instelling**

- 83.** Die Registrateur kan 'n unieke uitkenningsteken toeken aan 'n Amptelike Instelling en die uitkenningsteken moet gestempel, gegraveer, gesjabloon of geëts word op die metaalgedeelte van die vuurwapen en mag dit nie deel vorm van die vervaardiger se uitkenningsnommer of bykomende uitkenningsteken wat beoog word in artikel 23 van die Wet nie.

### **Instelling van sentrale Amptelike Instellings databasis vir vuurwapens**

- 84.** (1) Die Registrateur moet 'n sentrale vuurwapendatabasis vir Amptelike Instellings, wat gekoppel is en versoenbaar is met die elektroniese verbindingnetwerk van die Amptelike Instellings se werkstasies in stand hou, soos beoog in regulasie 85.
- (2) Die sentrale vuurwapendatabasis vir Amptelike Instellings moet die volgende inligting bevat -
- (a) besonderhede wat voorgeskryf is in regulasie 82(1); en
  - (b) die volle name, van, identiteitsnommer en fisiese adres van elke werknemer aan wie 'n permit kragtens artikel 89(8) van die Wet uitgereik is.

### **Instelling en instandhouding van 'n Amptelike Instelling se werkstasie**

- 85.** (1) Die werkstasie van 'n Amptelike Instelling wat beoog word in artikel 101 van die Wet, moet gekoppel wees aan die sentrale vuurwapendatabasis van Amptelike Instellings met behulp van programmatuur en 'n elektroniese verbindingnetwerk wat versoenbaar is met die infrastruktuur en standarde van die Suid-Afrikaanse Polisie.
- (2) 'n Amptelike Instelling moet 'n elektroniese verbinding vestig wat 24 uur per dag beskikbaar is en wat die registers wat voorgeskryf word in regulasie 82 koppel aan die sentrale vuurwapendatabasis van Amptelike Instellings.
- (3) Indien enige omstandighede voorkom wat die Amptelike Instelling verhoed om toegang deur middel van die elektroniese verbinding in stand te hou, soos beoog in Artikel 101(b) van die Wet, moet die Registrateur onmiddellik in kennis gestel word om 'n alternatiewe reëling te tref ten einde toegang te verkry.

## Hoofstuk 10 Veilige bewaring van vuurwapens en ammunisie

### Kluis en veilige bewaring

- 86.** (1) Wanneer 'n vuurwapen nie onder die direkte persoonlike en fisiese beheer is van die houer van 'n lisensie, magtiging of permit om 'n lisensie besit nie, moet die vuurwapen en sy ammunisie bewaar word in 'n kluis of instapkluis wat voldoen aan die voorskrifte van SABS-Standaard 953-1 en 953-2, tensy dit spesifiek anders beperk word in dié regulasies.
- (2) Onderhewig aan regulasie 36(2) moet 'n handelaar en wapensmid vuurwapens en ammunisie op die besigheidperseel wat genoem word in die toepaslike lisensie, magtiging en permit bewaar in 'n kluis of instapkluis wat voldoen aan die voorskrifte van SABS-Standaard 953-1 en 953-2, na gelang van die geval.
- (3) 'n Vervaardiger moet vuurwapens en ammunisie op die plek van besigheid wat gespesifiseer is in die toepaslike lisensie, magtiging en permit bewaar in 'n kluis of instapkluis wat voldoen aan die voorskrifte van SABS-Standaard 953-1 en 953-2, of in 'n ploffstofmagasyn wat gelisensieer is kragtens die Wet op Ontploffbare Stowwe, 1956 (Wet No. 26 van 1956), na gelang van die geval.
- (4) (a) 'n Persoon wat 'n lisensie het om 'n vuurwapen te besit, kan 'n vuurwapen waarvoor hy of sy nie 'n lisensie het nie in veilige bewaring hou indien-
- (i) hy of sy skriftelike toestemming het van die persoon met 'n lisensie, permit of magtiging vir daardie betrokke vuurwapen en mits die toestemming geëndosseer is deur die betrokke Aangewese Vuurwapenbeampte; en
- (ii) die vuurwapen bewaar word in 'n voorgeskrewe kluis op die plek wat genoem word in die toestemming wat beoog word in subparagraaf (i);
- (b) net die persoon wat 'n lisensie, permit of magtiging hou om die vuurwapen te besit mag daardie vuurwapen vervoer na en van die plek waar die vuurwapen veilig bewaar moet word kragtens paragraaf (a).
- (c) Die toestemming wat beoog word in paragraaf (a), moet spesifiseer hoe lank die betrokke persoon die vuurwapen in veilige bewaring mag hou, hoekom die vuurwapen so bewaar moet word en dit moet voldoende besonderhede bevat om die lisensie, permit of magtiging asook die betrokke vuurwapen te identifiseer, asook die naam, identiteitsnommer en fisiese adres noem van die lisensiehouer en die persoon aan wie die magtiging verleen word.
- (d) 'n Permit beoog in subparagraaf (a) kan te eniger tyd gekanselleer word deur die Aangewese Vuurwapenbeampte mits voldoende redes daarvoor aangevoer word.

- (e) 'n Vuurwapen wat veilig bewaar word kragtens die regulasie mag nie gebruik word deur die persoon wat die bergingsfasiliteit voorsien of deur enige ander persoon terwyl die vuurwapen kragtens die regulasie bewaar word nie.
  - (f) Net die houer van die lisensie wat van toepassing is op die vuurwapen mag die vuurwapen verwyder uit die kluis of instapkluis waar dit bewaar word.
- (5) In geval van enige perseel waar vuurwapenbeheer toegepas word deur die okkupeerder van die perseel, kan die houer van 'n lisensie, magtiging of permit wat uitgereik is kragtens die Wet, die vuurwapen en ammunisie wat in besit is van die genoemde houer wanneer die perseel betree word oorhandig aan 'n persoon wat aangewys is deur die genoemde okkupeerder en wat sodanig gemagtig is kragtens artikel 21 van die Wet, sodat die vuurwapen en ammunisie namens die houer van die lisensie, magtiging of permit gehou kan word vir 'n tydperk wat nodig is onder die omstandighede in 'n kluis of instapkluis wat voldoen aan die standaarde van SABS Standaard 953-1 of 953-2, of 'n voorgeskrewe wegsluitkluis wat op die perseel geïnstalleer is en net gesamentlik deur die aangewese persoon en die houer van die lisensie oopgemaak kan word.
- (6) Indien 'n tydelike magtiging uitgereik is -
- (a) om 'n vuurwapen te besit kragtens artikel 21 van die Wet;
  - (b) om handel te dryf in vuurwapens of ammunisie op persele buiten die persele wat gespesifiseer is in die handelaar se lisensie kragtens artikel 36 van die Wet;
  - (c) om vuurwapens of ammunisie uit te stal op persele buiten die persele wat gespesifiseer is in die betrokke vervaardiger se lisensie wat uitgereik is kragtens artikel 50 van die Wet; of
  - (d) om besigheid te bedryf as 'n wapensmid op 'n perseel buiten die persele wat gespesifiseer is in die betrokke wapensmid se lisensie wat uitgereik is kragtens artikel 64 van die Wet,
- kan die Registrateur by gebreke aan spesifieke voorskrifte ingevolge hierdie regulasies, sodanige redelike voorwaardes as wat nodig mag wees onder die omstandighede afdwing met betrekking tot die veilige bewaring van vuurwapens en ammunisie.
- (7) Waar 'n invoer-, uitvoer- of deurgangspersmit uitgereik is kragtens artikel 74 van die Wet, of waar 'n vuurwapenkarweierspersmit uitgereik is kragtens artikel 86 van die Wet, kan die Registrateur sodanige redelike voorsorgmaatreëls wat nodig mag wees onder die omstandighede afdwing vir die veilige bewaring van die vuurwapens en ammunisie.
- (8) 'n Bestaande kluis, instapkluis, toestel, apparaat of instrument vir die veilige bewaring van vuurwapens, wat voldoen aan die regulasies afgekondig kragtens die vorige Wet sal beskou word asof dit voldoen aan die standaard wat gestel word in SABS-Standaard 953-1 en 953-2 vir alle doeleindes van die Wet as die Registrateur 'n sertifikaat uitreik vir die doel.

- (9) Die Registrateur kan 'n sertifikaat wat beoog word in subregulasie (8) ten opsigte van enige kluis, instapkluis, toestel, apparaat, of instrument wat bestaan wanneer die Regulasies van krag word uitreik indien dit nie voldoen aan die tegniese spesifikasies waarna verwys word in die Standaard waarna verwys word in subregulasie (8) nie, maar wat na mening van die Registrateur substansieel en doeltreffend sal voldoen aan dieselfde doel: Met dien verstande dat die spesifikasie wat die Registrateur aanvaar nie swakker mag wees aan dit wat voorgeskryf is volgens die vorige Wet ten tye van die uitreik van die jongste lisensie of ander toepaslike magtiging om 'n vuurwapen te besit en waarvoor die kluis, instapkluis, toestel, apparaat, of instrument goedgekeur is nie.
- (10) Enige vuurwapen of ammunisie wat ingevoer word in die Republiek van Suid-Afrika, wat geberg moet word volgens die vereistes van die Doeane en Aksynswet, 1964 (Wet No. 91 van 1964), moet te alle tye geberg word in ooreenstemming met die regulasies vir die veilige bewaring van vuurwapens en ammunisie voorgeskryf in hierdie regulasies.
- (11) (a) Vuurwapens buiten daardie waarvoor 'n lisensie vir selfverdediging uitgereik is kragtens artikel 13 van die Wet, moet ongelaaï geberg word volgens die regulasies terwyl dit nie gelaai is nie.
- (b) Enige persoon wat 'n vuurwapen of ammunisie wettig mag besit, moet dit bewaar in 'n voorgeskrewe kluis of instapkluis waartoe hy of sy te alle tye eksklusiewe toegang het, of waar sy of haar teenwoordigheid en samewerking 'n voorvereiste is vir toegang tot die betrokke vuurwapen of ammunisie, tensy -
- (i) die berging onderneem word deur die houer van 'n handelaarslisensie of wapensmidlisensie in welke geval die handelaar of handelaar se personeel met geldige bevoegdheidsertifikate, of die wapensmid toegang mag hê tot die kluis of instapkluis; of
- (ii) die vuurwapen tydelik geberg word in 'n kluis of instapkluis wat voldoen aan die voorskrifte van SABS-Standaard 953-1 en 953-2, of 'n toestel, apparaat of instrument vir die veilige bewaring van 'n wegsluitkluis vuurwapen wat voldoen aan die voorskrifte van subregulasie (12), wat onder beheer is van 'n houer van 'n lisensie, magtiging of permit wat uitgereik is kragtens die Wet, in welke geval die persoon wat die vuurwapen bewaar die Aangewese Vuurwapenbeampte in wie se gebied die vuurwapen tydelik geberg word, skriftelik moet laat weet daarvan.
- (12) 'n Wegsluitkluis, apparaat, toestel en instrument vir die veilige bewaring van 'n vuurwapen of ammunisie, moet tot bevrediging van die Registrateur voldoen aan die volgende -
- (a) dit moet van staal wat minstens 2 mm dik is vervaardig wees;
- (b) dit moet die betrokke vuurwapen geheel en al omhul of omsluit;
- (c) dit moet toegerus wees met 'n doeltreffende integrale sluitmeganisme;

- (d) dit moet 'n skarniermeganisme hê vir die bedekking of deksel wat verseker dat die bedekking of deksel nie verwyder of oopgemaak kan word as die sluitpen uit die skarnier verwyder word nie;
- (e) dit moet 'n fasiliteit hê waarmee die wegsluitkluis, apparaat, toestel of instrument veilig en behoorlik geheg kan word aan 'n ander struktuur soos 'n muur of vloer, of die bakwerk van 'n voertuig; en
- (f) dit moet, in geval van 'n wegsluitkluis soos beoog in subregulasie (5) net gesluit of oopgemaak kan word met twee of meer sleutels wat gelyktydig of gesamentlik gebruik moet word.

## **Hoofstuk 11 Organisatoriese strukture**

### **Deel 1 Die Sentrale Vuurwapenregister**

#### **Inligting wat opgeneem moet wees in die sentrale databasis**

- 87.** Die sentrale databasis moet, soos beoog in artikel 125(2)(a) van die Wet, inligting bevat wat in die voorgeskrewe vorm ingedien is by die Registrateur ten opsigte van -
- (a) addisionele dokumente wat voorsien word met 'n aansoekvorm, vir die doel van akkreditasie, die uitreik van 'n bevoegdheidsertifikaat, lisensie, magtiging, permit, hernuwing of duplikaat daarvan;
  - (b) 'n bevoegdheidsertifikaat, lisensie, magtiging, permit en hernuwing of duplikaat, wat uitgereik of afgekeur is op grond van 'n aansoek;
  - (c) die beëindiging of kansellering van 'n bevoegdheidsertifikaat, lisensie, magtiging of permit;
  - (d) 'n ongeschiktheidsverklaring soos beoog in hoofstuk 12 van die Wet;
  - (e) 'n beskikking van 'n vuurwapen volgens die vereistes van die Wet; en
  - (f) met betrekking tot die verlies, terugvinding, diefstal of vernietiging van vuurwapens -
    - (i) datum van die verlies, terugvinding, diefstal of vernietiging;
    - (ii) omstandighede van die verlies, verhaling, diefstal of vernietiging;
    - (iii) volle name, van, identiteitsnommer en fisiese adres van die persoon wat die verlies, terugvinding, diefstal of vernietiging van die vuurwapens aangemeld het;
    - (iv) besonderhede van die lisensie, magtiging of permit wat verband hou met die vuurwapen of ammunisie;
    - (v) besonderhede van die houer soos dit weerspieël word op die lisensie, magtiging of permit wat verband hou met die vuurwapen of ammunisie;

- (vi) verwysingsnommer van die dossier of lêer vir die polisie-ondersoek; en
- (vii) polisiestase waar die verlies, terugvinding, diefstal of vernietiging aangemeld is.

### **Ander dokumente en inligting wat vervat moet wees in die sentrale databasis**

- 88.** Die sentrale databasis moet bo en behalwe die inligting wat vereis word in regulasie 87, inligting bevat oor die volgende -
- (a) verklaring van ongeskiktheid om 'n vuurwapen te besit ooreenkomstig artikel 102 van die Wet;
  - (b) ongeskiktheid wording om 'n vuurwapen te besit ooreenkomstig artikel 103 van die Wet;
  - (c) gebruikers van die sentrale databasis; en
  - (d) akkreditasie.

## **Deel 2**

### **Administratiewe geregtigheid en appèl**

#### **Administratiewe geregtigheid**

- 89.** Enige polisiebeampte wat 'n administratiewe besluit neem kragtens die Wet, welke besluit die regte van 'n persoon nadelig kan raak, moet -
- (a) onmiddellik nadat die besluit geneem is, die redes vir die besluit skriftelik aanteken;
  - (b) die dokument met die redes vir die besluit onderteken en die datum daarop aanbring; en
  - (c) sonder enige uitstel die betrokke persoon skriftelik laat weet van die besluit en redes waarna verwys word in paragraaf (a) aandui met die datum en die plek waar die besluit geneem is.

#### **Appèlraad**

- 90.**
- (1) Die voorwaardes van die amp, vergoeding en toelae vir lede van die Appèlraad waarna verwys word in artikel 129(1) van die Wet is soos dit voorgeskryf is kragtens die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie No. 103 van 1994) ten tye van die promulgering van die regulasies vir persone met die kwalifikasies en ervaring wat ooreenstem met dié van lede van die Appèlraad.
  - (2) 'n Persoon kan net optree as 'n lid van die Appèlraad as hy of sy vir minstens vyf jaar gepraktiseer het in sy of haar besondere kennisveld.
  - (3) Onderhewig aan die voorwaardes van artikel 129(2) van die Wet, word 'n lid van die Appèlraad aangestel vir 'n tydperk van minstens vyf jaar.
  - (4) 'n Lid van die Appèlraad kan weer aangestel word.

- (5) Die setel van die Appèlraad is Pretoria, maar die Raad kan op enige ander plek sit vir die doel van 'n verhoor waar mondelinge voorleggings toegelaat sal word.
- (6) Die Minister moet 'n lid van die Appèlraad nomineer as voorsitter van die Appèlraad.
- (7) Die voorsitter moet vasstel wanneer die Appèlraad vergader, asook die prosedure tydens vergaderings.
- (8) (a) Vir die doel van 'n vergadering van die Appèlraad, vorm die voorsitter en twee lede 'n kworum.
- (b) Die besluit van die meerderheid lede teenwoordig by 'n vergadering van die Appèlraad word beskou as 'n besluit van die Appèlraad: Met dien verstande dat die voorsitter van die Appèlraad 'n deurslaggewende stem, bo en behalwe sy of haar gewone stem het in geval van 'n staking van stemme.

### **Appèlprosedure**

- 91.** (1) 'n Appèl deur 'n persoon na wie verwys word in artikel 133 van die Wet, moet aangeteken word deur die persoon of sy of haar regsverteenvoerder -
- (a) binne 90 dae na die datum waarop die Registrateur die besluit geneem het; en
  - (b) deur 'n kennisgewing van appèl in te dien by die Appèlraad op die vorm soos voorgeskryf in Aangangsel "A" tot die regulasies.
- (2) 'n Kennisgewing van appèl moet duidelik aandui watter besluit geneem is, die datum waarop die besluit geneem is, enige grond of gronde vir appèl en deur skriftelike voorleggings ter ondersteuning vir die appèl aan die kennisgewing van appèl te heg.
- (3) Die Appèlraad kan die laat indien van 'n kennisgewing van appèl toelaat by die aanvoer van gegronde redes deur die persoon wat appèl aanteken waarom dit onmoontlik was om te voldoen met die betrokke voorwaarde ten opsigte van tyd, of waar daar enige ander goeie redes was hoekom die persoon nie kan of kon voldoen aan sodanige voorwaarde nie.
- (4) 'n Afskrif van die kennisgewing wat beoog word in subregulasie 89(c) moet aan die kennisgewing van appèl geheg word.
- (5) 'n Kennisgewing van appèl moet per hand, per faks of per pos by die Appèlraad ingedien word en gerig word aan die Voorsitter van die Appèlraad by die volgende adresse of nommers:

Posadres: Privaatsak X811, Pretoria 0001;

Fisiese adres: Grondverdieping, Veritas-gebou, Volkstemlaan, Pretoria;

Faks: (012) 353 6211;

E-posadres: cfr-appealboard@saps.gov.za.



- (6) Die Appèlraad moet ontvangs van 'n kennisgewing van appèl en die datum waarop dit ontvang is skriftelik erken. Die bevestiging kan per pos, faks of per hand gedoen word indien die kennisgewing van die appèl per hand ingedien word.
- (7) Die Appèlraad moet die amptenaar verantwoordelik vir die besluit waarop die appèl betrekking het laat weet en hom of haar voorsien van afskrifte van die dokumente waarna verwys word in subregulasie (2) moet die amptenaar versoek om skriftelik binne 21 dae te laat weet waarom die appèl nie behoort te slaag nie.
- (8) Die Appèlraad kan 'n appellant of die appellant se regsverteenvoerder versoek om die raad toe te spreek tydens die verhoor, in welke geval die Appèlraad die appellant en die betrokke amptenaar moet laat weet dat mondelinge verteenwoordiging deur die partye toegelaat sal word by die verhoor en albei partye moet die geleentheid gegun word om mondelinge verhoor te rig by die verhoor.
- (9) Onderhewig aan die voorwaardes van artikel 133(3) van die Wet kan die Appèlraad, indien die raad dit nodig ag, versoek dat addisionele bewys gelewer moet word deur enige party sodat die raad 'n regverdigde en billike besluit kan neem.
- (10) Die Appèlraad moet -
  - (a) binne 45 dae nadat die 21 dae wat beoog word in subregulasie (7) verstryk het, die appèl finaliseer; en
  - (b) binne 14 dae na die Appèlraad se besluit 'n appellant, of sy of haar regsverteenvoerder skriftelik in kennis stel van die besluit.
- (11) Niks in die regulasie mag beskou word asof dit verwys na die besluit van 'n hof wat optree kragtens artikel 103 van die Wet nie.

## **Hoofstuk 12**

### **Algemene voorwaardes**

#### **Aansoek om vergoeding**

- 92.** (1) 'n Persoon wat aansoek doen om vergoeding soos beoog in artikel 137 van die Wet, moet die betrokke aansoekvorm wat voorgeskryf word in Aangangsel "A" behoorlik invul en by die betrokke Aangewese Vuurwapenbeampte indien met enige vereiste ondersteunende dokumente.
- (2) Die aansoeker moet die aansoekvorm persoonlik invul met 'n pen met swart ink, of in geval van 'n regspersoon, moet die verantwoordelike persoon wat beoog word in artikel 7 van die Wet die vorm so invul.

#### **Besikking van vuurwapens of ammunisie wat oorhandig is in ooreenstemming met amnestie**

- 93.** (1) 'n Persoon wat 'n vuurwapen of ammunisie oorhandig kragtens 'n amnestiekennisgewing wat gepubliseer is ingevolge artikel 139 van die Wet, moet die vuurwapen of ammunisie oorhandig by 'n polisiestasie.

- (2) In alle gevalle waar 'n vuurwapen oorhandig is tydens 'n amnestietydperk kragtens artikel 139 van die Wet, moet dit vernietig word onderhewig aan die bepalings van regulasie 104.
- (3) In alle gevalle waar ammunisie oorhandig is tydens 'n amnestietydperk kragtens artikel 139 van die Wet, moet die patroondop en koeël net vernietig word deur dit te smelt, of op 'n ander wyse wat goedgekeur is deur die Registrateur.
- (4) Vuurwapens en ammunisie wat oorhandig is kragtens 'n amnestiekennisgewing wat gepubliseer is kragtens artikel 139 van die Wet, moet onderhewig aan die bepalings van regulasie 104(5), artikel 114(2) en artikel 139(4) van die Wet vernietig word binne 'n tydperk van ses maande na -
  - (a) verval van die amnestietydperk; of
  - (b) 'n aansoek wat beoog word in artikel 139(4) van die Wet afgekeur is.

#### **Oorhandiging van vuurwapens en ammunisie**

- 94.**
- (1) 'n Persoon wat wettiglik geregtig is daarop om 'n vuurwapen of ammunisie te besit kragtens die Wet en wat die eienaar is van 'n vuurwapen of ammunisie kan die vuurwapen of ammunisie oorhandig aan die Suid-Afrikaanse Polisie diens.
  - (2) Die vuurwapen of ammunisie moet oorhandig word aan die Suid-Afrikaanse Polisie diens deur die vuurwapen of ammunisie te oorhandig tesame met die betrokke lisensie, permit of magtiging, asook die toepaslike vorm wat bepaal word deur die Registrateur, by 'n polisie stasie in the handig.
  - (3) Die Suid-Afrikaanse Polisie diens kan, in ooreenstemming met die voorwaardes van die Wet, beskik oor die vuurwapen of ammunisie wat oorhandig word kragtens subregulasie (2).
  - (4) In alle gevalle waar 'n vuurwapen of ammunisie oorhandig word aan 'n polisie stasie, of waar 'n vuurwapen of ammunisie gevind word, kan die omstandighede ondersoek word om vas te stel of 'n oortreding begaan is met of ten opsigte van sodanige vuurwapen of ammunisie en die Suid-Afrikaanse Polisie diens moet beskik oor sodanige vuurwapen of ammunisie soos voorsien word in die Wet, onderhewig aan die regte van enige persoon wat die vuurwapen of ammunisie regmatiglik mag besit.
  - (5) 'n Kwitansie moet oorhandig word aan die persoon van wie die vuurwapen of ammunisie ontvang is.

#### **Voorlegging en afvoer van vuurwapens of ammunisie vir identifikasiedoeleindes**

- 95.**
- (1) 'n Betrokke Aangewese Vuurwapenbeampte kan vereis dat 'n vuurwapen wat betrekking het op 'n aansoek in terme van die Wet deur die aansoeker voorgelê moet word vir doeleindes van identifikasie by die kantoor van die Aangewese Vuurwapenbeampte.
  - (2) Wanneer die Registrateur dit nodig ag, kan hy of sy met die doel om 'n vuurwapen of ammunisie te identifiseer, 'n skriftelike kennisgewing rig aan

enige persoon wat 'n vuurwapen of ammunisie besit en kennis gee dat die persoon die vuurwapen of ammunisie binne 'n tydperk wat aangedui word in die kennisgewing moet voorlê by die polisiestase naaste aan die adres waar die houer van die lisensie, magtiging of permit woonagtig is, volgens die woonadres soos dit verskaf is deur die betrokke persoon.

- (3) 'n Polisiebeampte kan 'n vuurwapen of die ammunisie soos beoog word in subregulasie (2) afvuur vir identifikasiedoeleindes.
- (4) 'n Kwitansie moet uitgereik word aan die persoon van wie die vuurwapen of ammunisie ontvang word.
- (5) Die vuurwapen en res van die ammunisie wat nie gebruik word tydens die toets nie, moet binne 'n redelike tyd aan die persoon wat die vuurwapen wettig mag besit terugbesorg word, tensy beslag gelê word daarop kragtens die reg.
- (6) Niks in die regulasie doen afbreuk aan enige bevoegdheid wat polisiebeamptes mag hê om te deursoek en beslag te lê kragtens enige wet nie.

#### **Betaling van bedrae wat gehef word**

- 96.** (1) Vir die doel van die Regulasies en ongeag enige iets tot die teendeel wat daarin vervat word, moet die bedrae wat gehef word volgens Aangangsel "B" tot die regulasies betaal word soos dit hiervolgens aangedui word.
  - (2) Bedrae moet by 'n polisiestase betaal word.
  - (3) Bedrae mag net in kontant of per bankgewaarborgde tjek betaal word.
  - (4) Indien 'n aansoeker 'n bedrag per tjek betaal, moet die tjek -
    - (a) betaalbaar gemaak word aan die Suid-Afrikaanse Polisieagentskap;
    - (b) behoorlik gekruis wees; en
    - (c) nie vooruitgedateer wees nie.
  - (5) 'n Kwitansie moet uitgereik word vir die betaling van alle bedrae.

#### **Betaling van administratiewe boetes**

- 97.** (1) 'n Administratiewe boete moet by die polisiestase wat die administratiewe boete gehef het, betaal word
  - (2) 'n Administratiewe boete moet in kontant of per bankgewaarborgde tjek betaal word.
  - (3) As die persoon per tjek betaal, moet die tjek -
    - (a) betaalbaar gemaak word aan die Suid-Afrikaanse Polisieagentskap;
    - (b) behoorlik gekruis wees; en
    - (c) nie vooruitgedateer wees nie.

- (4) Die Registrateur kan die persoon toelaat om die administratiewe boete te betaal in nie meer as vier gelyke paaiemente.
- (5) 'n Kwitansie moet uitgereik word vir die betaling van alle bedrae.

### **Afgee en beskikking van bevoegdheidsertifikaat, lisensie, permit of magtiging**

- 98.** (1) Die houer van 'n bevoegdheidsertifikaat, lisensie, permit of magtiging om 'n vuurwapen te besit wat uitgereik is kragtens die Wet, moet onder die omstandighede vermeld in artikel 145(1)(h) van die Wet asook onder die volgende omstandighede, onmiddellik sodanige bevoegdheidsertifikaat, lisensie, permit of magtiging afgee aan die betrokke Aangewese Vuurwapenbeampte -
- (a) ten opsigte van 'n vuurwapen wat beskik of oorgedra word maar ingeval 'n oordrag nadat die persoon aan wie oordrag gegee is die vuurwapen in besit neem nadat die nuwe lisensie ontvang is deur die persoon wat oordrag neem;
  - (b) wanneer die houer van 'n lisensie, permit of magtiging vrywillig die vuurwapen oorhandig aan die Suid-Afrikaanse Polisie;
  - (c) wanneer die vuurwapen verbeur word ten gunste van die Staat;
  - (d) wanneer die vuurwapen vernietig is;
  - (e) nadat oor die vuurwapen beskik is waarvan die lisensie, permit of magtiging gekanselleer word deur die Registrateur;
  - (f) wanneer die lisensie, permit of magtiging beëindig is of die geldigheid verval het; of
  - (g) die vuurwapen gedeaktiveer word.
- (2) 'n Vorm wat behoorlik ingevul is soos voorgeskryf in Bylae "A", moet by die betrokke Aangewese Vuurwapenbeampte ingedien word wanneer 'n bevoegdheidsertifikaat, lisensie, permit of magtiging afgegee word in ooreenstemming met subregulasie (1).
- (3) Waar 'n persoon 'n addisionele lisensie hou kragtens artikel 12(1) van die Wet vir 'n vuurwapen wat bedoel word in subregulasie (1) moet die houer van die addisionele lisensie onmiddellik sodanige addisionele lisensie afgee aan die betrokke Aangewese Vuurwapenbeampte.
- (4) Waar die vuurwapen wat bedoel word in subregulasie (3) verkry word deur die addisionele lisensiehouer, moet die addisionele lisensiehouer onmiddellik aansoek doen om 'n toepaslike lisensie om die vuurwapen te besit ooreenkomstig die regulasies, met dien verstande dat die Registrateur na eie goeë dunks volgens Wet 'n tydelike magtiging mag uitreik vir die besit van die betrokke vuurwapen terwyl daar gewag word vir goedkeuring van die lisensie waarvoor aansoek gedoen is.
- (5) 'n Persoon buiten die houer van die bevoegdheidsertifikaat, lisensie, permit of magtiging mag die bevoegdheidsertifikaat, lisensie, permit of magtiging

oorgee namens die houer van die bevoegdheidsertifikaat, lisensie, permit, of magtiging, mits die persoon bewys indien dat hy of sy die gesag het om die bevoegdheidsertifikaat, lisensie, permit of magtiging in te dien namens die houer van die bevoegdheidsertifikaat, lisensie, permit of magtiging.

### **Uitstel van lisensies, permitte of magtigings in geval van diefstal of verlies van die vuurwapen**

- 99.** (1) Vir die doel van hierdie regulasie beteken "uitstel" gedeeltelike of volle uitstel wat daartoe lei dat die werking van die lisensie, permit of magtiging van toepassing op die vuurwapen uitgestel word tot 'n toekomstige datum.
- (2) Wanneer die diefstal of verlies van 'n vuurwapen aangemeld is soos dit vereis word kragtens artikel 120(11) van die Wet, word alle lisensies, permitte of magtigings van toepassing op die vuurwapen op die datum wat dit aangemeld word onbepaald uitgestel, maar net met betrekking tot die spesifieke vuurwapen wat daarmee verband hou.
- (3) Die houer van 'n uitgestelde lisensie, permit of magtiging is verplig om seker te maak dat die Sentrale Vuurwapenregister te alle tye skriftelik in kennis gestel word van enige permanente verandering van sy of haar bestaande pos- of woonadres.
- (4) Wanneer 'n vuurwapen wat gesteel of verloor is, gevind of opgespoor word en sodanige feit aangemeld is by die Sentrale Vuurwapenregister, vervel die uitstel van sodanige lisensie, permit of magtiging met ingang van die dag wat die houer van die lisensie, permit of magtiging die vuurwapen ontvang en sodanige lisensie, permit of magtiging bly geldig vir die res van die geldigheidstydperk van die lisensie, permit of magtiging, tensy dit in geval van 'n lisensie daartoe sal lei dat die lisensiehouer meer lisensies sou hê as wat die Wet toelaat, in welke geval die lisensiehouer die keuse sal hê om enige van die oortollige vuurwapens van die hand te sit binne 60 dae nadat die kennisgewing soos voorsien word in subregulasie (4) ingedien word, of by die aanvoer van gegronde redes, na sodanige uitgebreide tydperk as wat die Registrateur mag bepaal.
- (5) Die houer van 'n uitgestelde lisensie, permit of magtiging moet binne 30 dae na die opsporing of die terugvind van die betrokke vuurwapen deur die Registrateur in kennis gestel word deur betokening van 'n kennisgewing by sy of haar laaste aangetekende adres dat die betrokke vuurwapen gevind of opgespoor is.

### **Verandering van adres**

- 100.** (1) 'n Kennisgewing van verandering van adres soos dit vereis word deur die Wet moet by die betrokke Aangewese Vuurwapenbeampte ingedien word in die vorm wat voorgeskryf word in Aansluiting "A".
- (2) Met elke nuwe kennisgewing van 'n verandering van die fisiese adres moet die betrokke Aangewese Vuurwapenbeampte seker maak dat die fasiliteite vir die veilige bewaring by die nuwe adres voldoen aan die toepaslike voorwaardes in regulasie 86.

### **Toerusting en materiaal wat ontwerp is vir die laai van ammunisie**

- 101.** (1) Geen persoon mag sonder 'n vervaardigerslisensie laaitoerusting of materiaal wat ontwerp is vir die grootskaalse kommersiële laai van ammunisie besit nie.
- (2) 'n Persoon wat ammunisie laai soos beoog in artikel 93 (1) van die Wet mag nie daardie ammunisie voorsien aan enige ander persoon nie.

### **Beskikking van vuurwapens in geval van staking van bedryf van besigheid**

- 102.** (1) 'n Persoon wat beoog word in artikel 146 van die Wet moet -
- (a) die Registrateur skriftelik in kennis stel op watter datum die besigheid sal ophou sake doen en in die kennisgewing die Registrateur voorsien van 'n omvattende lys met volle besonderhede van alle vuurwapens en ammunisie in sy of haar besit;
  - (b) die Registrateur in kennis stel van die stappe om die vuurwapens en ammunisie veilig te bewaar met volle besonderhede van die fisiese adres waar die vuurwapens geplaas sal word en die persoon in wie se sorg die vuurwapens geplaas is of geplaas sal word;
  - (c) beskik oor die vuurwapens en ammunisie in sy of haar besit deur middel van -
    - (i) verkoop;
    - (ii) skenking;
    - (iii) vernietiging;
    - (iv) deaktivering;
    - (v) uitvoer;
    - (vi) oorgawe;
    - (vii) ruilhandel; of
    - (viii) enige ander wettige vorm van verandering van eienaarskap na 'n ander persoon wat toegelaat mag word na eie goeddunke van die Registrateur as die beste manier waarop die vuurwapens onder die bepaalde omstandighede beskik kan word;
  - (d) die Registrateur skriftelik laat weet van die besonderhede van die beskikking; en
  - (e) die registers wat voorgeskryf word in die regulasies by die betrokke Aangewese Vuurwapenbeampte indien vir veilige bewaring.
- (2) Die beskikking wat beoog word in subregulasie (1)(c) moet plaasvind binne 90 dae nadat die persoon opgehou het om die onderneming te bedryf.

- (3) Die Registrateur kan, by die aanvoer van gegronde redes deur die persoon wat beoog word in artikel 146 van die Wet, die tydperk van 90 dae wat voorgeskryf word in subregulasie (2) verleng vir 'n verdere tydperk wat nie langer sal wees as 90 dae nie.
- (4) Indien 'n persoon versuim om oor die vuurwapens en ammunisie te beskik binne die voorgeskrewe tydperk, met inbegrip van die verlengde tydperk wat die Registrateur toelaat -
- (a) moet die vuurwapens en ammunisie, asook alle lisensies, magtigings en permitte wat uitgereik is kragtens die Wet ten opsigte van die vuurwapens en ammunisie, onmiddellik oorhandig word aan die Suid-Afrikaanse Polisiediens by die polisiestasie naaste aan die plek waar die vuurwapens en ammunisie geberg is; en
- (b) die Staat moet dan oor die vuurwapens en ammunisie beskik kragtens die betrokke voorwaardes van die Wet.

### **Beskikking van vuurwapens in insolvente of bestorwe boedel**

- 103.** (1) Voordat die Meester 'n eksekuteursbrief uitreik, mag die eksekuteur wat in die testament benoem word en in die afwesigheid van 'n benoemde eksekuteur in die testament, die erfgenaam of naasbestaandes of 'n familielid van die persoon wat gesterf het, wat die houer was van 'n lisensie, permit of magtiging kragtens die Wet, die afgestorwene se vuurwapens besit kragtens 'n permit wat uitgereik word ingevolge artikel 21 van die Wet, totdat subregulasie (2) van krag word.
- (2) Onderhewig aan die voorwaardes van enige ander wet, moet enige persoon wat ingevolge 'n lasbrief vir eksekusie wat uitgereik is deur 'n hof, of 'n aanstelling, eksekuteursaanstelling, brief van administrasie of brief van kuratorskap van die Hoërhof of die Meester van die Hoërhof, na gelang van die geval, optree as geregsbode, balju, eksekuteur, administrateur, trustee, kurator of likwidateur van die boedel van 'n persoon wat 'n vuurwapen besit stappe doen om seker te maak dat die vuurwapen en ammunisie veilig bewaar is en die vuurwapens en ammunisie in 'n bewaringsfasiliteit hou soos voorgeskryf in regulasie 86, met dien verstande dat waar 'n erfgenaam van 'n bestorwe boedel die houer is van 'n lisensie, magtiging of permit wat uitgereik is kragtens die Wet, sodanige erfgenaam voorsiening kan maak vir die veilige bewaring van die vuurwapen en ammunisie op voorwaarde dat -
- (a) die eksekuteur nie oor die vereiste bergingsfasiliteite beskik nie;
- (b) die eksekuteur 'n toestemmingsbrief aan die erfgenaam uitreik vir die veilige bewaring van die vuurwapen waarin die lisensiebesonderhede van die persoon wat gesterf het, asook die fabriek, tipe, kaliber van die vuurwapen en elke vervaardigersuitkenningsnommer of bykomende uitkenningsteken wat aangebring is op die vuurwapen vermeld word; en
- (c) 'n afskrif van die toestemmingsbrief ingedien moet word by die Aangewese Vuurwapenbeampte van die gebied waar die erfgenaam woon.

- (3) In geval van beslaglegging deur 'n geregsbod of balju of met aanstelling as eksekuteur, administrateur, trustee kurator of likwidateur van die boedel, moet die geregsbode, balju of persoon wat aangestel is -
- (a) 'n inventaris opstel van -
- (i) al die vuurwapens en ammunisie van die houer van 'n lisensie, magtiging of permit wat duidelik die fabrikaat, tipe, kaliber van die vuurwapen asook elke vervaardigersuitkenningsnommer of bykomende uitkenningsteken wat aangebring is op die vuurwapen, asook die hoeveelheid, kaliber en fabrikaat ammunisie; en
- (ii) vuurwapenonderdele;
- (b) met beslaglegging of ontvangs van die aanstellingsbrief, na gelang van die geval, binne 14 dae 'n brief, dokument of faks met die volgende besonderhede indien by die Registrateur -
- (i) die naam en adres van die houer van die lisensie, magtiging of permit;
- (ii) die adres waar die vuurwapens of ammunisie bewaar word;
- (iii) 'n afskrif van die inventaris waarna verwys word in subparagraaf (b);
- (iv) 'n afskrif van die beslagleggings lasbrief, of aanstellingsdokument en indien die houer van die lisensie, magtiging of permit gesterf het, 'n afskrif van die doodsertifikaat;
- (v) die name, adresse en identiteitsnommers van alle begunstigdes indien die vuurwapens en ammunisie per testamentêre bepalings of intestate erfreg oorgedra moet word; en
- (vi) dokumentêre bewys van aanstelling as eksekuteur, administrateur, trustee, kurator, of likwidateur van die betrokke boedel, na gelang van die geval.
- (5) Die Registrateur moet die besonderhede in die kennisgewing waarna verwys word in subregulasie (4)(b) aanteken in die Sentrale Vuurwapenregister.
- (6) Die Registrateur moet binne 30 dae na ontvangs van die kennisgewing waarna verwys word in subregulasie (4)(b) erkenning van ontvangs uitreik aan die persoon van wie dit ontvang is.
- (7) Die geregsbode, balju, eksekuteur, administrateur, trustee, kurator or likwidateur van die boedel, na gelang van die geval, moet minstens elke drie maande die Registrateur skriftelik laat weet van die vordering en stappe wat gedoen is om oor sodanige vuurwapens en ammunisie oor te dra, met besonderhede van die persoon aan wie die vuurwapen of ammunisie oorgedra is.



- (8) Die Registrateur kan te eniger tyd per skriftelike kennisgewing opdrag gee dat die geregsbode, balju, eksekuteur, administrateur, trustee, kurator of likwidateur van die boedel binne die tydperk wat genoem word in die kennisgewing laat weet watter vordering gemaak is en stappe wat gedoen word ten opsigte van die oordrag.
- (9) Die eksekuteur, administrateur, trustee, kurator of likwidateur van die boedel kan net aansoek doen by die Meester van die Hoërhof om die boedel af te handel nadat kennis ontvang is van die Registrateur om te bevestig dat alle betrokke vuurwapens oorgedra is kragtens die Wet.
- (10) 'n Geregsbode of balju kan nie 'n vuurwapen wat per eksekusie verkoop is of andersins oorgedra moet word kragtens die betrokke lasbrief tot eksekusie aan enige persoon oorhandig nie, tensy die persoon 'n lisensie, magtiging of permit het om daardie vuurwapen te besit.

### **Vernietiging van vuurwapens**

- 104.** (1) Waar die Staat besluit het of verplig is om 'n vuurwapen of ammunisie kragtens die Wet te vernietig, geld die volgende prosedure -
- (a) elke vuurwapen wat nie die vervaardigersuitkenningsnommer of bykomende uitkenningsteken dra nie, moet onmiddellik gemerk word kragtens artikel 23(4) van die Wet en daardie besonderhede moet geregistreer word by die kantoor van die Sentrale Vuurwapenregister;
  - (b) die kantoor van die Sentrale Vuurwapenregister moet ingelig word dat die betrokke vuurwapen vernietig gaan word en die kennisgewing moet besonderhede oor die fabrikaat, tipe, kaliber van die vuurwapen, elke vervaardigersuitkenningsnommer of bykomende uitkenningsteken wat op die vuurwapen aangebring is bevat;
  - (c) 'n oudit moet gedoen word deur 'n Aangewese Vuurwapenbeampte wat vir die doel aangestel is deur die Registrateur, voordat die vuurwapen en ammunisie vernietig word om die besonderhede wat aangebring is in die lys wat aan die Registrateur voorsien moet word kragtens subparagraaf (e) te bevestig;
  - (d) 'n vuurwapen en ammunisie kan net vernietig word in die teenwoordigheid van 'n Aangewese Vuurwapenbeampte; en
  - (e) 'n lys van vuurwapens en ammunisie wat vernietig is met besonderhede van sodanige vuurwapens soos beoog in subparagraaf (b), moet binne 14 dae nadat die vuurwapens vernietig is deur die Aangewese Vuurwapenbeampte bedoel in subparagraaf (c) of (d), by die Registrateur ingedien word.
- (2) Waar 'n persoon 'n vuurwapen wettig besit en die eienaar van die betrokke vuurwapen is, die vuurwapen wil vernietig, kan hy of sy die vuurwapen oorgee aan die betrokke Aangewese Vuurwapenbeampte kragtens regulasie 94.
- (3) In alle ander gevalle van vernietiging van 'n vuurwapen moet sodanige vernietiging binne 24 uur nadat bewus geword is van die vernietiging by die polisiestasie naaste aan die plek van vernietiging aangemeld word deur die

persone waarna verwys word, soos beoog ingevolge artikel 120(11) van die Wet.

- (4) Vuurwapens mag net vernietig word kragtens hierdie regulasie deur dit te smelt, onder druk te vernietig, of op 'n ander wyse wat die Registrateur vasstel, sodat die oorspronklike doel, ontwerp en doelwit van die vuurwapen of enige deel daarvan permanent en onherroeplik vernietig word.
- (5) Geen persoon, insluitend die Staat mag 'n vuurwapen vernietig sonder die skriftelike vooraf toestemming van die Registrateur nie. Die Registrateur kan net instem tot die vernietiging van 'n vuurwapen mits behoorlik voldoen is aan die bepalings van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (Wet No. 25 van 1999) soos dit afgedwing word deur die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbrongagentskap of hulle benoemde agente.

### **Deaktivering van vuurwapens**

- 105.**
- (1) 'n Aansoek deur die houer van 'n lisensie, magtiging of permit om 'n vuurwapen te deaktiveer moet ingedien word op die vorm wat in Aanhangsel "A" voorgeskryf is.
  - (2) Die aansoek en die vuurwapen moet by die Aangewese Vuurwapenbeampte, ingedien word met die lisensie, magtiging of permit om die vuurwapen te besit.
  - (3) Met ontvangs van die aansoek, lisensie, magtiging of permit en die vuurwapen moet die Aangewese Vuurwapenbeampte ontvangs daarvan erken.
  - (4) Die Aangewese Vuurwapenbeampte moet die vuurwapen stuur vir ballistiese toetse.
  - (5) Die Aangewese Vuurwapenbeampte moet die aansoek en ballistiese verslag by die Registrateur indien vir die nodige oorweging.
  - (6) Die Registrateur moet na oorweging 'n kennisgewing dat die aansoek om die deaktivering goedgekeur of afgekeur is oorhandig aan die Aangewese Vuurwapenbeampte.
  - (7) Nadat goedkeuring verkry is van die Registrateur, moet die Aangewese Vuurwapenbeampte na 'n skriftelike kennisgewing van ontvangs die vuurwapen oorhandig aan die wapensmid wat aangestel is deur die houer van die lisensie, magtiging of permit om die vuurwapen te deaktiveer.
  - (8) Die wapensmid moet die "Vuurwapenherstelregister" bywerk deur aan te dui dat die gesag om die vuurwapen te deaktiveer ontvang is.
  - (9) 'n Wapensmid moet die vuurwapen op die volgende wyse deaktiveer:
    - (a) Loop en kamer:
 

'n Styfpassende metaalprop moet van die agterkant af ingesit word en vasgesweis word om te verhoed dat 'n patroon in die kamer gesit kan word of om te verhoed dat 'n kruitlading ingesit kan word.

- (b) Rewolwersilinder:  
 'n Styfpassende metaalprop moet van die agterkant af ingesit word en vasgesweis word om te verhoed dat 'n patroon in die kamer gesit kan word of om te verhoed dat 'n kruitlading ingesit kan word.
- (c) Slagpen:  
 Dit moet korter gemaak word en die slagpengat in die agterkant moet verseël word deur dit toe te sweis.
- (d) Agterstuk:  
 75% of meer moet verwyder word teen 'n hoek van 45°. In geval van 'n rewolwer beteken "agterstuk" die gedeelte wat die basis van die patroon in lyn met die loop ondersteun.
- (e) Skuif, slot of sluitstuk:  
 75% of meer van die sluitoppervlakke moet verwyder word teen 'n hoek van 45°.
- (f) Raam of romp:  
 75% of meer van die voerromp, sluitskouers en -stutte moet verwyder word en 'n metaalobstruksie moet vasgesweis word om te verhoed dat 'n standaardskuif, -slot of sluitstuk gemonteer kan word.
- (g) vuurwapens wat volgens 'n vorige spesifikasie van die Suid-Afrikaanse Polisie diens wat van toepassing was voor die promulgering van die Wet, of volgens die amptelike beveiligingspesifikasies in die Verenigde Koninkryk of Europese Unie gedeaktiveer is, sal beskou word asof dit kragtens die Wet gedeaktiveer is.
- (10) Die vuurwapen wat gedeaktiveer is en 'n sertifikaat wat deur die wapensmid uitgereik is en waarin bevestig word dat die deaktivering ooreenkomstig voormelde voorskrifte gedoen is moet by die Aangewese Vuurwapenbeampte ingedien word.
- (11) Met ontvangs van die deaktiveringssertifikaat en nadat die Aangewese Vuurwapenbeampte die vuurwapen nagegaan het, moet die Registrateur sorg dat die lisensie, magtiging of permit gekanselleer en vernietig word.
- (12) Die Registrateur moet 'n kennisgewing van kansellering uitreik aan die houer van die lisensie, magtiging of permit.
- (13) Geen persoon mag 'n vuurwapen deaktiveer sonder die Registrateur se skriftelike vooraftoestemming nie. Die Registrateur mag net instem tot die deaktivering van 'n vuurwapen nadat behoorlik voldoen is aan die vereistes van die Wet op Nasionale Erfenis hulpbronne, 1999 (Wet No. 25 van 1999) soos dit afgedwing word deur die Suid-Afrikaanse Erfenis hulpbronagentskap of hulle benoemde agente.

## Beveiliging van vuurwapens

**106.** Die Registrateur kan weier om 'n lisensie toe te staan vir die vervaardiging van 'n vuurwapen tensy die vervaardiger op versoek van die Registrateur, kan bewys dat daar voldoen word aan beveiliging kragtens die Wet op Standaarde, 1993 (Wet No. 29 van 1993), of in ooreenstemming met 'n internasionaal aanvaarde standaard van beveiliging.

## Verandering van omstandighede

- 107.** (1) 'n Persoon ten aansien van wie 'n verandering plaasgevind het van residensiële of posadres soos beoog word in artikel 26(1), 38(1), 52(1) en 66(1) van die Wet, moet die Registrateur daarvan laat weet per skriftelike kennisgewing wat by die betrokke Aangewese Vuurwapenbeampte ingedien word in die vorm wat voorgeskryf is in Aanhangsel "A".
- (2) Waar 'n verantwoordelike persoon vervang word, soos beoog in artikel 7(4) van die Wet, moet die regspersoon die Registrateur daarvan in kennis stel deur 'n voorgeskrewe vorm in te vul en in te dien met 'n afskrif van die identiteitsdokument en stel vingerafdrukke van die persoon wat pas aangestel is, asook dokumentêre bewys dat die persoon wettig mag optree namens die regspersoon.

## Regstel van inligting

- 108.** (1) 'n Aansoek by die Registrateur om inligting met betrekking tot die houër van 'n lisensie, permit of magtiging of inligting op 'n lisensie, permit of magtiging reg te stel moet die aansoekvorm wat behoorlik ingevul is soos dit voorgeskryf is in Aanhangsel "A" met enige vereiste ondersteunende dokumente indien by die betrokke Aangewese Vuurwapenbeampte.
- (2) Waar 'n aansoek waarna verwys word in subregulasie (1) betrekking het op besonderhede van 'n vuurwapen wat verkeerd aangedui word op 'n lisensie, permit of magtiging kan die Registrateur vereis dat 'n sertifikaat van 'n wapensmid ingedien moet word om die besonderhede op die vuurwapen te bevestig.
- (3) Die wapensmid moet 'n sertifikaat uitreik waarin die slotaksie, ontwerp, tipe, fabrikaat, model, kaliber en uitkenningnommer of bykomende uitkenningstekens op die vuurwapen aandui word.
- (4) Waar die besonderhede op 'n lisensie, permit of magtiging verkeerd is weens 'n regstelling kragtens subregulasie (1) sal dit beskou word asof die houër van sodanige lisensie, permit of magtiging aansoek gedoen het vir die heruitreik van die lisensie, permit of magtiging.
- (5) Die heruitreik van sodanige lisensie, permit of magtiging sal kosteloos gedoen word, maar net waar die aansoeker die korrekte besonderhede verskaf het in die oorspronklike aansoek.

## Vuurwapenvrysones

- 109.** (1) Die eienaar of wettige okkupeerder van 'n perseel of kategorie van persele kan 'n aansoekvorm wat behoorlik ingevul is indien soos dit voorgeskryf is in Aanhangsel "A", met enige vereiste ondersteunende dokumente om die genoemde perseel te laat verklaar as 'n vuurwapenvrysone.

- (2) Sodanige aansoek moet by die betrokke Aangewese Vuurwapenbeampte ingedien word en moet vergesel word van 'n volledige motivering wat die volgende inligting bevat:
- (a) Rede waarom die perseel of kategorie persele as vuurwapenvrysonne verklaar moet word;
  - (b) kapasiteit om die perseel of kategorie persele te onderhou as vuurwapenvrysonne; en
  - (c) wyse van kommunikasie waardeur dit aan die publiek oorgedra sal word.
- (3) Die volgende spesifieke voorwaardes geld in alle opsigte vir vuurwapenvrysonnes:
- (a) die perseel wat 'n vuurwapenvrysonne verklaar is moet duidelik gemerk en aangedui word;
  - (b) kennisgewings moet by al die hoofingange of op strategiese plekke op die perseel of kategorie persele aangebring word, minstens in Engels en waar van toepassing, die oorwegende plaaslike taal om aan te dui dat die perseel of kategorie persele 'n vuurwapenvrysonne is;
  - (c) die kennisgewings en tekens moet te alle tye duidelik sigbaar wees en nie verberg word nie;
  - (d) die instansie waar die perseel verklaar is as vuurwapenvrysonne moet poog om alle korrespondensie ooreenkomstig uit te stuur en aan te dui dat die perseel of kategorie persele vuurwapenvry status geniet;
  - (e) die betrokke persoon wat namens die instelling aansoek doen, moet die betrokke Aangewese Vuurwapenbeampte in kennis stel van enige veranderinge wat verband mag hou met enige inligting wat in die aansoek verskaf is.

### **Oortredings en boetes**

- 110.** (1) Enige persoon wat die regulasies oortree of versuim om te voldoen aan enige bepaling in die regulasies is skuldig aan 'n misdryf.
- (2) 'n Persoon wat -
- (a) homself of haarself, of enige ander persoon of regspersoon valslik voordoen as 'n persoon wat geakkrediteer is vir die doel van die Wet; of
  - (b) wetend vals, verkeerde of misleidende besonderhede, inligting of antwoorde verskaf in 'n aansoek, kennisgewing of vorm vereis ingevolge hierdie regulasies of vermoed dat dit nie korrek is nie, pleeg 'n misdryf en kan na skuldig bevinding 'n boete of tronkstraf van hoogstens 12 maande of albei opgelê word.

- (3) Enige persoon wat skuldig bevind word aan 'n oortreding of versuim om te voldoen aan enige bepaling vervat in die regulasies kan na skuldigbevinding gevonnissen word tot 'n boete of tronkstraf van hoogstens 12 maande, of albei.

### **Kwitansies**

**111.** 'n Kwitansie wat uitgereik word kragtens die Wet moet die volgende besonderhede bevat -

- (a) bladsye wat in volgorde genummer is volgens die kwitansievorm of -boek;
- (b) 'n amptelike beheer- of nasporingsnommer, wat spesifiek en uniek verband hou met elke aansoek;
- (c) volledige datum en tyd van ontvangs van die volledige en volle aansoek;
- (d) 'n beskrywing van die soort aansoek, met besonderhede van die vuurwapen waarop die aansoek betrekking mag hê;
- (e) besonderhede van en volle bedrag wat ontvang is kragtens die aansoek waar dit nie geadminestreer word deur enige ander soort kwitansie nie;
- (f) die volledige handtekening van die amptenaar wat ontvangs van die aansoek of gelde erken;
- (g) die diensnommer van die amptenaar wat ontvangs van die aansoek erken;
- (h) die volle handtekening van die persoon wat die aansoek indien;
- (i) die volledige naam en titel van die persoon wat aansoek doen; en
- (j) die amptelike stempel van die kantoor wat ontvangs van die aansoek erken.

### **Amptelike adres**

**112.** Die amptelike adresse vir kommunikasie oor die voorwaardes van die regulasies is:

- (1) Die Nasionale Kommissaris: Suid-Afrikaanse Polisie, Privaatsak X94 Pretoria 0001.
- (2) Die Voorsitter: Appèlraad, Privaatsak X811, Pretoria 0001.
- (3) Die Hoof: Sentrale Vuurwapenregister, Privaatsak X811, Pretoria 0001.

### **Herroep van regulasies**

- 113.** (1) Die regulasies wat gepromulgeer is in Regeringskenningsgewing R. 52 wat gepubliseer is in Staatskoerant 25153 van 30 Junie 2003 word hiermee herroep.
- (2) Onderhewig aan subregulasie (3) word enige iets wat gedoen is kragtens enige regulasie wat herroep is in subregulasie (1), beskou asof dit gedoen is kragtens die ooreenstemmende bepaling in hierdie regulasies.
- (3) 'n Akkreditasie wat toegestaan is kragtens 'n regulasie wat herroep word ingevolge subregulasie (1) bly geldig nadat hierdie regulasies geïmplementeer

word, met dien verstande wat 'n persoon, organisasie of vereniging, na gelang van die geval, wat geakkrediteer is kragtens die regulasies wat herroep is, binne ses maande nadat hierdie regulasies van krag word, voldoende bewys moet lewer aan die Registrateur dat daar voldoen word aan al die betrokke bepalings van hierdie regulasies en dat versuim om dit te doen sal beteken dat die Registrateur die bepalings van regulasie 2(11) kan implementeer om die akkreditasie wat toegestaan is aan die betrokke persoon, organisasie of vereniging te kanselleer.

- (4) Enige persoon wat 'n vuurwapenonderdeel besit soos beoog in artikel 94 van die Wet waarvan die besit nie onder artikel 94(2)(a) of (b) van die Wet val nie, moet binne 30 dae na implementering van hierdie regulasies skriftelik aansoek doen by 'n betrokke Aangewese Vuurwapenbeampte om 'n magtiging bedoel in artikel 94(2)(c) van die Wet om sodanige vuurwapenonderdele te besit.

### **Titel en aanvang**

- 114.** Die regulasies sal bekend wees as die Regulasies op die Beheer van Vuurwapens, 2004 en word van krag op die 1<sup>ste</sup> Julie 2004.